| AFLG674 | Teksstudie en tekslinguistiek | 24 |
| AFLG675 | Forensiese linguistiek | 24 |
| TTEG671 | Taal en tegnologie | 24 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **128** |

**L.2.3.3.4 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- 'n Student moet minstens VIER modules (van 24 krediete elk) neem afgesien van die verpligte module AFLL679 (Navorsingsmetodologie en skripsie) (32 krediete).
- 'n Student wat meer as vier modules van 24 krediete elk wil neem, moet aansoek doen daarvoor by die voorsitter van die vakgroep.

- Studente word toegelaat om een module onder die hoof *capita selecta* (KEUS) met ŉ krediettotaal van nie minder nie as 24 uit ŉ aanverwante vakgebied te neem en moet vir daardie spesifieke module registreer, bv. ENLG672 of ENLL673. Die module vir *capita selecta* kan geneem word uit een van die taalmodules op honneursvlak (Engels, Setswana, Duits of Frans) of uit taalverwante vakke op honneursvlak (soos Kommunikasiestudie, Kunsgeskiedenis, Filosofie).
- As ŉ meerderheid modules uit die letterkunde gekies word, word AFLW671 (Benaderingswyses en metodes van die literatuur) asook AFLL674 (Aspekte van die Nederlandse letterkunde) sterk aanbeveel.

## L.2.4 PROGRAM TAALSTUDIE

### L.2.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ‘n B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis met minstens een van die volgende vakke (of hulle ekwivalente voor 2010) op derdejaarsvlak (wat met ŉ gemiddeld van minstens 60% geslaag moes gewees het): Afrikaans en Nederlands (AFLL121, 211, 221, 311, 321), Duits (GERM 111, 121, 211, 221, 311, 321), Engels (ENLL111, 121, 211, 221, 311, 321), Frans (FREN 111, 121, 211, 221, 311, 321), Latyn (LATN111, 121, 211, 221, 311, 321), Setswana (ATSN111, 121, 211, 221, 311, 321 of SETM111, 121, 211, 221, 311, 321)
b) Van studente wat aan ŉ ander universiteit die eerste B.-graad verwerf het, kan verwag word om verpligte kursuseenhede te neem en/of ŉ toelatingstoets af te lê.
c) Studente wat nie die gestelde minimum van 60% op die derdejaarsvlak in ŉ toepaslike taalvak behaal het nie, kan by die direkteur van die Skool vir Tale aansoek doen met die oog op moontlike toelating tot die honneurskursus. Uitsonderings sal op meriete gehanteer word.

### L.2.4.2 Programuitkomste

Die program het ten doel om wetenskaplike insig en kennis in die taalkundes van besondere tale te ontwikkel en wel met die hulp van die onderstaande uitkomste. Die uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdie vlak en word verbesonder volgens die fokus van die program (taalkunde), die aard van die vak en die taal wat bestudeer word.

a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
d) Die student moet ŉ doeltreffende student wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
e) Die vermoë om ŉ eie denkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord.
f) Die vermoë om die linguistiese aard van verskeie tale te begryp en toe te pas.
g) Die vermoë om linguistiese teorieë te ken en te beheers.
h) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende linguistiese teorieë te kan omgaan.

i) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis ŉ eie oordeel te vorm en te formuleer.
j) Die vermoë om die waarde van kennis van taal te kan oordra in beroep-situasies.
k) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van Suid-Afrika en die wêreld in linguistiese verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

### L.2.4.3 Kurrikulum L601P: Taalstudie

#### L.2.4.3.1 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) met die goedkeuring van die direkteur van die navorsingseenheid toegelaat word tot die magistergraad in ŉ taalkundige studierigting in Afrikaans en Nederlands, Engels, Setswana of Algemene Taal- en Literatuurwetenskap. In die toekoms kan Duits en Frans ook hierby gevoeg word.

#### L.2.4.3.2 Ander reëls

a) Die verskillende modules waaruit ŉ student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in ŉ betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier ŉ rol speel.
b) ŉ Student wat wil inskryf vir die program in literêre studie, moet voor die aanvang van die honneursstudie aanmeld by die betrokke programleier en dan op die voorgeskrewe vorm en teen die voorgeskrewe spertyd aansoek doen om toelating.
c) Voordat ŉ student mag registreer vir enige honneursmodule van ŉ taal, moes hy/sy reeds al die vereiste voorgraadse modules van die betrokke taal geslaag het. In die praktyk beteken dit dat ŉ honneursmodule uit byvoorbeeld Engels nie geneem kan word as die student nie ook die voorgraadse modules in Engels gevolg en geslaag het nie.
d) Die samestelling van die student se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die programleier asook die direkteur van die Skool vir Tale.
e) ŉ Student wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad, moet daarop let dat vakgroepe vereistes kan stel vir die voortsetting van studie op hierdie vlak.

#### L.2.4.3.3 Samestelling van kurrikulum L601P: Taalstudie

Hierdie kurrikulum het ten doel om aan studente wat reeds vroeg in taalkunde wil spesialiseer, die geleentheid te bied om dit wel te doen. Idealergewys sal die samestelling van ŉ kurrikulum in hierdie kursus die student die geleentheid bied om reeds op honneursvlak in te skakel by die besondere taalkunde-navorsingsrigtings van die *Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks.*

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| **Afrikaans en Nederlands** | | |
| AFLL679 | Navorsingsmetodologie en skripsie | 32 |
| AFLG671 | Afrikaanse teksredaksie | 24 |
| AFLG672 | Afrikaanse taalkunde: temas en tendense | 24 |
| AFLG673 | Taal en samelewing | 24 |
| AFLG674 | Teksstudie en tekslinguistiek | 24 |
| AFLG675 | Forensiese linguistiek | 24 |
| TTEG671 | Taal en tegnologie | 24 |
| **Akademiese Geletterheid** | | |
| AGLA671 | Akademiese Geletterdheid | 24 |
| **Duits *** | | |
| DTS752 (UP) | Inleiding tot die Duitse Taalkunde | 24 |
| DTS753 (UP) | Metodologie en didaktiek van die onderrig van Duits as ’n vreemdetaal | 24 |
| GERM679 | Navorsingsmetodologie en skripsie: Navorsingsaanbieding oor ’n gekose onderwerp in die veld van Duits | 32 |
| **English** | | |
| ENLG671 | Research methodology and mini-dissertation: language | 32 |
| ENLG672 | Linguistic theory | 24 |
| ENLG674 | Linguistic analysis and corpus linguistics | 24 |
| ENLG675 | English sociolinguistics | 24 |
| ENLG679 | Applied language studies | 24 |
| ENLG682 | Topics in English linguistics | 24 |
| **Frans**** | | |
| FREN673 (UP) | Beginsels en praktyk van professionele vertaling | 24 |
| FREN675 (UP) | Semantiek en tolking | 24 |
| FREN672 | Metodologie en didaktiek van die onderrig van Frans as vreemde taal | 24 |
| FREN676 (UP) | Inleiding tot die Franse linguistiek | 24 |
| FREN679 | Navorsingsmetodologie (8) en skripsie (24): Navorsingsaanbieding oor ’n gekose onderwerp in die veld van Frans | 32 |
| **Latyn** | | |
| LATN672 | Latyn: Vertaling op sig en vertaalkunde | 24 |
| LATN677 | Latyn: Regslatyn | 24 |
| **Setswana** | | |
| TSNG671 | Setswana-taalkunde: navorsingsmetodologie en skripsie | 32 |
| TSNG672 | Setswana: taalteorie | 24 |
| TSNG673 | Setswana: morfologie en fonologie | 24 |
| TSNG674 | Setswana: sintaksis | 24 |
| TSNG675 | Setswana: semantiek | 24 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **128** |

**<u>* Die modules in Duits word aangebied in samewerking met die Dept. Moderne Tale (Afdeling Duits) van die Universiteit van Pretoria. Die modules waarby gevoeg word UP, word deur UP-personeel aangebied.</u>**

**<u>** Die modules in Frans word aangebied in samewerking met die Dept. Moderne Tale (Afdeling Frans) van die Universiteit van Pretoria. Die modules waarby gevoeg word UP, word deur UP-personeel aangebied.</u>**

**L.2.4.3.4 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- Die student kan volgens voorkeur ŉ kurrikulum saamstel uit die beskikbare taalkundehonneursopsies wat jaarliks in die betrokke deelnemende vakgroepe, nl. Afrikaans en Nederlands, Engels, Latyn en Setswana aangebied word. Die betrokke opsies word hier bo in die tabel gelys.
- Voordat ‘n student mag registreer vir enige honneursmodule van ‘n taal, moes hy/sy reeds al die vereiste voorgraadse modules van die betrokke taal geslaag het. In die praktyk beteken dit dat ‘n honneursmodule uit byvoorbeeld Frans nie geneem kan word as die student nie ook die voorgraadse modules in Frans gevolg en geslaag het nie.
- ŉ Student kies (ŉ minimum van) vyf modules uit die beskikbare taalkunde-honneursopsies in die betrokke vakgroepe: een van 32 krediete uit die beskikbare modules (AFLL679, ENLG671, FREN679, GERM679, TSNG671) en vier van 24 krediete elk uit die beskikbare ander modules.
- Studente kan slegs een van die volgende modules in navorsings-metodologie kies: AFLL679, ENLG671, FREN679, GERM679 of TSNG671.
- ŉ Student wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad in ŉ taalspesifieke rigting, moet daarop let dat vakgroepe besondere vereistes kan stel vir die voortsetting van studie op hierdie vlak.
- ŉ Student wat meer as vier modules van 24 krediete elk wil neem, moet aansoek doen daarvoor by die programleier asook die voorsitter van die betrokke vakgroep.

## L.2.5 PROGRAM LITERÊRE STUDIE

### L.2.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) n B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis met minstens een van die volgende vakke (of hulle ekwivalente voor 2010) op derdejaarsvlak (wat met ŉ gemiddeld van minstens 60% geslaag moes gewees het): Afrikaans en Nederlands (AFLL121, 211, 221, 311, 321), Duits (GERM 111, 121, 211, 221, 311, 321), Engels (ENLL111, 121, 211, 221, 311, 321), Frans (FREN 111, 121, 211, 221, 311, 321), Latyn (LATN111, 121, 211, 221, 311, 321), Setswana (ATSN111, 121, 211, 221, 311, 321 of SETM111, 121, 211, 221, 311, 321)

b) Van studente wat aan ŉ ander universiteit die eerste B.-graad verwerf het, kan verwag word om verpligte kursuseenhede te neem en/of ŉ toelatings-toets af te lê.

c) Studente wat nie die gestelde minimum van 60% op die derdejaarsvlak in ŉ toepaslike taalvak behaal het nie, kan by die direkteur van die Skool vir Tale aansoek doen met die oog op moontlike toelating tot die honneurs-kursus. Uitsonderings sal op meriete gehanteer word.

### L.2.5.2 Programuitkomste

Die program het ten doel om wetenskaplike insig en kennis in die letterkundes van besondere tale te ontwikkel en wel met die hulp van die onderstaande uitkomste. Die uitkomste is generies vir taalkurrikulums op hierdie vlak en word verbesonder volgens die fokus van die program (letterkunde), die aard van die vak en die taal wat bestudeer word.

a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
d) Die student moet ŉ doeltreffende student wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
e) Die vermoë om ŉ eie denkraamwerk te kan verwoord en te verantwoord.
f) Die vermoë om die literêre aard van verskeie tale te begryp en toe te pas.
g) Die vermoë om literêre teorieë te ken en te beheers.
h) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende literêre teorieë te kan omgaan.
i) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis ŉ eie literêre oordeel te vorm en te formuleer.
j) Die vermoë om die waarde van kennis van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.
k) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van Suid-Afrika en die wêreld in die literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

### L.2.5.3 Kurrikulum L602P: Literêre Studie

#### L.2.5.3.1 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) met die goedkeuring van die direkteur van die navorsingseenheid toegelaat word tot die magistergraad in ŉ literêre studierigting in Afrikaans en Nederlands, Engels, Setswana of Algemene Taal- en Literatuurwetenskap. In die toekoms kan Duits en Frans ook hierby gevoeg word.

#### L.2.5.3.2 Ander reëls

a) Die verskillende modules waaruit ŉ student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in ŉ betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier ŉ rol speel.
b) ŉ Student wat wil inskryf vir die program in literêre studie, moet voor die aanvang van die honneursstudie aanmeld by die betrokke programleier en dan op die voorgeskrewe vorm en teen die voorgeskrewe spertyd aansoek doen om toelating.
c) Voordat ŉ student mag registreer vir enige honneursmodule van ŉ taal, moes hy/sy reeds al die vereiste voorgraadse modules van die betrokke taal geslaag het. In die praktyk beteken dit dat ŉ honneursmodule uit byvoorbeeld Engels nie geneem kan word as die student nie ook die voorgraadse modules in Engels gevolg en geslaag het nie.

d) Die samestelling van die student se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die programleier asook die direkteur van die Skool vir Tale.

e) ŉ Student wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad, moet daarop let dat vakgroepe vereistes kan stel vir die voortsetting van studie op hierdie vlak.

**L.2.5.3.3 Samestelling van kurrikulum L602P: Literêre Studie**

Hierdie kurrikulum het ten doel om aan studente wat reeds vroeg in letterkunde wil spesialiseer, die geleentheid te bied om dit wel te doen. Idealergewys sal die samestelling van ŉ kurrikulum in hierdie kursus die student die geleentheid bied om reeds op honneursvlak in te skakel by die besondere letterkunde-navorsingsrigtings van die *Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks.*

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| **Afrikaans en Nederlands** | | |
| AFLL671 | Afrikaanse poësie: Poësie en interteks | 24 |
| AFLL672 | Afrikaanse verhalende tekste | 24 |
| AFLL673 | Van dramateks tot opvoering: ŉ studie van die drama- en teaterwetenskap | 24 |
| AFLL674 | Temas uit die Nederlandse letterkunde | 24 |
| AFLL675 | Afrikaanse en Nederlandse kinder- en jeugliteratuur | 24 |
| AFLL676 | Afrikaanse skryfkuns | 24 |
| AFLL679 | Navorsingsmetodologie en skripsie | 32 |
| AFLW671 | Benaderingswyses van die literatuur | 24 |
| AFLW672 | Narratologie: Roman en film | 24 |
| **Akademiese Geletterheid** | | |
| AGLA671 | Akademiese Geletterdheid | 24 |
| **Duits *** | | |
| GERM671 | Duitse Letterkunde (1): Inleiding tot Duitse literêre studie en die geskiedenis van die Duitse letterkunde | 24 |
| DTS 756 (UP) | Duitse Letterkunde (2): Duitse letterkunde van die 18de en 19de eeu | 24 |
| GERM672 | Duitse Letterkunde (3): Duitse letterkunde van die 20ste en 21ste eeu | 24 |
| GERM673 | Duitse Letterkunde (4): Geslag en mag in die Duitse letterkunde | 24 |
| GERM679 | Navorsingsmetodologie en skripsie: Navorsingsaanbieding oor ŉ gekose onderwerp in die veld van Duits | 32 |
| **English** | | |
| ENLL671 | Research methodology and mini-dissertation: literature | 32 |
| ENLL675 | Twentieth-Century fiction | 24 |
| ENLL676 | Postcolonial world literatures | 24 |
| ENLL677 | 16th and 17th century literary studies | 24 |
| ENLL678 | Fundamentals of modernism in poetry: variety, limits and values | 24 |

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ENLL679 | Poetics and literary theory | 24 |
| ENLL688 | Topics in English literature | 24 |
| ENLL689 | Life writing in the 20th and 21st centuries | 24 |
| ENLL690 | Six Romantics: Writing and revolutions | 24 |
| **Akademiese Geletterd-heid** | | |
| AGLA671 | Akademiese Geletterdheid | 24 |
| **Frans** | | |
| FREN671 | Franse Letterkunde (1): Franse en Frankofoon-werke in konteks | 24 |
| FREN674 | Franse Letterkunde (2): Studie van 'n gegewe tydperk of genre in die Franse letterkunde | 24 |
| FREN679 | Navorsingsmetodologie (8) en skripsie (24): Navorsingsaanbieding oor 'n gekose onderwerp in die veld van Frans | 32 |
| **Latyn** | | |
| LATN673 | Latyn: Klassieke prosa | 24 |
| LATN674 | Latyn: Christelike prosa | 24 |
| LATN675 | Latyn: Klassieke poësie | 24 |
| LATN676 | Latyn: Klassieke poësie | 24 |
| **Setswana** | | |
| TSNL671 | Setswana-letterkunde: navorsingsmetodologie en skripsie | 32 |
| TSNL672 | Setswana: Literêre teorie | 24 |
| TSNL673 | Setswana: Prosa | 24 |
| TSNL674 | Setswana: Poësie | 24 |
| TSNL675 | Setswana: Drama | 24 |
| TSNL676 | Setswana: Kinderliteratuur | 24 |
| **Kredniettotaal van die kurrikulum** | | **128** |

*** Die modules in Duits word aangebied in samewerking met die Dept. Moderne Tale (Afdeling Duits) van die Universiteit van Pretoria. Die modules waarby gevoeg word UP, word deur UP-personeel aangebied.**

**L.2.5.3.4 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- Die student kan volgens voorkeur 'n kurrikulum saamstel uit die beskikbare letterkundehonneursopsies wat jaarliks in die betrokke deelnemende vakgroepe, nl. Afrikaans en Nederlands, Engels, Latyn en Setswana aangebied word.
- Voordat 'n student mag registreer vir enige honneursmodule van 'n taal, moes hy/sy reeds al die vereiste voorgraadse modules van die betrokke taal geslaag het. In die praktyk beteken dit dat 'n honneursmodule uit byvoorbeeld Frans nie geneem kan word as die student nie ook die voorgraadse modules in Frans gevolg en geslaag het nie.
- 'n Student kies ('n minimum van) vyf modules uit die beskikbare letterkunde-honneursopsies in die betrokke vakgroepe: een van 32 krediete uit die beskikbare modules (AFLL679, ENLL671, FREN679, GERM679 TSNL671) en vier van 24 krediete elk uit die beskikbare ander modules.
- Studente kan slegs een van die volgende modules in navorsings-metodologie kies: AFLL679, ENLL671, FREN679, GERM679 of TSNL671.

- Studente wat Afrikaanse Skryfkuns (AFLL676) wil neem, is in alle gevalle onderhewig aan keuring op grond van die voorlegging van ŉ oorspronklike skryfstuk. Nader vroegtydig die voorsitter van die vakgroep Skryfkuns in hierdie verband.
- Studente wat hierdie program volg, word sterk aangeraai om AFLW671 (Benaderingswyses en metodes van die literatuur) of ENLL679 (Poetics and Literary Theory) by hulle kursus in te sluit.
- ŉ Student wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad in ŉ taalspesifieke rigting, moet daarop let dat vakgroepe besondere vereistes kan stel vir die voortsetting van studie op hierdie vlak.
- ŉ Student wat meer as vier modules van 24 krediete elk wil neem, moet aansoek doen daarvoor by die programleier asook die voorsitter van die betrokke vakgroep.

## L.2.6 PROGRAMME: ENGLISH

### L.2.6.1 Specific admission requirements for the programme

In addition to General Rule A.3.2 of the University the following faculty rules are also applicable:

a) Registration for Honours studies must take place not later than 31 January.
b) The prerequisite for admission to English Honours is a bachelor’s degree or the equivalent of such a degree in which the following modules or their equivalents were successfully completed: ENGL111, 121, 211, 221, 311, 321 (before 2010) or ENLL111, 121, 211, 221, 311, 321 (since 2010).
c) In order to enrol for an Honours course in English, a student must have obtained a minimum final mark of 60% for the third level courses in English (i.e. ENGL311 and ENGL321 before 2010 and ENLL211 and ENLL321 since 2010). Students who did not obtain this required minimum, may apply to sit an admission exam.
d) Students who require admission to the Honours curriculum in English must arrange for an interview with the Chairperson of the Subject Group, who may decide upon an additional evaluation, in which case admission will be dependent on the successful outcome of the evaluation.

### L.2.6.2 Programme outcomes

The composition of a student’s curriculum depends on whether the student chooses a (i) *literary*, (ii) *linguistic* or (iii) *combined* approach.

*In the case of (i), the general curriculum outcomes are to enable students to develop scholarly knowledge of and insight into English literature by developing:*

a) a knowledge of English literature and literature in English which would include a substantial number of authors and texts from different periods and geographic locales;
b) a knowledge and understanding of the specific nature and characteristics of texts in the major literary genres (fiction, poetry and drama), as well as other kinds of complementary writing;
c) an awareness of the role of critical traditions in shaping literary history;
d) an awareness of how literature and language produce and reflect cultural change and difference;
e) a knowledge of useful and precise critical and theoretical terminology;
f) an awareness of the range and variety of approaches to literary study and concomitant scholarly methodologies.

*In the case of (ii), the general curriculum outcomes are to enable students to develop scholarly knowledge of and insight into English linguistics by developing:*

a) general understanding of the linguistic conventions and constructions of the English language;
b) the ability to analyse English language data from a variety of perspectives, at different levels of linguistic organisation and at increased levels of abstraction;
c) the ability to solve real-world language problems, by applying linguistic knowledge and integrating knowledge of language with relevant neighbouring ancillary disciplines;
d) a critical understanding of the theoretical frameworks, underlying assumptions, and methods of analysis appropriate to the study of language;
e) a critical understanding of the role of English in society, in particular its relation to other language and the empowerment of people.

*In the case of (iii), the general curriculum purpose would be to enable students to develop scholarly knowledge of and insight into English literature and linguistics by developing a combination of relevant aspects from (i) and (ii) as determined by die specific compilation of the student's course.*

**L.2.6.3 Curriculum L606P: English**

**L.2.6.3.1 Articulation**

On successful completion of the programme, and subject to the specific requirements stipulated by the A-rules, students may be admitted to the Magister degree in English or in Applied Language Studies or in Linguistics and Literary Theory.

**L.2.6.3.2 Other rules**

a) The various modules from which a student may choose are restricted to the specific modules that the School of Languages and the Subject Group English can offer in the current circumstances of a given year. Aspects such as sabbatical leave, availability of academic staff, minimum number of learners required for a course, and so forth, may restrict the offer in a given year.
b) A student should apply for admission to the Honours course by submitting the required form to the chairperson of the Subject Group English.
c) The compilation of a student's curriculum is dependent on the final approval of the Chairperson of the Subject Group English as well as the Director of the School of Languages.

**L.2.6.3.3 Compilation of curriculum L606P: English**

| Module code | Descriptive name | Credits |
|---|---|---|
| ENLG671 | Research methodology and mini-dissertation: linguistics | 32 |
| ENLG672 | Linguistic theory | 24 |
| ENLG674 | Linguistic analysis and corpus linguistics | 24 |
| ENLG675 | English sociolinguistics | 24 |
| ENLG679 | Applied language studies | 24 |
| ENLG682 | Topics in English linguistics | 24 |
| ENLL671 | Research methodology and mini-dissertation: literature | 32 |
| ENLL675 | Twentieth-Century fiction | 24 |

| Module code | Descriptive name | Credits |
|---|---|---|
| ENLL676 | Postcolonial world literatures | 24 |
| ENLL677 | 16th and 17th century literary studies | 24 |
| ENLL678 | Fundamentals of modernism in poetry: variety, limits and values | 24 |
| ENLL679 | Poetics and literary theory | 24 |
| ENLL688 | Topics in English literature | 24 |
| ENLL689 | Life writing in the 20th and 21st centuries | 24 |
| ENLL690 | Six Romantics: Writing and revolutions | 24 |
| KEUS | Capita selecta | 24 |
| AFLG671 | Academic Literacy | 24 |
| **Total credits** | | **128** |

**L.2.6.3.4 Rules for the compilation of the curriculum:**

- A student has to pass FIVE modules: one of 32 credits (ENLG671 or ENLL671) and four of 24 credits each depending on the focus of his/her curriculum: literature or linguistics.
- Students have to enrol for one of the mini-dissertations (ENLG671 or ENLL671) as well as one theory paper (ENLG672 or ENLL679) depending on the focus of his/her curriculum: literature or linguistics.
- A student has to sit a formal examination in FOUR of the units. The examination in the fifth unit is replaced by the compulsory research essay (ENLG671 or ENLL671).
- Students may enroll for one elective/electives (KEUS) with a credit total of not less than 24 under a specific code from the honours curricula of Afrikaans and Dutch, Setswana, Latin, Literary studies (French and German), Communication Studies, History of Art or Philosophy on the Potchefstroom Campus or from Language Practice on the Vaal Triangle Campus (see the VTC yearbook in this regard - please note that LPRA671 is a co-requisite for any of the LPRA modules in that curriculum). Students must register for that specific module, e.g. AFLL673 or FREN671. This option should be chosen in consultation with the Chairperson of the Subject Group English.
- Not all the modules may be offered each year. A prospective student should check with the Chairperson of the Subject Group which modules will be offered in a given year.
- Please note that some modules may have prerequisites, e.g. ENLG672, ENLG674 (must have passed ENLL321). ENLG674 should be taken in combination with ENLG672 and ENLG675, and ENLG680 in combination with ENLG679.

## L.2.7 PROGRAM FRANS

Hierdie program word aangebied in samewerking met en volgens ’n ooreenkoms tussen die Departement Moderne Europese Tale van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van Pretoria en die Skool vir Tale (Vakgroep Frans) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. In terme van hierdie ooreenkoms word die program soos volg saamgestel:

a) In alle gevalle moet ’n student ’n minimum van vyf modules vir die program neem en dit slaag alvorens die graad toegeken kan word aan die onderskeie universiteite.

b) Twee modules word gekies uit die beskikbare honneursmodules aangebied deur dosente van die Departement Frans van die Universiteit van Pretoria.
c) Twee modules word gekies uit die beskikbare honneursmodules aangebied deur dosente van die Vakgroep Frans in die Skool vir Tale van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
d) ’n Vyfde module (navorsingsmetodologie en ’n skripsie) word geneem op die kampus waar die student primêr geregistreer is, hetsy Universiteit van Pretoria of die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
e) Die modules op die onderskeie kampusse word aangebied op die volgende wyses: kontaksessies op die kampus waar die student geregistreer is, met die hulp van onderrigtegnologie (Skype, videosessies, leerportale) om die modules op die ander kampus te kan volg. Dit kan wel ook van studente verwag word om by geleentheid wel van die kontaksessies op die ander kampus by te woon.

L.2.7.1 **Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

**Bykomend tot Algemene Reël A.6.1 van die Universiteit (NWU) geld die volgende:**

a) ’n B-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis waarin die volgende modules of die ekwivalente daarvan geslaag is: FREN311, FREN321 op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit en ‘n minimum van 60 krediete in Frans op derdejaarsvlak aan die Universiteit van Pretoria. Die finalejaarmodules in Frans moet met ’n gemiddeld van 60% geslaag wees.
b) Studente wat nie die gestelde minimum van 65% op die derdejaarsvlak in die toepaslike modules behaal het nie, kan by die voorsitter van die Vakgroep Frans en die direkteur van die Skool vir Tale van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) aansoek doen met die oog op moontlike toelating tot die honneurskursus. Uitsonderings sal op meriete gehanteer word. In so ’n geval word die finale besluit oor toelating tot die module deur die interuniversitêre programkomitee geneem.

**Programuitkomste**

Die program (en kurrikulum) het ten doel om wetenskaplike insig en kennis in die Franse taal- en letterkunde te ontwikkel. Dit behels die volgende:

a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
d) Die student moet ’n doeltreffende student wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.
e) Die vermoë om geselekteerde werke, outeurs of verskynsels uit die Franse letterkunde te kan beskryf, literêr-histories te kan plaas en te kan ontleed.
f) Die vermoë om die linguistiese aard van Frans te ken en te beheers.
g) Die vermoë om verskeie literêre en linguistiese teorieë te ken en te beheers.
h) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
i) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis ’n eie literêre en linguistiese oordeel te vorm en te formuleer.
j) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.

k) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van SA en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

L.2.7.2 **Kurrikulum L601P: Frans**

L.2.7.2.1 Artikulasie

Ná die suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met 'n gemiddelde punt van 65% verwerf het) met die goedkeuring van die direkteur van die navorsingseenheid van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) toegelaat word tot die magistergraad in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). As alternatief kan 'n magistergraad in Frans aan die Universiteit van Pretoria aangepak word indien die student aan die nodige voorvereistes voldoen.

Let Wel: 'n Proses is tans aan die gang om ook so gou moontlik wel 'n magistergraad in Frans in die programaanbod aan die NWU aan te bied. Tot tyd en wyl hierdie proses afgehandel is, word 'n magistergraad NIE aan die NWU aangebied nie.

**L.2.7.2.2 Ander reëls**

a) Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus): Die verskillende modules waaruit 'n student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroep Frans volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.
b) Die interuniversitêre programkomitee bepaal watter modules jaarliks aangebied sal word met inagneming van (a) hier bo.
c) 'n Student wat wil inskryf vir hierdie program, moet voor die aanvang van die honneursstudie aanmeld by die betrokke vakvoorsitter op die kampus waar hy/sy geregistreer is as student en dan op die voorgeskrewe vorm en teen die voorgeskrewe spertyd aansoek doen om toelating tot die program.
d) Die samestelling van die student se honneurskurrikulum in Frans op die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die interuniversitêre programkomitee asook die direkteur van die Skool vir Tale op die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
e) 'n Student wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad, moet hom/haar vroegtydig vergewis van die bepalings en regulasies wat studie op magistervlak aan beide die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en die Universiteit van Pretoria bepaal.

**L.2.7.2.3 Samestelling van kurrikulum L601P: FRANS**

Hierdie kurrikulum bied studente die geleentheid om op die eerste nagraadse vlak hulle belangstelling in en kennis van Frans uit te brei sodat verdere nagraadse studie aangepak kan word. Idealergewys sal die samestelling van 'n kurrikulum in hierdie program die student die geleentheid gee om reeds op honneursvlak op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit in te skakel by die besondere navorsingsrigtings van die *Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks* van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

**Let wel: Die primêre kampus vir die betrokke module word in vetdruk aangedui.**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| **Frans** | | |
| **<u>Kernmodules</u>**: | | |
| FREN673 (NWU)<br>FRN762 (**<u>UP</u>**) | Beginsels en praktyk van professionele vertaling | 24 |
| FREN671 (**<u>NWU</u>**)<br>FRN756 (**<u>UP</u>**) | Franse Letterkunde (1): Franse en Frankofoon-werke in konteks | 24 |
| FREN679 (**<u>NWU</u>**)<br>FRN759 (UP) | Navorsingsmetodologie (8) en skripsie (24): Navorsingsaanbieding oor ’n gekose onderwerp in die veld van Frans | 32 |
| **<u>Keusemodules</u>**: | **Kies <u>twee</u> van die volgende modules**: | |
| FREN674 (**<u>NWU</u>**)<br>FRN763 (**<u>UP</u>**) | Franse Letterkunde (2): Studie van ’n gegewe tydperk of genre in die Franse letterkunde | 24 |
| FREN675 (NWU)<br>FRN752 (**<u>UP</u>**) | Semantiek en tolking | 24 |
| FREN672 (**<u>NWU</u>**)<br>FRN764 (UP) | Metodologie en didaktiek van die onderrig van Frans as vreemde taal | 24 |
| FREN676 (NWU)<br>FRN757 (**<u>UP</u>**) | Inleiding tot die Franse linguistiek | 24 |
| **Kredietttotaal van die kurrikulum** | | 128 |

**Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- Die kernmodules is in alle gevalle verpligtend ongeag of die student aan die NWU of aan UP geregistreer is. ’n Verdere twee modules moet uit die lys van keusemodules geneem word.
- As ’n student aan die NWU geregistreer is, moet die meerderheid modules aan die NWU geneem word (minstens drie) en indien ’n student aan die UP geregistreer is, moet die meerderheid modules aan UP geneem word (minstens drie).
- ’n Vyfde module (navorsingsmetodologie en ’n skripsie) word geneem op die kampus waar die student primêr geregistreer is, hetsy Universiteit van Pretoria of die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
- ’n Student moet minstens VIER modules (van 24 krediete elk) neem afgesien van die verpligte module FREN679 (Navorsingsmetodologie en skripsie) (32 krediete).
- ’n Student wat meer as vier modules van 24 krediete elk wil neem, moet aansoek doen daarvoor by die voorsitter van die vakgroep Frans.
- Studente word <u>in bepaalde omstandighede</u> toegelaat om, <u>ná konsultasie met die voorsitter van die vakgroep Frans</u>, een elektief met ’n kredietttotaal van nie minder nie as 24 uit ’n aanverwante vakgebied te neem. <u>Hierdie module(s) moet formeel geregistreer word in die student se kurrikulum, bv. AFLL673 of GERM671</u>.
- Dit is moontlik dat alle modules nie elke jaar aangebied word nie. Voornemende studente moet vooraf navraag doen oor watter modules wel aangebied sal word in ’n gegewe jaar.

## L.2.8 PROGRAM DUITS

Hierdie program word aangebied in samewerking met en volgens ’n ooreenkoms tussen die Departement Moderne Europese Tale van die Fakulteit Geesteswetenskappe aan die Universiteit van Pretoria en die Skool vir Tale (Vakgroep Duits) in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit. In terme van hierdie ooreenkoms word die program soos volg saamgestel:

a) In alle gevalle moet ’n student ’n minimum van vyf modules vir die program neem en dit slaag alvorens die graad toegeken kan word aan die onderskeie universiteite.
b) Twee modules word gekies uit die beskikbare honneursmodules aangebied deur dosente van die Departement Duits van die Universiteit van Pretoria.
c) Twee modules word gekies uit die beskikbare honneursmodules aangebied deur dosente van die Vakgroep Duits in die Skool vir Tale van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
d) ’n Vyfde module (navorsingsmetodologie en ’n skripsie) word geneem op die kampus waar die student primêr geregistreer is, hetsy Universiteit van Pretoria of die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
e) Die modules op die onderskeie kampusse word aangebied op die volgende wyses: kontaksessies op die kampus waar die student geregistreer is, met die hulp van onderrigtegnologie (Skype, videosessies, leerportale ens.) om die modules op die ander kampus te kan volg. Dit kan wel ook van studente verwag word om by geleentheid wel van die kontaksessies op die ander kampus by te woon.

L.2.8.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

**Bykomend tot Algemene Reël A.6.1 van die Universiteit (NWU) geld die volgende:**

a) ’n B-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis waarin die volgende modules of die ekwivalente daarvan geslaag is: GERM311, 321 en ’n Goethe-Zertifikat B2 op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit en DTS361, 362, 363, 364 aan die Universiteit van Pretoria. Die finalejaarmodules moet met ’n gemiddeld van 65% geslaag wees.
b) Studente wat nie die gestelde minimum van 65% op die derdejaarsvlak in die toepaslike modules behaal het nie, kan by die voorsitter van die Vakgroep Duits en die direkteur van die Skool vir Tale van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) aansoek doen met die oog op moontlike toelating tot die honneurskursus. Uitsonderings sal op meriete gehanteer word. In so ’n geval word die finale besluit oor toelating tot die module deur die interuniversitêre programkomitee geneem.

**Programuitkomste**

Die program (en kurrikulum) het ten doel om wetenskaplike insig en kennis in die Duitse taal- en letterkunde te ontwikkel. Dit behels die volgende:

a) Die inwin van wetenskaplike feitekennisen insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.
b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.
c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.
d) Die student moet ’n doeltreffende student wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef.

e) Die vermoë om geselekteerde werke, outeurs of verskynsels uit die Duitse letterkunde te kan beskryf, literêr-histories te kan plaas en te kan ontleed.
f) Die vermoë om die linguistiese aard van Duits te ken en te beheers.
g) Die vermoë om verskeie literêre en linguistiese teorieë te ken en te beheers.
h) Die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan.
i) Die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis ’n eie literêre en linguistiese oordeel te vorm en te formuleer.
j) Die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies.
k) Die vermoë om die kulturele verskeidenheid van Suid-Afrika en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

**L.2.8.2 Kurrikulum L601P: Duits**

**L.2.8.2.1 Artikulasie**

Ná die suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ’n gemiddelde punt van 65% verwerf het) met die goedkeuring van die direkteur van die navorsingseenheid van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) toegelaat word tot die magistergraad in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus). As alternatief kan ’n magistergraad in Duits aan die Universiteit van Pretoria aangepak word indien die student aan die nodige voorvereistes voldoen.

**Let Wel**: ’n Proses is tans aan die gang om ’n magistergraad in Duits in die programaanbod aan die NWU in te sluit. Tot tyd en wyl hierdie proses afgehandel is, word ’n magistergraad NIE aan die NWU aangebied nie.

**L.2.8.2.2 Ander reëls**

a) Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus): Die verskillende modules waaruit ’n student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroep Duits volgens sy bepaalde omstandighede in ’n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier ’n rol speel.
b) Die interuniversitêre programkomitee bepaal watter modules jaarliks aangebied sal word met inagneming van (a) hier bo.
c) ’n Student wat wil inskryf vir hierdie program, moet voor die aanvang van die honneursstudie aanmeld by die betrokke vakvoorsitter op die kampus waar hy/sy geregistreer is as student en dan op die voorgeskrewe vorm en teen die voorgeskrewe spertyd aansoek doen om toelating tot die program.
d) Die samestelling van die student se honneurskurrikulum in Duits op die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die interuniversitêre programkomitee asook die direkteur van die Skool vir Tale op die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).
e) ’n Student wat oorweeg om voort te gaan met studie vir die M.A.-graad, moet hom/haar vroegtydig vergewis van die bepalings en regulasies wat studie op magistervlak aan beide die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en die Universiteit van Pretoria bepaal.

### L.2.8.2.3 Samestelling van kurrikulum L601P: DUITS

Hierdie kurrikulum bied studente die geleentheid om op die eerste nagraadse vlak hulle belangstelling in en kennis van Duits uit te brei sodat verdere nagraadse studie aangepak kan word. Idealergewys sal die samestelling van ’n kurrikulum in hierdie program die student die geleentheid gee om reeds op honneursvlak op die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit in te skakel by die besondere navorsingsrigtings van die *Navorsingseenheid Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks* van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

**Let wel: Die primêre kampus vir die betrokke module word in vetdruk aangedui.**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| **Duits** | | |
| **Kernmodules**: | | |
| GERM674**(NWU)**<br>DTS752 (**UP**) | Inleiding tot die Duitse Taalkunde | 24 |
| GERM671 (**NWU**)<br>DTS755 (**UP**) | Duitse Letterkunde (1): Inleiding tot Duitse literêre studie en die geskiedenis van die Duitse letterkunde | 24 |
| GERM679 (**NWU**)<br>DTS754 (**UP**) | Navorsingsmetodologie en skripsie: Navorsingsaanbieding oor ’n gekose onderwerp in die veld van Duits | 32 |
| **Keusemodules**: | **Kies twee van die volgende modules**: | |
| GERM675 **(NWU)**<br>DTS 756 (**UP**) | Duitse Letterkunde (2): Duitse letterkunde van die 18de en 19de eeu | 24 |
| GERM672 (**NWU**)<br>DTS 757 (**UP**) | Duitse Letterkunde (3): Duitse letterkunde van die 20ste en 21ste eeu | 24 |
| GERM673 (**NWU**)<br>DTS758 (**UP**) | Duitse Letterkunde (4): Geslag en mag in die Duitse letterkunde | 24 |
| GERM676 **(NWU)**<br>DTS753 (**UP**) | Metodologie en didaktiek van die onderrig van Duits as ’n vreemdetaal | 24 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | 128 |

**Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:**

- Die kernmodules is in alle gevalle verpligtend ongeag of die student aan die NWU of aan die UP geregistreer is. ’n Verdere twee modules moet uit die lys van keusemodules geneem word.
- As ’n student aan die NWU geregistreer is, moet die meerderheid modules aan die NWU geneem word (minstens drie) en indien ’n student aan die UP geregistreer is, moet die meerderheid modules aan die UP geneem word (minstens drie).
- ’n Student moet minstens VIER modules (van 24 krediete elk) neem afgesien van die verpligte module GERM679 (Navorsingsmetodologie en skripsie) (32 krediete).
- ’n Student wat meer as vier modules van 24 krediete elk wil neem, moet aansoek doen daarvoor by die voorsitter van die Vakgroep Duits.
- Studente word toegelaat om, na afspraak met die programkoördineerder, een module onder die hoof *capita selecta* (KEUS) met ’n krediettotaal van

nie minder nie as 24 uit ’n aanverwante vakgebied te neem en moet vir daardie spesifieke module registreer.

- Dit is moontlik dat alle modules nie elke jaar aangebied word nie. Voornemende studente moet vooraf navraag doen oor watter modules wel aangebied sal word in ’n gegewe jaar.

## L.2.9 PROGRAM: AFRIKAANSE SKRYFKUNS

### L.2.9.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 geld die volgende:

a) ’n B-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis waarvoor die volgende modules of die ekwivalente daarvan met ’n gemiddeld van minstens 60% geslaag is: SKRK111, 121, 211, 221, 311, 321.

b) Van die volgende kategorieë studente kan verwag word om verpligte kursuseenhede te neem en/of ’n toelatingstoets af te lê: (i) studente wat aan ’n ander universiteit die eerste B.-graad verwerf het; en (ii) studente wat Skryfkuns as hoofvak geneem het, maar nie ’n gemiddelde punt van 60% op vlak 3 behaal het nie.

### L.2.9.2 Programuitkomste

Die primêre oogmerk met die kwalifikasie is om die aard en omvang van studente se kennis van Skryfkuns te ontwikkel; sodoende word ook hulle insig en skeppende en wetenskaplike vaardighede in die dissipline bevorder. Na voltooiing van die kwalifikasie sal die studente hul vermoëns demonstreer om

a) onafhanklik toegang tot toepaslike vakkennis te kry, daardie kennis te verwerk en te bestuur, om

b) sodoende te bewys dat hulle insig in die toepaslikheid en samehang van sulke inligting verwerf het (d.w.s. soos laasgenoemde tot uitdrukking kom in die demonstrasie van die vermoëns hierna genoem);

c) hulle geïmpliseerde bemeestering van Skryfkunsteorie asook van toepaslike bemaderings in literatuur- en taalpraktykteorie te toon, naamlik deur sulke teorieë en benaderings in hul eie skeppende skryfwerk aan te wend;

d) krities met die metodologieë van Skryfkuns en ander toepaslike literatuurteorieë om te gaan, deur dit op prinsipiële, verantwoorde wyse te evalueer en sodanige evaluasies verantwoordelik te kommunikeer, in skriftelike vorm, of mondeling tydens groepbesprekings;

e) skriftelik of tydens groepbesprekings hul kennis van en insig in die besondere aard en die kenmerke van toepaslike letterkundegenres (verhaalkuns, poësie, drama, kinder- en jeugliteratuur) te illustreer, byvoorbeeld deur tekste te plaas binne die relevante Afrikaanse genretradisies;

f) oorspronklike skeppende skryfwerk in hul gekose genres te beplan, skryf, redigeer en af te rond met die nodige verrekening van die eietydse, dinamiese Suid-Afrikaanse letterkundepublikasie-omgewing;

g) eie kreatiewe en literêre beskouings te vorm en te kommunikeer, gebaseer op hulle eie ervarings van die skryfproses asook op verworwe kennis van en insig in letterkundeteorie en die ontwikkelingsgang van die (Afrikaanse) literatuurgeskiedenis en -kritiek; en

h) eie kritiese en skeppende werk te bestuur op ’n bevoegde, ingeligte, etiese en professionele wyse, en dit sodanig aan te bied dat die waarde daarvan in verskeie dissiplines en beroepe sal blyk.

L.2.9.3 **Kurrikulum L601P: Afrikaanse Skryfkuns**

**L.2.9.3.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met 'n gemiddelde punt van minstens 65% verwerf het) tot magisterstudie in Afrikaanse Skryfkuns, Afrikaans en Nederlands of Algemene Taal- en Literatuurwetenskap toegelaat word.

**L.2.9.3.2 Ander reëls**

a) Die verskillende modules waaruit 'n student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroepe Skryfkuns en Afrikaans en Nederlands volgens hulle bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.
b) Die suksesvolle voltooiing van modules in Afrikaans en Nederlands op vlak 3 – AFLL311 en 321 – is 'n sterk aanbeveling vir toelating tot die program.
c) Vir studente sonder AFNL311 en 321 is SKRK671 verpligtend.
d) Onder bepaalde omstandighede en met die toestemming van die onderskeie skooldirekteure, mag 'n student toelating kry om 'n module uit 'n aanverwante vak as onderdeel van die kurrikulum te kies, naamlik onder die moduletitel *Capita Selecta.* Raadpleeg die betrokke vakgroepvoorsitter.
e) Die skripsie in AFLL679 moet verband hou met Skryfkuns.
f) Studente wat toelating tot die program wil hê, sal in alle gevalle onderhewig wees aan keuring op grond van die voorlegging van 'n oorspronklike skryfstuk. Nader vroegtydig die voorsitter van die Vakgroep Skryfkuns in hierdie verband.
g) Studente moet voor die aanvang van die honneursstudie by die voorsitter van die Vakgroep Skryfkuns op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om keuring.
h) Die samestelling van 'n student se honneurskurrikulum is telkens onderhewig aan die finale goedkeuring van die voorsitter van die Vakgroep Skryfkuns asook die Direkteur van die Skool vir Tale.

**L.2.9.3.3 Samestelling van kurrikulum L601P: Afrikaanse Skryfkuns**

*Opmerking: Die honneursprogram vir Afrikaanse Skryfkuns word saamgestel uit bestaande modules. Een bykomende module word ingestel spesifiek vir studente wat nie die agtergrond in Afrikaans en Nederlands het nie.*

| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
|---|---|---|
| **AFLL676** | Afrikaanse Skryfkuns | 24 |
| **AFLG671** | Afrikaanse Teksredaksie | 24 |
| **AFLL679** | Navorsingsmetodologie (8) en skripsie (24) | 32 |
| | **KEUSEMODULES: Kies TWEE uit die onderstaande modules** | 24 |
| **SKRK671** | Genreteorie en Afrikaanse Literatuurgeskiedenis vir Skeppende Skrywers | 24 |
| **AFLL671** | Afrikaanse Poësie: Poësie en Interteks | 24 |
| **AFLL672** | Afrikaanse Verhalende Tekste | 24 |
| **AFLL673** | Van Dramateks tot Opvoering: 'n Studie van die Drama- en Teaterwetenskap | 24 |

| | | |
|---|---|---|
| **AFLL675** | Afrikaanse en Nederlandse Kinder- en Jeugliteratuur | 24 |
| **AFLW672** | Narratologie: Roman en Film | 24 |
| **Kredietttotaal van die kurrikulum** | | **128** |

** Sien hieroor reëls c) en d) hier onder*.

**L.2.9.3.4 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- DRIE modules is verpligtend: AFLL676 (24 krediete; Afrikaanse Skryfkuns), AFLG679 (32 krediete; Afrikaanse Teksredaksie) en AFLG679 (38 krediete; Navorsingsmetodologie (8) en die skripsie (24).
- 'n Student moet 'n minimum van TWEE modules (24 krediete elk) neem uit die beskikbare keusemodules.
- Studente wat nie AFFL311 en 321 (of die ekwivalente daarvan) voorgraads op hoofvakvlak voltooi het nie, moet SKRK671 (24 krediete) insluit as een van die keusemodules.
- Studente wat wel AFLL311 en 321 (of ekwivalente modules) voltooi het, mag nie SKRK671 neem nie.
- Studente word toegelaat om een module, onder die hoof *Capita Selecta* (KEUSE), met 'n kredietttotaal van nie minder nie as 24 uit 'n aanverwante vakgebied te neem, maar moet afsonderlik vir daardie spesifieke module registreer nadat skriftelike toestemming daarvoor deur die voorsitter van die betrokke vakgroep en die direkteur van die betrokke skool verkry is. Die module vir *Capita Selecta* kan geneem word uit taalverwante vakke op honneursvlak (soos Kommunikasiestudie, Kunsgeskiedenis, Filosofie) of, indien die student oor die vereiste vakgroepagtergrond beskik, een van die taal- of letterkundemodules op honneursvlak (Afrikaans en Nederlands, Engels, Setswana, Duits of Frans).
- 'n Student wat meer as twee keusemodules van 24 krediete elk wil neem, moet aansoek doen daarvoor by die programhoof en die voorsitter van die betrokke vakgroep.

## L.2.10 PROGRAM TAALTEGNOLOGIE

### L.2.10.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) 'n B-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis waarin die volgende modules of die ekwivalente daarvan geslaag is: TTEG121, TTEG211, TTEG221, TTEG311, en TTEG321 (of die ekwivalente daarvan) moet met 'n gemiddeld van 60% geslaag wees.

b) Studente wat aan 'n ander universiteit die eerste B.-graad verwerf het; en studente wat Taaltegnologie as hoofvak geneem het, maar nie 'n gemiddelde punt van 60% op vlak 3 behaal het nie, kan by die Vakgroepvoorsitter van Taaltegnologie en die Direkteur van die Skool vir Tale aansoek om toelating tot die program doen. Uitsonderings sal oorweeg word op grond van meriete en daar mag vereis word dat studente verpligte kursuseenhede moet neem en/of 'n toelatingstoets moet af lê.

**L.2.10.2 Programuitkomste**

Die program (en kurrikulum) het ten doel om wetenskaplike insig en kennis in Taaltegnologie te ontwikkel. Dit behels die volgende:

a) Die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod.

b) Die vermoë om probleme op kritiese en kreatiewe manier te kan identifiseer en te kan oplos.

c) Die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer.

d) Studente sal oor vaardighede, kennis en waardes beskik waardeur hulle taalbronne kan skep, ontwikkel, bestuur en ontgin, taaltoepassings kan maak en in die taaltegnologie 'n beroep kan volg.

e) Studente sal die multitalige kompleksiteit van Suid-Afrika verstaan, en sal deur taaltegnologie bydra tot die bemagtiging van die volle gemeenskap.

f) Studente sal deur hulle kennis en begrip van toepaslike multidissiplinêre konsepte, strukture, modelle, teorieë, beginsels en navorsingsmetodes sinvol kan bydra tot die bestuur van inligting en inligtingsbronne.

g) Studente sal deur ’n diepgaande, praktykgerigte kennis en insig in die veld van Inligtingstegnologie (IT) in staat wees om IT-verwante probleme in samehang met benaderings en tegnieke van ander toepaslike dissiplines te kan oplos.

h) Studente sal die noodsaaklikheid besef om voortgesette bekwaamheid te verseker en om aan die voorpunt van die jongste tegnologie en tegnieke te bly, en in staat wees om deur die gevestigde en goed-ontwikkelde leervaardighede as lewenslange student hierby betrokke te bly.

**L.2.10.3 Kurrikulum L601P: Taaltegnologie**

**L.2.10.3.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ’n gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot magisterstudie in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap of Algemene Taalstudie toegelaat word.

**L.2.10.3.2** Ander reëls

a) Die verskillende modules waaruit 'n student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroep Taaltegnologie volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.

b) 'n Student moet voor die aanvang van die honneursstudie by die voorsitter van die Vakgroep Taaltegnologie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om keuring.

c) Die samestelling van die student se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die voorsitter van die Vakgroep Taaltegnologie asook die direkteur van die Skool vir Tale.

**Die volgende reëls geld ten opsigte van TTEG 673 en TTEG 674:**

a) Die internskap moet gedoen word aan ŉ instelling wat goedgekeur is deur

die Skool vir Tale en CTexT, onder leiding van ŉ internskapbegeleier wat deur die Skool vir Tale en CTexT goedgekeur is.

b) Die internskap duur ŉ minimum van 640 werksure (ongeveer vier (4) maande). Die volle werksure hoef nie noodwendig by een instelling afgehandel te word nie, maar kan by meerdere goedgekeurde instellings voltooi word. Die internskap kan in die binneland of buiteland gevolg word.

c) Hoewel die Skool vir Tale en CTexT behulpsaam sal wees in die vind van geskikte internskappe, berus die finale verantwoordelikheid by die student.

d) In beginsel is daar geen finansiële vergoeding vir die internskap nie en studente verrig die werk op eie onkoste. Daar is egter geen beswaar indien die student wel vergoed word vir dienste gelewer nie.

**L.2.10.3.3 Samestelling van kurrikulum L601P: Taaltegnologie**

| Module kode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| **Kernmodules:** | | |
| **Taaltegnologie** | | |
| TTEG672 | Navorsingsmetodologie en skripsie | 32 |
| TTEG673 | Taaltegnologie: Internskap I | 24 |
| TTEG674 | Taaltegnologie: Internskap II | 24 |
| TTEG675 | Natuurliketaalprosessering: Gevorderd | 24 |
| **Keusemodules: Kies een van die volgende modules:** | | |
| **Afrikaans en Nederlands** | | |
| AFLG671 | Afrikaanse teksredaksie | 24 |
| AFLG672 | Afrikaanse taalkunde: temas en tendense | 24 |
| AFLG673 | Taal en samelewing | 24 |
| AFLG674 | Teksstudie en tekslinguistiek | 24 |
| AFLG675 | Forensiese linguistiek | 24 |
| TTEG671 | Taal en tegnologie | 24 |
| Engels | | |
| ENLG672 | Linguistic theory | 24 |
| ENLG674 | Linguistic analysis and corpus linguistics | 24 |
| ENLG675 | English sociolinguistics | 24 |
| ENLG679 | Applied language studies | 24 |
| ENLG682 | Topics in English linguistics | 24 |
| **Frans** | | |
| FREN673 (UP) | Beginsels en praktyk van professionele vertaling | 24 |
| FREN675 (UP) | Semantiek en tolking | 24 |
| FREN672 | Metodologie en didaktiek van die onderrig van Frans as vreemde taal | 24 |
| FREN676 (UP) | Inleiding tot die Franse linguistiek | 24 |

| | | |
|---|---|---|
| **Duits** | | |
| DTS752 (UP) | Inleiding tot die Duitse Taalkunde | **24** |
| DTS753 (UP) | Metodologie en didaktiek van die onderrig van Duits as 'n vreemdetaal | **24** |
| **Latyn** | | |
| LATN672 | Latyn: Vertaling op sig en vertaalkunde | 24 |
| LATN677 | Latyn: Regslatyn | 24 |
| Setswana | | |
| TSNG672 | Setswana: taalteorie | 24 |
| TSNG673 | Setswana: morfologie en fonologie | 24 |
| TSNG674 | Setswana: sintaksis | 24 |
| TSNG675 | Setswana: semantiek | 24 |
| **Keusemodules: Kies twee van die volgende modules:** | | |
| **Rekenaarwetenskap** | | |
| ITRI611 | Datapakhuise I | 12 |
| ITRI612 | Lineêre Programmering I | 12 |
| ITRI613 | Databasisse I | 12 |
| ITRI614 | Inligtingstelselingenieurswese I | 12 |
| ITRI615 | Rekenaarsekuriteit I | 12 |
| ITRI616 | Kunsmatige Intelligensie I | 12 |
| ITRI617 | Beeldverwerking I | 12 |
| ITRI618 | Besluitsteunstelsels I | 12 |
| ITRI621 | Datapakhuise II | 12 |
| ITRI622 | Lineêre Programmering II | 12 |
| ITRI623 | Databasisse II | 12 |
| ITRI624 | Inligtingstelselingenieurswese II | 12 |
| ITRI625 | Rekenaarsekuriteit II | 12 |
| ITRI626 | Kunsmatige Intelligensie II | 12 |
| ITRI627 | Beeldverwerking II | 12 |
| ITRI628 | Besluitsteunstelsels II | 12 |
| **Totale krediete** | | **128** |

**L.2.10.3.4 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- ŉ Student moet VIER verpligte modules (van 24 krediete elk) neem: TTEG672 (32), TTEG673 (24), TTEG674 (24), TTEG675 (24).
- ŉ Student moet ook modules met ŉ krediettotaal van nie meer as 24 uit die lys van beskikbare keuses in Taalkunde (Afrikaans en Nederlands, Engels, Latyn, Setswana, Frans of Duits) OF Rekenaarwetenskap neem.
- Voordat ŉ student mag registreer vir enige honneursmodule, moes hy/sy reeds al die vereiste voorgraadse modules van die betrokke module geslaag het. In die praktyk beteken dit dat ŉ honneursmodule uit byvoorbeeld Engels nie geneem kan word as die student nie ook die voorgraadse modules in Engels gevolg en geslaag het nie.
- ŉ Student wat meer as 128 krediete wil neem, moet aansoek doen daarvoor by die programleier asook die voorsitter van die betrokke vakgroep.

## L.2.11 PROGRAM: FILOSOFIE

### L.2.11.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ B-graad waarin al die modules van Filosofie op die onderskeie voorgraadse jaarvlakke geslaag is. Die modules van die finale voorgraadse jaar moet met ŉ gemiddeld van minstens 60% geslaag wees.
b) Die direkteur van die Skool vir Filosofie kan toelating aan ŉ leerder gee wat nie al die Filosofie-modules, soos in a) hierbo bedoel, geslaag het nie indien hy daarvan oortuig is dat die betrokke leerder oor voldoende agtergrond in die Filosofie beskik wat die leerder in staat sal stel om wel aan die kurrikulumvereistes te kan voldoen.
c) Leerders wat nie aan die vereistes voldoen soos in a) en b) hierbo bedoel nie, kan tot die program toegelaat word met dien verstande dat hulle PHIL211 en PHIL221 as aanvullende voorbereidende werk doen tot bevrediging van die direkteur.

### L.2.11.2 Programuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum van hierdie program moet die student in staat wees om

a) filosofiese tekste, strominge en idees te kan analiseer, interpreteer, rekonstrueer, en kritiseer;
b) die belangrikste filosofiese idees waarmee hy/sy kennis maak, kreatief te kan aanwend deur dit byvoorbeeld op aktuele probleme toe te pas;
c) filosofiese probleme te identifiseer en te kontekstualiseer;
d) besinnend en krities op geïdentifiseerde filosofiese probleme te reageer vanuit ŉ eie filosofiese standpunt en met verwysing na die Reformatories-Christelike en ander tradisies binne die filosofie;
e) filosofiese kennis en standpunte te kan formuleer in verstaanbaar geformuleerde en samehangende opstelle, asook visuele en mondelinge aanbiedings.

### L.2.11.3 Kurrikulum L608P: Filosofie

#### L.2.11.3.1 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die magistergraadstudie in Filosofie toegelaat word.

#### L.2.11.3.2 Samestelling van kurrikulum L608P: Filosofie

| **Verpligte modules** | | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| FILH678 | Geskiedenis van die Filosofie | 24 |
| FILH674 | Reformatoriese filosofie | 24 |
| FILH677 | Projek | 32 |
| **Keusemodules** | | |
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| FILH679 | Sistematiese Filosofie A | 24 |
| FILH680 | Sistematiese Filosofie B | 24 |
| KEUS681 | Capita Selecta | 24 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **128** |

**L.2.11.3.3 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- ŉ Student moet AL DRIE die verpligte modules neem en TWEE kies uit die keusemodules.
- Die module KEUS681 veronderstel ŉ module uit ŉ aanverwante module (bv. ŉ vakfilosofiese of -teoretiese module uit ŉ ander dissipline) met ŉ krediettotaal van nie minder as 24 nie. Die student moet dan vir die spesifieke module registreer.

## L.2.12 PROGRAM: GESKIEDENIS

**L.2.12.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

ŉ B-graad of gelykwaardige kwalifikasie word vereis waarin die volgende modules of ekwivalente daarvan geslaag is: HIST111 HIST121, HIST211, HIST221, HIST311 en HIST321. Die modules in Geskiedenis van die finale voorgraadse jaar moet, benewens uitsonderings goedgekeur deur die Skooldirekteur, in oorleg met die Vakgroep, met ŉ gemiddeld van ten minste 65% geslaag word.

**L.2.12.2 Programuitkomste**

Ná voltooiing van die program behoort die studente in staat te wees om

a) bewys te lewer van omvattende en sistematiese kennis van historiese vraagstukke asook oor ŉ gekose tema gekoppel aan ŉ gekose tydperk, relevant vir vandag, binne wêreld- en in besonder Afrika-konteks en om daardie kennis in die oplossing van ŉ navorsingsprobleem te kan aanwend;
b) ŉ eie denkraamwerk oor hierdie historiese vraagstukke vanuit ŉ gekose waardesisteem te kan verwoord;
c) toepaslike navorsingsmetodes en -tegnieke te kan motiveer en inspan om ŉ tipiese historiese vraagstuk vanuit navorsingsliteratuur te ondersoek, ontleed en oplossings aan te dui en te beoordeel;
d) ŉ verslag wat aan akademies-professionele standaarde voldoen oor genoemde navorsingsvraagstuk te skryf en dit deur toepaslike media mondeling aan leke en/of ŉ akademiese gehoor oor te dra.

**L.2.12.3 Kurrikulum L601P: Geskiedenis**

**L.2.12.3.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot die magistergraadstudie in Geskiedenis toegelaat word.

**L.2.12.3.2 Samestelling van kurrikulum L601P: Geskiedenis**

| **Verpligte modules** | | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| HIST611 | Geskiedenis: Metodiek en teorie | 24 |
| HIST612 | Geskiedenis: Historiografie | 32 |
| **Keusemodules** | | |
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| HIST623 | Geskiedenis: Suid-Afrikaanse geskiedenis: ŉ geselekteerde tema | 24 |
| HIST624 | Geskiedenis: Afrikageskiedenis: ŉ geselekteerde tema | 24 |

| | | |
|---|---|---|
| HIST625 | Geskiedenis: Wêreldgeskiedenis: ŉ geselekteerde tema | 24 |
| HIST626 | Geskiedenis: Navorsingsprojek | 24 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **128** |

**L.2.12.3.3 Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:**

- ŉ Student moet VYF modules aflê. HIST 611 en HIST 612 is verpligtend.
- Die keuse van modules word in oorleg met die vakgroepvoorsitter gedoen.
- Enkele van bogenoemde modules word op die Vaaldriehoekkampus (Vanderbijlpark) aangebied. Studente moet self die reiskoste dra.

## L.2.13 PROGRAM: KOMMUNIKASIESTUDIES

### L.2.13.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ B-graad of gelykwaardige kwalifikasie waarin die modules soos in die onderstaande kurrikulums gespesifiseer word, geslaag is, en waarin die kernmodules in Kommunikasie op derdejaarsvlak met ŉ gemiddeld van 60% geslaag is.
b) Keuring van alle aansoekers word gedoen voor toelating.
c) Toelating tot die spesialiseringsrigtings Joernalistiek, Kommunikasiebestuur, Kommunikasie vir sosiale verandering, Organisasiemediabestuur en Dokumentêre videoproduksie is onderhewig aan keuring volgens kriteria wat in die studentegids gepubliseer word.
d) ŉ Punt van ten minste 60% vir die kommunikasieteoriemodule (KCOM218) en die kommunikasienavorsingsmodule KCOM311 of gelykwaardige modules.
e) Verdere toelatingsvereistes word by elk van die kurrikulums gestel.
f) Die volgende modules is uitgesluit van ‘n tweede eksamengeleentheid: KCMJ672, KCMJ673, KCMN611, KCMO611, KCMO612, KCMO671, KCMV671.
g) Nie alle honneurskursusse word noodwendig aangebied tensy daar nie voldoende aanvraag is nie.

### L.2.13.2 Kurrikulum L611P: Joernalistiek

**L.2.13.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

Die student moes ŉ gemiddeld van 60% vir elk van die voorgraadse joernalistiekverwante modules (KCOM111,121, 229 en 371) behaal het om tot die kurrikulum toelating te kry.

**L.2.13.2.2 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om as ŉ volronde junior joernalis in die media te kan werk.

**L.2.13.2.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die magistergraadstudie in Kommunikasie (Joernalistiek) toegelaat word.

**L.2.13.2.4 Samestelling van kurrikulum L611P: Joernalistiek**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KCMN611 | Navorsingsmetodologie | 16 |
| KCMN671 | Navorsingsverslag | 32 |
| KCMJ672 | Joernalistiek: media en samelewing | 16 |
| KCMJ673 | Joernalistiekpraktyk | 72 |
| **Kredietttotaal van die kurrikulum** | | **136** |

**L.2.13.2.5 Reël vir samestelling van die kurrikulum:**

Al die modules is verpligtend.

L.2.13.3 **Kurrikulum L612P: Dokumentêre videoproduksie**

**L.2.13.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

Studente moes die verpligte modules KCOM317 en KCOM327 met ŉ minimum van 60% gemiddeld geslaag het om tot die kurrikulum toelating te kry.

**L.2.13.3.2 Kurrikulumuitkomste**

Ná voltooiing van hierdie kurrikulum behoort studente in staat te wees om die skryf, beplanning, opname, redigering en finale meng van dokumentêre video's uit te voer.

**L.2.13.3.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die magistergraadstudie in Dokumentêre video toegelaat word.

**L.2.13.3.4 Samestelling van kurrikulum L612P: Videoproduksie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KCMN611 | Navorsingsmetodologie | 16 |
| KCMN671 | Navorsingsverslag | 32 |
| KSGS676 | Rolprentstudies | 24 |
| KCMV671 | Videoproduksie | 64 |
| **Kredietttotaal van die kurrikulum** | | **136** |

**L.2.13.3.5 Reël vir samestelling van die kurrikulum:**

Al die modules is verpligtend.

**L.2.13.4 Kurrikulum L613P: Kommunikasie vir sosiale verandering**

**L.2.13.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

a) Studente moes die verpligte modules KCOM222 en KCOM318 albei met ŉ minimum van 60% gemiddeld geslaag het om toelating tot die kurrikulum te kry.
b) Nadat KCOM222 en KCOM318 se punte in ag geneem is, sal die res van die kommunikasiemodules wat voorgraads geneem is, in ag geneem word.

**L.2.13.4.2 Kurrikulumuitkomste**

Ná voltooiing van hierdie kurrikulum behoort studente in staat te wees om

a) deur middel van die relevante navorsingsmetodes ŉ kommunikasie-probleem in ontwikkelingskonteks te kan identifiseer, die navorsingsproses te beplan, bestuur en ŉ navorsingsverslag te skryf;
b) effektief as kommunikasiesbestuurder in ŉ komplekse ontwikkelingsame-lewing te kan funksioneer;
c) die belangrikste teorieë binne die veld van Kommunikasie vir sosiale verandering krities te analiseer en dit te kan toepas in ŉ ontwikkelingskonteks.

**L.2.13.4.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die magistergraadstudie in Kommunikasie vir sosiale verandering toegelaat word.

**L.2.13.4.4 Samestelling van kurrikulum L613P: Kommunikasie vir sosiale verandering**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KCMN611 | Navorsingsmetodologie | 16 |
| KCMN671 | Navorsingsartikel | 32 |
| KCMO612 | Kommunikasie vir sosiale verandering; fundamentele uitgangspunte | 16 |
| KCMO621 | Kommunikasie vir sosiale verandering: konteks en toepassing | 16 |
| KCMO672 | Gevorderde kommunikasie vir sosiale verandering | 24 |
| KCMM612 | Organisasiemediabestuur: kontekste en toepassing | 16 |
| KCMK621 | Kommunikasiebestuur: verhoudings en reputasiebestuur | 16 |
| **Kredиettotaal van die kurrikulum** | | **136** |

**L.2.13.4.5 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- Al die modules is verpligtend

**L.2.13.5 Kurrikulum L614P: Organisasiemediabestuur**

**L.2.13.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

Studente moet ‘n kumulatiewe gemiddeld van 60% vir die modules KCOM211, 316, 371, en 326 behaal het om toelating tot die kurrikulum te kry. Addisionele keuringsprosesse word ook in ag geneem weens beperkte plekke.

**L.2.13.5.2 Kurrikulumuitkomste**

Ná voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om gepaste professionele ingesteldheid te demonstreer ten opsigte van toegepaste kommunikasienavorsing, en die teoretiese beginsels en praktyke van Organisasiemediabestuur te kan toepas binne die konteks van winsgewende en nie-winsgewende organisasies in die Suid-Afrikaanse konteks.

**L.2.13.5.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die magistergraadstudie in Kommunikasie (Organisasiemediabestuur) toegelaat word.

**L.2.13.5.4 Samestelling van kurrikulum L614P: Organisasiemediabestuur**

| **Verpligte modules** | | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| KCMN611 | Navorsingsmetodologie | 16 |
| KCMN671 | Navorsingsartikel | 32 |
| KCMM674 | Organisasiemediabestuur:gespesialiseerde projekte | 32 |
| KCMM675 | Organisasiemediabestuur: skryfwerk | 8 |
| KCMM611 | Organisasiemediabestuur: teoretiese toepassing | 16 |
| KCMM612 | Organisasiemediabestuur: kontekste en toepassings | 16 |
| **Keusemodules** | | |
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| KCMK613 | Bemarkingsbestuur in ŉ kommunikasie-konteks | 16 |
| KCMK621 | Kommunikasiebestuur: verhoudings- en reputasiebestuur | 16 |
| **Kredietttotaal van die kurrikulum** | | **136** |

**L.2.13.5.5 Reël vir samestelling van die kurrikulum:**

Studente neem die verpligte modules en kies óf KCMK613 óf KCMK621.

**L.2.13.6 Kurrikulum L615P: Kommunikasiebestuur**

**L.2.13.6.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

Die student moes ŉ gemiddeld van 60% in voorgraadse modules relevant tot die student se spesialisering in Kommunikasiebestuur (KCOM122, 213, 218, 328 en 329) behaal het om toelating tot die kurrikulum te kry.

**L.2.13.6.2 Kurrikulumuitkomste**

Ná voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student in staat te wees om

a) met gepaste professionele ingesteldheid gevorderde kennis, begrip en toepassing te kan demonstreer ten opsigte van hoe belangrike teorieë en akademiese navorsingsmetodes toegepas kan word in Kommunikasiebestuur; en
b) die teoretiese beginsels en praktyke van die volgende fokusvelde te kan toepas: openbare redevoering, kommunikasie vir sosiale veranderingskontekste, organisasiemediabestuur, verhouding- en reputasiebestuur, organisatoriese kommunikasie en bemarkingsbestuur in ŉ kommunikasie-konteks.

**L.2.13.6.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die magistergraadstudie in Kommunikasie (Kommunikasiebestuur) toegelaat word.

#### L.2.13.6.4 Samestelling van kurrikulum L615P: Kommunikasiebestuur

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KCMN611 | Navorsingsmetodologie | 16 |
| KCMN671 | Navorsingsverslag | 32 |
| KCMK611 | Kommunikasiebestuurteorie: fundamentele uitgangspunte | 16 |
| KCMM612 | Organisasiemediabestuur: kontekste en toepassings | 16 |
| KCMK613 | Bemarkingsbestuur binne ŉ kommunikasiekonteks | 16 |
| KCMO621 | Kommunikasie vir sosiale verandering | 16 |
| KCMK621 | Kommunikasiebestuur: verhoudings- en reputasiebestuur | 16 |
| KCMK623 | Openbare redevoering | 8 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **136** |

#### L.2.13.6.5 Reël vir samestelling van die kurrikulum:

Al die modules is verpligtend.

## L.2.14 PROGRAM KUNSGESKIEDENIS

### L.2.14.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

Die student moes ŉ minimum van 60% in elk van die modules KSGS312 en KSGS322 behaal het.

### L.2.14.2 Programuitkomste

Ná voltooiing van die kurrikulum van hierdie program behoort die student

a) te kan toon dat hy/sy selfstandige navorsing kan doen binne die raamwerk van kunshistoriese metodes en dat hy/sy hierdie navorsingsinsigte kan weergee in die vorm van ŉ skripsie, werkstukke, seminare, groepsbesprekings en formele mondelinge aanbiedings;
b) om grondige kennis te kan toon ten opsigte van die onderskeie studievelde en paradigmas en om hierdie kennis vergelykenderwys tot gefundeerde persoonlike standpuntinname te kan bring.

### L.2.14.3 Kurrikulum L601P: Kunsgeskiedenis

#### L.2.14.3.1 Artikulasie

Na suksesvolle afhandeling van die kurrikulum kan studente wat ‘n gemiddeld van 65% vir die verpligte modules KSGS684 en KSGS685 behaal het, tot die magistergraadstudie in Kunsgeskiedenis toegelaat word.

**Samestelling van die kurrikulum: L601P: Kunsgeskiedenis**

| **Verpligte modules** | | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| KSGS684 | Kuns en samelewing (skripsiemodule) | 32 |
| KSGS685 | Kunsfilosofie, -teorie en -metodologie | 24 |
| **Keusemodules** | | |
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| KSGS676 | Rolprentstudies | 24 |
| KSGS682 | Temas in kontemporêre visuele kultuur | 24 |
| KSGS683 | Kuns en visuele kultuur: teorie en praktyk | 24 |
| KSGS686 | Visuele en populêre kultuurteorie | 24 |

**Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:**

- Studente moet die verpligte modules (KSGS684 en KSGS685) voltooi.
- Hierby kan die student enige drie verdere modules kies uit die keusemodules, en mag ook in stede van een van hierdie modules een *capita selecta*-module kies. So ‘n module moet ‘n honneursmodule wees van ‘n vak wat as hoofvak op voorgraadse vlak geslaag is, en toestemming moet verleen word deur die vakleier van die betrokke honneursmodule se vakgroep sowel as die programleier van die honneurs in Kunsgeskiedenis.

## L.2.15 PROGRAM: MUSIEK

Hierdie program word slegs in **Engels** aangebied.

### L.2.15.1 Spesifieke toelatingsvereistes vir die program

- Afgesien van Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit, geld die volgende vereiste ook:

ʼn Baccalaureusgraad met musiekvakke of ʼn gelykwaardige kwalifikasie. Studente wat slegs musiekgeskiedenis voltooi het vir die Baccalaureusgraad sal nie tot honneursstudies in musiek toegelaat word nie.

- Kandidate wat MUSN686 as keusemodule wil neem moet ʼn oudisie aflê. Die kandidaat moet ʼn gebalanseerde program van ongeveer 20–25 minute voordra. Die program moet verteenwoordigend van verskillende style, genres en tale wees.

### L.2.15.2 Programuitkomste

Ná voltooiing van die kurrikulum van hierdie program, sal die student daartoe in staat wees om omvattende kennis, tegnieke en beginsels rakende die studie en praktyk van musiek toe te pas binne sy/haar spesialiseringsgebied, en om dit doeltreffend mondeling en skriftelik te kommunikeer.

**L.2.15.3 Kurrikulum: L626P: Musiek**

**L.2.15.3.1 Artikulasie**

Na die suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die meestersgraad in Musiek.

**L.2.15.3.2 Samestelling van kurrikulum L626P: Musiek**

| **Verpligte modules** | | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| MUSN671 | Navorsingsmetodologie | 8 |
| MUSN672 | Navorsingsopstel | 24 |
| **Keusemodules** | | |
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| MUSN673 | Musiekgeskiedenis | 24 |
| MUSN674 | Sosiale musiekwetenskap | 24 |
| MUSN675 | Didaktiek: Praktiese musiek | 24 |
| MUSN676 | Groepmusiek | 24 |
| MUSN677 | Didaktiek van teorietiese vakke | 24 |
| MUSN678 | Musiekteorie | 24 |
| MUSN686 | Praktiese musiek | 24 |
| MUSN687 | Navorsing in musiekopvoeding | 24 |
| MUSN688 | Afrikamusiek | 24 |
| MUSN689 | Koorleiding | 24 |
| KEUS | *Capita selecta* | 24 |
| **Totale krediete vir die kurrikulum** | | **128** |

**L.2.15.3.3 Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:**

- Afgesien van die verpligte modules, moet 'n student ook vier keusemodules voltooi.
- Ná goedkeuring deur die direkteur van die Skool vir Musiek mag 'n student een module van 'n verwante vak neem as *capita selecta*. Die totale krediete vir hierdie module moet ten minste 24 wees en die student moet vir die spesifieke module registreer.

## L.2.16 PROGRAM: POLITIEKE STUDIE

**L.2.16.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) 'n B-graad waarin al die modules van Politieke Studie op die onderskeie voorgraadse jaarvlakke geslaag is.
b) Die modules in Politieke Studie van die finale voorgraadse jaar moet, behalwe uitsonderings goedgekeur deur die Skooldirekteur, in oorleg met die Vakgroep, met 'n gemiddeld van ten minste 65% geslaag word.

**L.2.16.2 Programuitkomste**

Ná voltooiing van die kurrikulum van hierdie program behoort die student in staat te wees om

a) toepaslike navorsingsmetodes en -tegnieke te kan motiveer en gebruik om tipiese vraagstukke op die terrein van Staatsleer en die Internasionale Politiek uit relevante navorsingsliteratuur te ondersoek, ontleed en te beoordeel;

b) die belangrikste politieke idees te kan beskryf en krities te kan afweeg en beoordeel;
c) belangrike vraagstukke in die wêreldpolitiek te kan beskryf en krities te kan afweeg en beoordeel;
d) analitiese benaderings tot die studie van politiek in die ontwikkelende wêreld te verstaan en binne hierdie globale omgewing te kan toepas,en dit krities deur ŉ beoordeling te kan verduidelik .
e) metodes van politieke vergelykings te verstaan en te kan toepas en politieke stelsels in die wêreld met mekaar te kan vergelyk en beoordeel;
f) geformuleerde beleid (in die algemeen maar ook spesifieke beleidsuitsette in Suid-Afrika) te kan ontleed, en volgens bepaalde maatstawwe te beoordeel om die moontlikheid van sukses te kan vasstel;
g) Suid-Afrika se politieke stelsel te kan beoordeel en met ander demokrasieë in die res van die wêreld vergelyk om daardeur die verskille en ooreenkomste te kan aantoon.

**L.2.16.3 Kurrikulum L601P: Politieke Studie**

**L.2.16.3.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot die magistergraadstudie in Politieke Studie toegelaat word.

**L.2.16.3.2 Samestelling van kurrikulum L601P: Politieke Studie**

| **Verpligte modules** | | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| POLS611 | Metodologie | 16 |
| POLS612 | Beleidstudies | 16 |
| POLS613 | Politieke Filosofie | 16 |
| POLS673 | Navorsingsprojek | 32 |
| **Keusemodules** | | |
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| POLS621 | Vergelykende Politiek | 16 |
| POLS622 | Vraagstukke in die wêreldpolitiek | 16 |
| POLS623 | Politieke Dinamika | 16 |
| POLS624 | Politiek in die Ontwikkelende Wêreld | 16 |
| POLS625 | Afrika Politiek | 16 |
| POLS626 | Regeerkunde en Politieke Transformasie | 16 |
| POLS627 | Politieke Ekonomie | 16 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **128** |

**L.2.16.3.3 Reël vir die samestelling van die kurrikulum:**

Uit die keusemodules moet die student drie in oorleg met die vakgroepvoorsitter kies. Aanbieding van keusemodules is afhanklik van personeelkapasiteit.

## L.2.17 PROGRAM: SETSWANA

**L.2.17.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ B.-graad of gelykwaardige kwalifikasie waarin die volgende modules of die ekwivalente daarvan (voor 2010) geslaag is: ATSN111, 121, 211, 221, 311, 321 of SETM111, 121, 211, 221, 311, 321. Die modules op die derde vlak moet met ŉ gemiddeld van minstens 60% geslaag wees.

b) Enige student wat vir die honneursstudie aanmeld na verloop van meer as ses jaar ná verwerwing van die B.-graad en aan die voorvereiste van 60% in die graadstudie voldoen het, moet ŉ bykomende toelatingseksamen aflê.
c) Van die volgende kategorieë studente kan verwag word om verpligte kursuseenhede te neem en/of ŉ toelatingstoets af te lê: (i) studente wat aan ŉ ander universiteit of ŉ ander kampus van die NWU die eerste B.-graad verwerf het; en (ii) studente wat Setswana as hoofvak geneem het, maar nie ŉ gemiddelde punt van 60% op vlak 3 behaal het nie.

**L.2.17.2 Programuitkomste**

By voltooiing van die kurrikulum van hierdie program moet die student in staat wees om:

a) omvattende en sistematiese kennis en begrip oor verskeie aspekte van die korrekte navorsingsmetodologie, taalteorie, Setswana-morfologie en fonologie, Setswana-sintaksis, en Setswana-semantiek te toon; of
b) omvattende en sistematiese kennis en begrip oor verskeie aspekte van die korrekte navorsingsmetodologie, literêre teorie, Setswana-prosa, Setswana-poësie, Setswana-drama, Setswana-kinderletterkunde en die Setswana-taal in die algemeen te toon.

Die program (en kurrikulum) het in die algemeen ten doel om wetenskaplike insig en kennis in die taal- en letterkunde van Setswana te ontwikkel. Dit behels die volgende:

a) die inwin van wetenskaplike feitekennis, insig in die samehang van verbandhoudende sake deurdat op interdissiplinêre wyse omgegaan is met die akademiese aanbod;
b) die vermoë om kennis selfstandig te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te analiseer, te integreer en gefundeerd te kan evalueer;
c) die student moet ŉ doeltreffende student wees wat die noodsaaklikheid van lewenslange leer besef;
d) die vermoë om die linguistiese en /of literêre aard van Setswana te ken en te beheers;
e) die vermoë om verskeie literêre en linguistiese teorieë te ken en te beheers;
f) die vermoë om krities met die metodologieë van verskillende teorieë te kan omgaan;
g) die vermoë om op grond van inhoudelike en teoretiese kennis ŉ eie literêre en linguistiese oordeel te vorm en te formuleer;
h) die vermoë om die waarde van taal en literatuur te kan oordra in beroepsituasies;
i) die vermoë om die kulturele verskeidenheid van Suid-Afrika en die wêreld in die talige en literêre verskynsels te herken, te begryp en te kan oordra aan ander.

**L.2.17.3 Kurrikulum L633P: Setswana**

**L.2.17.3.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die magistergraadstudie in Setswana toegelaat word.

**L.2.17.3.2 Ander reëls**

a) Die verskillende modules waaruit ŉ student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die Vakgroep Afrikatale volgens sy bepaalde omstandighede in ŉ betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos

verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier ŉ rol speel.

b) ŉ Student moet voor die aanvang van die honneursstudie by die voorsitter van die Vakgroep Afrikatale op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om keuring.

c) Die samestelling van die student se honneurskurrikulum is in alle gevalle onderhewig aan die finale goedkeuring van die voorsitter van die Vakgroep Afrikatale asook die direkteur van die Skool vir Tale.

### L.2.17.3.3 Samestelling van kurrikulum L633P: Setswana

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| **Taalkunde** | | |
| TSNG671 | Setswana-taalkunde: navorsingsmetodologie en skripsie | 32 |
| TSNG672 | Setswana: Taalteorie | 24 |
| TSNG673 | Setswana: Morfologie en fonologie | 24 |
| TSNG674 | Setswana: Sintaksis | 24 |
| TSNG675 | Setswana: Semantiek | 24 |
| **Letterkunde** | | |
| TSNL671 | Setswana-letterkunde: navorsingsmetodologie en skripsie | 32 |
| TSNL672 | Setswana: Literêre teorie | 24 |
| TSNL673 | Setswana: Prosa | 24 |
| TSNL674 | Setswana: Poësie | 24 |
| TSNL675 | Setswana: Drama | 24 |
| TSNL676 | Setswana: Kinderliteratuur | 24 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **128** |

### L.2.17.3.4 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:

- ŉ Student wat voorkeur gee aan taalkunde, neem TSNG671 (32 krediete) asook die verdere vier taalkundemodules van 24 krediete elk.
- ŉ Student wat voorkeur gee aan letterkunde, neem TSNL671 (32 krediete) en TSNL 672 (24 krediete) asook enige verdere drie letterkundemodules van 24 krediete elk.

## L.2.18 PROGRAM: SOSIOLOGIE

### L.2.18.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld ook die volgende:

a) Registrasie vir honneursstudie mag nie later as 31 Januarie geskied nie.

b) ŉ B-graad word vereis waarin al die modules van Sosiologie (vir kurrikulum L630P) of Sosiale Antropologie (vir kurrikulum L631P) op die onderskeie voorgraadse jaarvlakke geslaag is.

c) Die modules in Sosiologie van die finale voorgraadse jaar moet, benewens uitsonderings goedgekeur deur die Skooldirekteur, in oorleg met die Vakgroep, met ŉ gemiddeld van ten minste 65% geslaag word.

**L.2.18.2 Programuitkomste**

Ná voltooiing van die kurrikulum van hierdie program behoort die student

a) oor gevorderde sosiale analitiese vaardighede te beskik en daarby bewys te lewer van gevorderde metodologiese vaardighede, insluitend basiese kennis van statistiese metodes;
b) afgeronde en sistematiese kennis te demonstreer van Sosiologie (kurrikulum L630P) of Sosiale Antropologie (kurrikulum L631P) asook detailkennis van die spesialiseringsterreine Sosiologie van Ontwikkeling; Lesbiese, Gay, Biseksuele en Transgenderstudie; Vrouestudie en Sosiologie van Suid-Afrika;
c) met die verwerfde kennis 'n bydrae te kan lewer om sosiale vraagstukke in die Suid-Afrikaanse samelewing te ontleed en afgeronde kennis hieroor te toon.

**L.2.18.3 Kurrikulum L630P: Sosiologie**

**L.2.18.3.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot die magistergraadstudie in Sosiologie of Bedryfsosiologie toegelaat word.

**L.2.18.3.2 Samestelling van kurrikulum L630P: Sosiologie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| SOCL611 | Sosiale Teorieë | 32 |
| SOCL612 | Navorsingsmetodologie | 32 |
| SOCL621 | Sosiologie van Ontwikkeling | 16 |
| SOCL625 | Bedryfsosiologie | 16 |
| SOCL627 | Vrouestudie | 16 |
| SOCL628 | Lesbiese, Gay, Biseksuele en Transgenderstudie | 16 |
| SOCL629 | Sosiologie van Suid-Afrika | 16 |
| SOCI 621 | Groepsdinamika | 16 |
| SOCL671 | Navorsingsprojek | 32 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **128** |

**L.2.18.3.3 Reël vir samestelling van die kurrikulum:**

SOCL611, SOCL612 en SOCL671 is verpligtend. Studente kies twee modules uit: SOCL621, SOCL625, SOCL627, SOCL628, SOCL629 of SOCI 621. Modules se beskikbaarheid hang af van personeelkapasiteit. Studente word aangeraai om bykomend vir die module Beskrywende Statistiek (STTN111) te registreer.

**L.2.18.4 Kurrikulum L631P: Sosiologie en Sosiale Antropologie**

**L.2.18.4.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot die magistergraadstudie in Sosiale Antropologie toegelaat word.

**L.2.18.4.2 Samestelling van kurrikulum L631P: Sosiologie en Sosiale Antropologie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| SOCL611 | Sosiale Teorieë | 32 |
| SOCL621 | Sosiologie van Ontwikkeling | 16 |
| SOCL625 | Bedryfsosiologie | 16 |
| SOCL627 | Vrouestudie | 16 |
| SOCL628 | Lesbiese, Gay, Biseksuele en Transgenderstudie | 16 |
| SOCL629 | Sosiologie van Suid-Afrika | 16 |
| SOCI 621 | Groepsdinamika | 16 |
| SANL671 | Navorsingsprojek | 64 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **128** |

**L.2.18.4.3 Reël vir die samestelling van die kurrikulum:**

SOCL611 en SANL671 is verpligtend. Studente kies twee modules uit: SOCL621, SOCL625, SOCL627, SOCL628, SOCL629 of SOCI 621. Modules se beskikbaarheid hang af van personeelkapasiteit.

## L.2.19 EKSAMINERING

Eksaminering geskied volgens Algemene Reël A.3.4 van die Universiteit.

## L.3 REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM (ONTWIKKELING EN BESTUUR)

Die kurrikulum van hierdie kwalifikasie word voltyds en deeltyds aangebied.

## L.3.1 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar vir voltydse en deeltydse studie bereken vanaf die datum van eerste registrasie.

## L.3.2 TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE

a) Die reëls vir toelating tot hierdie kwalifikasie geskied volgens die bepalings van Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit. Spesifieke toelatingsvereistes ten opsigte van die kurrikulum word in die reëls van die kurrikulum gestel.

## L.3.3 PROGRAM: OPENBARE BESTUUR EN REGERING

### L.3.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.3.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ B-graad in Publieke Administrasie of Openbare Bestuur of ekwivalent.
b) Registrasie vir studente wat in die eerste semester in Februarie met die Honneursprogram begin, moet voor 31 Januarie geskied. Hierdie studente sal die program aan die einde van die tweede semester, (einde November) voltooi. Registrasie word ook in die middel van die jaar vir die program toegelaat. Studente wat van hierdie opsie gebruik maak, moet voor 30 Junie registreer om in die tweede semester (Julie van daardie jaar) met hulle Honneursstudies te begin. Hulle sal die program dan aan die einde van die eerste semester, teen die einde van Julie die volgende jaar voltooi.
c) Die gemiddeld van die finale voorgraadse jaar moet met ŉ gemiddeld van ten minste 65% geslaag word.

### L.3.3.2 Programuitkomste

Ná voltooiing van die kurrikulum van hierdie program behoort die student in staat te wees om

a) kennis weer te gee oor ŉ wye spektrum van fasette rakende bestuur met die fokus op volhoubare ontwikkeling;
b) met daardie kennis as ŉ bestuurder binne ŉ beroepsomgewing optimaal te kan funksioneer;
c) op eie inisiatief ŉ bydrae te kan lewer om die ingewikkelde sosio-politieke vraagstukke binne die Suid-Afrikaanse samelewing sinvol te interpreteer en om praktiese oplossings te vind en uit te voer.

### L.3.3.3 Kurrikulum L602P: Openbare Bestuur en Regering

#### L.3.3.3.1 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot die magistergraadstudie in Ontwikkeling en Bestuur of die magistergraad in Openbare Bestuur en Regering toegelaat word.

**L.3.3.3.2 Samestelling van kurrikulum L602P: Openbare Bestuur en Regering**

| | Verpligte modules | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| PUMA 671 | Navorsingsprojek | **32** |
| PUMA 614 | Navorsingsmetodologie | 16 |
| PUMA 615 | Openbare Bestuursteorieë | 16 |
| PUMA 613 | Openbare Beleidsanalise | 16 |
| PUMA 621 | Openbare Finansiële Bestuur | 16 |
| PUMA 622 | Openbare Menslike Hulpbronbestuur | 16 |
| PUMA 625 | Openbare Projekbestuur | 16 |
| | **Totale krediete** | **128** |

**L.3.3.3.3 Reël vir samestelling van die kurrikulum:**

Al die modules moet voltooi word.

## L.3.4 EKSAMINERING

Eksaminering geskied volgens Algemene Reël A.3.4 van die Universiteit.

# L.4 REËLS VIR MAGISTERGRADE

Die magistergraad is die graad in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte wat volg op ŉ honneursgraad of ŉ vierjarige graad of ŉ ander erkende graad wat deur die Senaat goedgekeur is of nadat die status van ŉ honneurs- of ŉ vierjarige graad verleen is.

| **Vir die volgende magistergraadprogramme moet die jaarboeke van die onderskeie fakulteite, soos aangedui, geraadpleeg word:** | |
|---|---|
| Arbeidsverhoudinge | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Bedryfsielkunde en Mense-hulpbronbestuur | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Ekonomie | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Geografie en Omgewingstudie | Natuurwetenskappe |
| Psigologie | Gesondheidswetenskappe |
| Rekenaarwetenskap | Natuurwetenskappe |
| Toerismebestuur | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Wiskunde | Natuurwetenskappe |

## L.4.1 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar bereken vanaf datum van eerste registrasie vir die betrokke program.

## L.4.2 TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFIKASIE

Die toelatingsvereistes van die kwalifikasie word gespesifiseer in Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit. Spesifieke toelatingsvereistes van die onderskeie programme en kurrikulums word in die reëls van die programme en kurrikulums gestel.

Met verwysing na die tegniese vereistes waaraan ‘n betrokke skryfstuk moet voldoen, word studente na die *Handleiding vir Nagraadse Studie* verwys.

## L.4.3 MAGISTERGRAADPROGRAMME IN DIE NAVORSINGSEENHEID TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

### L.4.3.1 PROGRAM: MAGISTER ARTIUM IN AFRIKAANS EN NEDERLANDS

### L.4.3.1.1 Kurrikulum L801P : Afrikaans en Nederlands

### L.4.3.1.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ Student moet in besit wees van ŉ Honneurs BA-graad in Afrikaans en Nederlands of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die vakgroepvoorsitter, die direkteur van die navorsingseenheid en, waar nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome MA-studie.
b) ŉ Student moet ŉ gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar ŉ student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om ŉ onderhoud te voer met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.

c) Die student moet ook ŉ aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

**L.4.3.1.1.2 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die Meestersprogram in Afrikaans en Nederlands , behoort kandidate die volgende te kan demonstreer:

a) Gevorderde en geïntegreerde kennis en kritiese verstaan met betrekking tot Afrikaans en Nederlandse literatuur, linguistiek of toegepaste linguistiek en die vermoë om ŉ betekenisvolle teoretiese of praktiese probleem af te baken, beskryf, kontekstualiseer en te regverdig.
b) Die vermoë om ŉ omvattende en kritiese oorsig van leidende en resente literatuur in Afrikaans en Nederlandse letterkunde of linguistiek wat relevant is tot die probleemarea wat ondersoek word in die verhandeling en letterkundige tekste of talkundige data te analiseer, interpreteer en krities te evalueer op ŉ sistematiese en logiese manier in terme van toepaslike literêre of linguistiese teorieë en metodes.
c) Onder studieleiding, die vermoë om ŉ toepaslike en kreatiewe navorsingsmetode te konseptualiseer, selekteer, ontwerp en uit te voer om sodoende die geïdentifiseerde probleemvrae aan te spreek.
d) Die vermoë om die verhandeling op ŉ akademiese aanvaarbare wyse te dokumenteer.
e) Die vermoë om ŉ reeks gevorderde en gespesialiseerde vaardighede in die dissipline van Afrikaans en Nederlandse literêre en linguistiese studies en om substansiële werk wat ŉ bydrae tot die studieveld maak te produseer.
f) Waar toepaslik, die vermoë om onafhanklike en toepaslike etiese besluite te neem om die studie in ŉ eties-aanvaarbare wyse uit te voer.

**L.4.3.1.1.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD in Afrikaans en Nederlands of in Algemene Taal- en Literatuur-wetenskap.

**L.4.3.1.1.4 Ander reëls**

Die verskillende kurrikulums en modules waaruit ŉ student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in ŉ betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier ŉ rol speel.

**L.4.3.1.1.5 Kurrikulum L801P : Afrikaans en Nederlands**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| AFLL871 | Afrikaans en Nederlands | 180 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

L.4.3.2 **PROGRAM: MAGISTER ARTIUM IN ALGEMENE TAAL- EN LITERATUUR-WETENSKAP**

**L.4.3.2.1 Kurrikulum L801P: Algemene Taal- en Literatuurwetenskap (verhandeling)**

**L.4.3.2.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ Student moet in besit wees van ŉ erkende Honneurs BA-graad in ŉ taal of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die vakvoorsitter, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale wees met die oog op die voorgenome MA-studie.
b) ŉ Student moet ŉ gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar ŉ student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om ŉ onderhoud te voer met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.
c) Die student moet ook ŉ aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

**L.4.3.2.1.2 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die Meestersprogram in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap, behoort kandidate die volgende te kan demonstreer:

a) Gevorderde en geïntegreerde kennis en kritiese verstaan met betrekking tot Taal- en Literatuurwetenskap en die vermoë om ŉ betekenisvolle teoretiese of praktiese probleem af te baken, beskryf, kontekstualiseer en te regverdig.
b) Die vermoë om ŉ omvattende en kritiese oorsig van leidende en resente literatuur in Taal- en Literatuurwetenskap wat relevant is tot die probleemarea wat ondersoek word in die verhandeling en letterkundige tekste of talkundige data te analiseer, interpreteer en krities te evalueer op ŉ sistematiese en logiese manier in terme van toepaslike literêre of linguistiese teorieë en metodes.
c) Onder studieleiding, die vermoë om ŉ toepaslike en kreatiewe navorsingsmetode te konseptualiseer, selekteer, ontwerp en uit te voer om sodoende die geïdentifiseerde probleemvrae aan te spreek.
d) Die vermoë om die verhandeling op ŉ akademiese aanvaarbare wyse te dokumenteer.
e) Die vermoë om ŉ reeks gevorderde en gespesialiseerde vaardighede in die dissipline van Taal- en Literatuurwetenskap en om substansiële werk wat ŉ bydrae tot die studieveld maak te produseer.
f) Waar toepaslik, die vermoë om onafhanklike en toepaslike etiese besluite te neem om die studie in ŉ eties-aanvaarbare wyse uit te voer.

**L.4.3.2.1.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD-graad in Afrikaans en Nederlands of in Algemene Taal- en Literatuurwetenskap.

**L.4.3.2.1.4 Ander reëls**

Die verskillende programme en modules waaruit 'n student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in 'n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier 'n rol speel.

**L.4.3.2.1.5 Kurrikulum L801P : Algemene Taal- en Literatuurwetenskap**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ATLW871 | Algemene Taal- en Literatuurwetenskap | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

L.4.3.3 **PROGRAM: MAGISTER ARTIUM IN TOEGEPASTE TAALSTUDIE**

**L.4.3.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) 'n Student moet in besit wees van 'n erkende Honneurs BA-graad in 'n taal of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of die status hê van sodanige graad soos deur die Senaat goedgekeur. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die toepaslike studieleier, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome MA-studie.
b) 'n Student moet 'n gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar 'n student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om 'n onderhoud te voer met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.
c) Die student moet ook 'n aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

**L.4.3.3.2 Programuitkomste**

Na voltooiing van die Meestersprogram in Toegepaste Taalstudie, behoort kandidate die volgende te kan demonstreer:

a) Gevorderde en geïntegreerde kennis en kritiese verstaan met betrekking tot Toegepaste Taalstudie en die vermoë om 'n betekenisvolle teoretiese of praktiese probleem af te baken, beskryf, kontekstualiseer en te regverdig.
b) Die vermoë om 'n omvattende en kritiese oorsig van leidende en resente literatuur in Toegepaste Taalstudie wat relevant is tot die probleemarea wat ondersoek word in die verhandeling en letterkundige tekste of talkundige data te analiseer, interpreteer en krities te evalueer op 'n sistematiese en logiese manier in terme van toepaslike literêre of linguistiese teorieë en metodes.

c) Onder studieleiding, die vermoë om ŉ toepaslike en kreatiewe navorsingsmetode te konseptualiseer, selekteer, ontwerp en uit te voer om sodoende die geïdentifiseerde probleemvrae aan te spreek.
d) Die vermoë om die verhandeling op ŉ akademiese aanvaarbare wyse te dokumenteer.
e) Die vermoë om ŉ reeks gevorderde en gespesialiseerde vaardighede in die dissipline van Toegepaste Taalstudie en om substansiële werk wat ŉ bydrae tot die studieveld maak te produseer.
f) Waar toepaslik, die vermoë om onafhanklike en toepaslike etiese besluite te neem om die studie in ŉ eties-aanvaarbare wyse uit te voer.

**L.4.3.3.3 Kurrikulum L801P: Toegepaste Taalstudie**

**L.4.3.3.3.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot **die PhD-graad in die gekose taaldissipline of Algemene Taal- en Literatuur-wetenskap.**

**L.4.3.3.3.2 Ander reëls**

Die modules waaruit ŉ student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in ŉ betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier ŉ rol speel.

**L.4.3.3.3.3 Kurrikulum L801P : Toegepaste Taalstudie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ATTL871 | Toegepaste Taalstudie | 180 |
| **Kredíettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

L.4.3.4 **PROGRAMME: MASTER OF ARTS IN ENGLISH**

**L.4.3.4.1 Specific admission requirements for the programme**

In addition to General Rule A.4.2 of the University the following is also applicable:

a) A student must have an Honours degree in English or have the status of such a degree approved by Senate. Its study contents must be to the satisfaction of the Chairperson of the Subject Group, the Director of the Research Unit, and where necessary, the Director of the School of Languages, for a proposed MA study.
b) A student must have obtained an average mark of at least 65% in the honours examination. In case a student did not obtain 65% in the honours examination, he/she may apply for an interview with the Chairperson of the particular subject group, the School Director and the Director of the Research Unit.
c) The student also has to demonstrate an acceptable level of academic literacy.

**L.4.3.4.2 Programme outcomes**

After completion of the Master's degree in English, candidates should demonstrate:

a) Advanced and integrated knowledge and critical understanding with regard to English literature, linguistics or applied linguistics and the ability to delineate, describe, elucidate, contextualise and justify a significant theoretical or practical problem.
b) The ability to conduct and integrate a comprehensive and critical review of leading and current research in English literature or linguistics relevant to the problem area addressed in the dissertation and analyse, interpret and critically evaluate literary texts or linguistic data in a systematic and logical way in terms of appropriate literary or linguistic theories and methods.
c) Under supervision, the ability to conceptualise, select, design and execute an appropriate and creative research method with a view to addressing the problem questions identified.
d) The ability to document the dissertation in an academically acceptable manner.
e) The ability to use a range of advanced and specialised skills in the discipline of English literary and linguistic studies and produce substantial work that makes a contribution to the field.
f) Where appropriate, the ability to make autonomous and appropriate ethical decisions in order to conduct the study in an ethically acceptable manner.

**L.4.3.4.3 Curriculum L810P: English**

**L.4.3.4.3.1 Articulation**

After successful completion of the curriculum, students can be admitted to the PhD in English.

**L.4.3.4.3.2 Curriculum L810P : English Language and Literature**

| Module code | Descriptive name | Credits |
|---|---|---|
| ENLL871 | English | 180 |
| **Total of credits for the curriculum** | | **180** |

L.4.3.5 **PROGRAM: MAGISTER ARTIUM IN SETSWANA**

**L.4.3.5.1 Kurrikulum L801P : Setswana**

**L.4.3.5.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ Student moet in besit wees van ŉ Honneurs BA-graad in Setswana of ŉ gelykwaardige kwalifikasie.
b) ŉ Student moet ŉ gemiddelde punt van minstens 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het. In die geval waar ŉ student nie 65% in die Honneurs BA-eksamen behaal het nie, mag hy/sy aansoek doen om ŉ onderhoud te voer met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid.

c) Die student moet ook ʼn aanvaarbare vlak van akademiese geletterdheid demonstreer.

**L.4.3.5.1.2 Programuitkomste**

Na voltooiing van die Meestersprogram in Setswana , behoort kandidate die volgende te kan demonstreer:

a) Gevorderde en geïntegreerde kennis en kritiese verstaan met betrekking tot Setswana literatuur, linguistiek of toegepaste linguistiek en die vermoë om ʼn betekenisvolle teoretiese of praktiese probleem af te baken, beskryf, kontekstualiseer en te regverdig.
b) Die vermoë om ʼn omvattende en kritiese oorsig van leidende en resente literatuur in Setswana letterkunde of linguistiek wat relevant is tot die probleemarea wat ondersoek word in die verhandeling en letterkundige tekste of talkundige data te analiseer, interpreteer en krities te evalueer op ʼn sistematiese en logiese manier in terme van toepaslike literêre of linguistiese teorieë en metodes.
c) Onder studieleiding, die vermoë om ʼn toepaslike en kreatiewe navorsingsmetode te konseptualiseer, selekteer, ontwerp en uit te voer om sodoende die geïdentifiseerde probleemvrae aan te spreek.
d) Die vermoë om die verhandeling op ʼn akademiese aanvaarbare wyse te dokumenteer.
e) Die vermoë om ʼn reeks gevorderde en gespesialiseerde vaardighede in die dissipline van Setswana literêre en linguistiese studies en om substansiële werk wat ʼn bydrae tot die studieveld maak te produseer.
f) Waar toepaslik, die vermoë om onafhanklike en toepaslike etiese besluite te neem om die studie in ʼn eties-aanvaarbare wyse uit te voer.

**Setswana**

Fa morago ga go konosetsa dikerii ya Masters ya Setswana, moithuti o tshwanetse a bontsha:

a) Kitso e e tsweletseng e e lomagantsweng le go tlhaloganya ga botlhokwa ga ditlhangwa tsa Setswana, borutapuo (linguistics) le borutapuo jwa bodirisego (applied linguistics) gammogo le bokgoni jwa go tlhalosa, go radisa le go tlhamalatsa, neela mabaka a bokao le ditiori tsa botlhokwa le go emelela bothata jo bo ka dirisiwang.
b) Bokgoni jwa go dira tshekatsheko e e lomaganeng e akaretsa tshekatsheko ya dipatlisiso tsa ga jaana mo ditlhangweng tsa Setswana le tsa borutapuo mo lekaleng le bothata jo patlisiso bo tlaa bo bo mekamekane le jona. Ba sekaseke le go ranola gammogo le go tlhatlhoba ka tsenelelo ditlhangwa kgotsa tshedimosetso ya borutapuo ka tsela e e rulaganeng le ka tatelano go ya ka ditiori le mekgwa ya patlisiso ya ditlhangwa kgotsa ya borutapuo.
c) Ba bontshe bokgoni jwa go neela bokao, go tlhopha, go dira lenaneo le go diragatsa mekgwa e e maleba le ya boitlhamedi ka maikaelelo a go

mekamekana le mathata a a kgethegileng a dipatlisiso ba le mo tlhokomelong ya bafatlhosi ba bona.

d) Bokgoni jwa go kwala patlisiso e e tseneletseng ka tsela e e amogelesegang ya seakademi.

e) Bokgoni jwa go dirisa dikgono tse di tsweletseng tse di kgethegileng mo thutong ya ditlhangwa le borutapuo jwa Setswana le go tlhagisa tiro e e bonalang e e tlaa nnang le seabe mo lekaleng la dithuto tsa Setswana.

f) Mo go leng maleba, go bonagale bokgoni jwa go ka lemoga, go totobatsa le go laola mabaka a maitsholo a a maleba le mekgwa e e dirisitsweng ya patlisiso.

**L.4.3.5.1.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD-graad in Setswana.

**L.4.3.5.1.4 Ander reëls**

a) Die verskillende programme en modules waaruit ’n student kan kies, word in alle gevalle beperk tot dié wat die Skool vir Tale en die betrokke vakgroep volgens sy bepaalde omstandighede in ’n betrokke jaar kan aanbied. Faktore soos verlof van akademiese personeel, getalsbeperkings, e.s.m. kan hier ’n rol speel.

b) Die MA in Setswana word in Engels of in Setswana aangebied. Verhandelings in Engels sal in Setswana vertaal word.

**L.4.3.5.1.5 Kurrikulum L801P : Setswana**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| TSNL871 | Setswana | 180 |
| **Kredietttotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

## L.4.4 MAGISTERGRAADPROGRAMME IN NAVORSINGSFOKUSAREA SOSIALE TRANSFORMASIE

### L.4.4.1 PROGRAM MAGISTER ARTIUM IN BEDRYFSOSIOLOGIE

#### L.4.4.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ Hons B-graad in Sosiologie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet 'n inleidende oriënteringsessie bywoon by die Potchefstroomkampus, op 'n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
c) Meesterstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
d) Indien 'n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot 'n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

#### L.4.4.1.2 Programuitkomste

Die student sal in staat wees om op gevorderde vlak navorsing oor die industrie in die samelewing te kan onderneem en wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Dit sal hom/haar ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde studies te kan voortgaan.

#### L.4.4.1.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die doktorsgraadstudie in Bedryfsosiologie.

#### L.4.4.1.4 Kurrikulum L801P: Bedryfsosiologie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ISOC871 | Bedryfsosiologie | 180 |
| **Kredziettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

### L.4.4.2 PROGRAM: MAGISTER ARTIUM — GESKIEDENIS

#### L.4.4.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ Hons B-graad in Geskiedenis, Kultuurgeskiedenis, Erfenis- en Kultuurtoerisme of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet 'n inleidende oriënteringsessie bywoon by die Potchefstroomkampus, op 'n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
c) Meesterstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.

d) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.4.4.2.2 Programuitkomste**

Die student sal in staat wees om op gevorderde vlak navorsing te kan onderneem oor aspekte wat met die geskiedenis verband hou en om wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Dit sal hom/haar ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde studies te kan voortgaan.

**L.4.4.2.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die doktorsgraadstudie in Geskiedenis toegelaat word.

**L.4.4.2.4 Kurrikulum L820P: Geskiedenis**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| | **Die student moet EEN van die volgende spesialisrigtings kies** | |
| HIST871 | Geskiedenis | 180 |
| | OF | |
| EKTP871 | Erfenis en Kultuurtoerismebestuur | 180 |
| | OF | |
| HISP871 | Kultuurgeskiedenis | 180 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

L.4.4.3 **PROGRAM: MAGISTER ARTIUM IN KOMMUNIKASIE**

**L.4.4.3.1 Kurrikulum L827P: Kommunikasie (verhandeling)**

**L.4.4.3.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ Vierjarige B.kwalifikasie in Kommunikasie waarin die kern- of spesialismodules op die vierde vlak met ŉ gemiddeld van 65% geslaag is, of ŉ honneursgraad in Kommunikasie wat met ŉ gemiddeld van 65% verwerf is, of ŉ gelykwaardige kwalifikasie wat met ŉ gemiddeld van 65% verwerf is.
b) Toelating is onderhewig aan ŉ keuringsproses.

**L.4.4.3.1.2 Kurrikulumuitkomste**

Ná die voltooing van die kurrikulum behoort die student in staat te wees om

a) effektief met gepaste professionele ingesteldheid as kommunikasie-spesialis te funksioneer in ŉ algaande meer komplekswordende kommunikasie-omgewing, waarin geselekteerde praktiese en teoretiese/ abstrakte kommunikasiekonsepte, -praktyke en -data geanaliseer, geëvalueer en rekonstrueer/herskep/herverpak moet word binne ŉ veranderde konteks;
b) kommunikasieprobleme uit die komplekse en veranderende kommunikasie-omgewing te identifiseer, analiseer en te kan kontekstualiseer en toepaslike kommunikasieteorieë en navorsingsmetodes toe te pas om die probleem beide op akademiese en praktykgerigte vlak aan te pak;

c) ʼn navorsingsvoorstel wat aan die instelling se vereistes voldoen saam te stel en binne ses maande na registrasie suksesvol af te handel;
d) die bepaalde kommunikasieprobleem volgens ʼn relevante wetenskaplike metode selfstandig te kan navors en in ʼn geskrewe vorm verslag daaroor te kan doen.
e) tydens colloquia oor enige aspek van die navorsing te kan kommunikeer en beredeneer.

**L.4.4.3.1.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ʼn gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die doktorsgraadstudie in Kommunikasie toegelaat word.

**L.4.4.3.1.4 Kurrikulum L801P : Kommunikasie (verhandeling)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KOMN871 | Kommunikasie (verhandeling) | 180 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

**L.4.4.3.2 Kurrikulum L828P: Kommunikasiepraktyk**

**L.4.4.3.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ʼn Vierjarige B.kwalifikasie in Kommunikasie waarin die modules op die vierde vlak (NKR-vlak 8) met ʼn gemiddeld van 65% geslaag is, of ʼn honneursgraad in Kommunikasiestudies wat met ʼn gemiddeld van 65% verwerf is, of ʼn gelykwaardige kwalifikasie.
b) Toelating tot kurrikulum L828P is onderhewig aan keuring wat gedurende Oktober van die voorafgaande jaar geskied. Besonderhede in dié verband is verkrygbaar by die direkteur van die Skool vir Kommunikasiestudies.
c) Toelatings word na gelang van beskikbare kapasiteit binne die Skool vir Kommunikasiestudies beperk.

**L.4.4.3.2.2 Kurrikulumuitkomste**

By voltooiing van die kurrikulum sal die student in staat wees om:

a) effektief en met gepaste professionele ingesteldheid as kommunikasiespesialis te funksioneer in ʼn algaande meer komplekswordende kommunikasie-omgewing, waarin geselekteerde praktiese en teoretiese/abstrakte kommunikasiekonsepte, -praktyke en -data geanaliseer, geëvalueer en rekonstrueer/herskep/herverpak moet word binne ʼn veranderde konteks;
b) gespesialiseerde kommunikasiebeginsels, -strategieë, -tegnieke en -praktyke toe te pas in spesifieke en geïntegreerde winsgewende sowel as niewinsgewende omgewings, met betrekking tot Dokumentêre video;
c) kommunikasieprobleme uit die komplekse en veranderende kommunikasie-omgewing te identifiseer, analiseer en te kan kontekstualiseer en toepaslike praktykgerigte navorsing te doen om die probleem aan te pak.

**L.4.4.3.2.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ʼn gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die doktorsgraadstudie in Kommunikasie (Dokumentêre video) toegelaat word.

**L.4.4.3.2.4 Ander reëls**

Die eksamensubminimum vir alle modules is 50%.

**L.4.4.3.2.5 Kurrikulum L828P : Kommunikasiepraktyk**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KOMP811 | Teorie | 32 |
| KOMP872 | Spesialisering: Projek A | 32 |
| KOMP873 | Spesialisering: Projek B | 32 |
| KOMP874 | Navorsingsprojek | 32 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **128** |

**L.4.4.3.2.6 Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:**

a) Al die modules is verpligtend. Studente in hierdie kurrikulum spesialiseer slegs in Dokumentêre video.

L.4.4.4 **PROGRAM: MAGISTER ARTIUM IN OPENBARE BESTUUR- EN REGERING**

**L.4.4.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet 'n student oor 'n Hons B-graad in Ontwikkeling en bestuur of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met 'n minimum punt van 65% geslaag is.
b) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet ‘n inleidende oriënteringsessie bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
c) Meesterstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
d) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.4.4.4.2 Programuitkomste**

Die student sal in staat wees om op gevorderde vlak navorsing oor openbare bestuursverskynsels te kan onderneem en wetenskaplik daaroor verslag te doen. Dit sal hom/haar ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde studies te kan voortgaan.

**L.4.4.4.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD-graad in Openbare Bestuur en Regering.

**L.4.4.4.4 Kurrikulum L801P: Openbare Bestuur en Regering**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| PUMA 871 | Openbare Bestuur en Regering | 180 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

L.4.4.5 **PROGRAM: MAGISTER ARTIUM IN POLITIEKE STUDIE**

**L.4.4.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ Hons B-graad in Politieke Studie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet 'n inleidende oriënteringsessie bywoon by die Potchefstroomkampus, op 'n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
c) Meesterstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
d) Indien 'n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot 'n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.4.4.5.2 Programuitkomste**

Die student sal in staat wees om op gevorderde vlak navorsing oor politieke verskynsels te kan onderneem en wetenskaplik daaroor verslag te doen. Dit sal hom of haar ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde studies te kan voortgaan.

**L.4.4.5.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD-graad in Politieke Studie.

**L.4.4.5.4 Kurrikulum L801P : Politieke Studie**

| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
|---|---|---|
| POLS871 | Politieke Studie | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

L.4.4.6 **PROGRAM: MAGISTER ARTIUM IN SOSIOLOGIE**

**L.4.4.6.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ Hons B-graad in Sosiologie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Indien 'n kandidaat nie beskik oor 'n gemiddelde punt van 65% nie, kan hy/sy aansoek doen vir 'n onderhoud met die vakvoorsitter, skooldirekteur, en die direkteur van die navorsingsfokusarea.
c) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet 'n inleidende oriënteringsessie bywoon by die Potchefstroomkampus, op 'n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
d) Meesterstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.

e) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

### L.4.4.6.2 Programuitkomste

Die student sal in staat wees om op gevorderde vlak navorsing oor sosiale verskynsels te kan onderneem en wetenskaplik daaroor verslag te doen. Dit sal hom/haar ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde studies te kan voortgaan.

### L.4.4.6.3 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD-graad in Sosiologie.

### L.4.4.6.4 Kurrikulum L801P: Sosiologie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| SOCL871 | Sosiologie | 180 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

## L.4.4.7 PROGRAM: MAGISTER IN SOSIALE ANTROPOLOGIE

### L.4.4.7.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ Hons B-graad in Sosiale Antropologie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in ‘n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet ‘n inleidende oriënteringsessie bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
c) Meesterstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
d) Indien ‘n kandidaat nie beskik oor ‘n gemiddelde punt van 65% nie, kan hy/sy aansoek doen vir ‘n onderhoud met die vakvoorsitter, skooldirekteur, en die direkteur van die navorsingsfokusarea.
e) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

‘n Kandidaat mag versoek word om ‘n onlangse skryfstuk in te dien, ten einde sy/haar vlak van akademiese geletterdheid te bepaal.

### L.4.4.7.2 Programuitkomste

Na suksesvolle voltooiing van die program sal die student oor die volgende beskik:

a) Spesialiskennis om krities met huidige etnografiese navorsing en praktyk om te gaan, asook gevorderde kundigheid en navorsing in ‘n spesifieke veld binne Sosiale Antropologie as dissipline.
b) Die vermoë om huidige prosesse kan kennisontwikkeling te evalueer, om sodoende ‘n gepaste ondersoekproses te kies in die betrokke veld van Sosiale Antropologiese navorsing.
c) Die vermoë om gepaste en kreatiewe navorsingsmetodes te kies, en om hierdie metodes in komplekse veldwerk en teoretiese probleme toe te pas, ten einde komplekse en uitdagende probleme aan te spreek in die betrokke veld van Sosiale Antropologiese navorsing.
d) Die vermoë om outonome etiese besluite te maak wat kennisontwikkeling affekteer, om sodoende ‘n bydra te maak tot etiese standaarde in die breër dissipline.
e) Die vermoë om ‘n strategie vir die prosessering en bestuur van inligting te ontwerp, om sodoende ‘n volledige literatuuroorsig te skep binne die betrokke veld van die dissipline.
f) Die vermoë om akademiese diskoers te gebruik wat gepas is om die praktyk van etnografiese veldwerk te kommunikeer en die idees wat uit navorsing in die verband spruit te verdedig vir ‘n wye spektrum van gehore met verskillende vlakke van kennis en vaardighede.
g) Die vermoë om sy/haar eie leerstrategieë te ontwikkel wat onafhanklike leer en akademiese ontwikkeling bevorder, en om doeltreffend te skakel met die akademiese konteks om hierdie leer en ontwikkeling te bevorder.
h) Die vermoë om onafhanklik te funksioneer en om volle verantwoordelikheid te aanvaar vir sy/haar eie werk, en om stelsels en prosesse te inisieer wat goeie hulpbronnebestuur en praktyk verseker.

### L.4.4.7.3 Kurrikulum L801P: Sosiale Antropologie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| SANL871 | Sosiale Antropologie | 180 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

## L.4.4.8 PROGRAM: MAGISTER IN ONTWIKKELING EN BESTUUR

### L.4.4.8.1 Kurrikulum L883P: Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid

#### L.4.4.8.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die kurrikulum

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet ’n student oor ’n Hons B-graad of ’n gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ’n minimum punt van 65% geslaag is.
b) ‘n Beperkte aantal kandidate word elke jaar toegelaat, en is afhanklik van personeelkapasiteit. Alle aansoeke word streng volgens akademiese meriete beoordeel.
c) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure. Bywoning is verpligtend en versuim mag lei tot kansellasie van studie, waarna ‘n student heraansoek moet doen vir die volgende akademiese jaar.

d) Gestruktureerde Meestersgraadstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.

e) Indien 'n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot 'n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.4.4.8.1.2 Kurrikulumuitkomste**

Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal studente toegerus word om die bestuursfunksie in hulle beroepe op gevorderde vlak te bemeester asook om ŉ verskeidenheid fasette van volhoubare ontwikkeling te bemeester (o.a. Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid en die Politieke Omgewing en Transformasie) om sodoende die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale omgewing te kan verstaan en vaardig te kan bestuur.

**L.4.4.8.1.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot die doktorsgraadstudie in Ontwikkeling en Bestuur (L943P) toegelaat word.

**L.4.4.8.1.4 Kurrikulum L883P: Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid**

| | **Verpligte modules** | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| MDMA873 | Skripsie (2de jaar) | 90 |
| MPMB811 | Navorsingsmetodologie | 15 |
| SOCL 812 | Volhoubare Ontwikkeling: teoretiese oriëntasie | 15 |
| MPMB812 | Openbare Bestuur | 15 |
| SOCL824 | Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid: betekenis en oorsprong | 15 |
| SOCL825 | Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid: implementering en impak | 15 |
| POLI825 | Regeerkunde en Transformasie | 15 |
| | **Krediettotaal van die kurrikulum** | **180** |

**L.4.4.8.2 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- Studente moet ses (6) modules en die skripsie voltooi.
- Studente moet MPMB811, SOCL824 en SOCL825 slaag om met die skripsie voort te gaan.
- Studente mag nie vir bykomstige of verpligte modules registreer wat nie deel vorm van sy/haar se gekose kurrikulum nie. Indien 'n student vir 'n bykomstige module registreer, sal dit as "addisionele module" geregistreer word wat nie vir krediete tot die program tel nie.

**L.4.4.8.3 Kurrikulum L885P: Regeerkunde en Politieke Transformasie**

**L.4.4.8.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die kurrikulum**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet 'n student oor 'n Hons B-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met 'n minimum punt van 65% geslaag is.
b) 'n Beperkte aantal kandidate word elke jaar toegelaat, en is afhanklik van personeelkapasiteit. Alle aansoeke word streng volgens akademiese meriete beoordeel.
c) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op 'n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure. Bywoning is verpligtend en versuim mag lei tot kansellasie van studie, waarna 'n student heraansoek moet doen vir die volgende akademiese jaar.
d) Gestruktureerde Meestersgraadstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
e) Indien 'n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot 'n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.4.4.8.3.2 Kurrikulumuitkomste**

Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal studente toegerus word om die bestuursfunksie in hulle beroepe op gevorderde vlak te bemeester om sodoende die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale omgewing vaardig te kan bestuur.

**L.4.4.8.3.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot die doktorsgraadstudie in Openbare bestuur en Regering (L945P) toegelaat word.

**L.4.4.8.3.4 Kurrikulum L885P: Regeerkunde en Politieke Transformasie**

| | **Verpligte modules** | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| MDMA873 | Skripsie (2de jaar) | 90 |
| MPMB811 | Navorsingsmetodologie | 15 |
| MPMB812 | Openbare Bestuur | 15 |
| MPMB819 | Strategiese Leierskap | 15 |
| POLI824 | Die politieke omgewing: SA toepassing | 15 |
| POLI825 | Regeerkunde en Transformasie | 15 |
| POLI826 | Veranderings- en Konflikbestuur | 15 |
| | **Kredieттotaal van die kurrikulum** | **180** |

**L.4.4.8.3.5 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- Studente moet ses (6) modules en die skripsie voltooi.
- Studente moet MPMB811, POLI825 en POLI826 slaag om met die skripsie voort te gaan.

- Studente mag nie vir bykomstige of verpligte modules registreer wat nie deel vorm van sy/haar se gekose kurrikulum nie. Indien ‘n student vir ‘n bykomstige module registreer, sal dit as “addisionele module” geregistreer word wat nie vir krediete tot die program tel nie.

**L.4.4.8.4 Kurrikulum L886P: Sekerheidstudies en Bestuur**

**L.4.4.8.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die kurrikulum**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ Hons B-graad of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) ‘n Beperkte aantal kandidate word elke jaar toegelaat, en is afhanklik van personeelkapasiteit. Alle aansoeke word streng volgens akademiese meriete beoordeel.
c) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure. Bywoning is verpligtend en versuim mag lei tot kansellasie van studie, waarna ‘n student heraansoek moet doen vir die volgende akademiese jaar.
d) Gestruktureerde Meestersgraadstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
e) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.4.4.8.4.2 Kurrikulumuitkomste**

Met die kennis wat in hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die student beter toegerus wees met analitiese vaardighede rakende sekerheid wat op ŉ gevorderde bestuursvlak van toepassing is. Die student sal sodoende ŉ positiewe bydrae kan maak tot die komplekse Suid-Afrikaanse sosiale omgewing.

**L.4.4.8.4.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot ŉ doktorsgraadstudie in Ontwikkeling en Bestuur (L946P) toegelaat word.

**L.4.4.8.4.4 Kurrikulum L886P: Sekerheidstudies en Bestuur**

| | **Verpligte modules** | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| MDMA873 | Skripsie (2de jaar) | 90 |
| MPMB811 | Navorsingsmetodologie | 15 |
| MPMB812 | Openbare Bestuur | 15 |
| MPMB819 | Strategiese Leierskap | 15 |
| INTL824 | Strategiese Sekureitsrisikobestuur | 15 |
| INTL825 | Sekerheidstudies Toepassing | 15 |
| POLI826 | Veranderings- en Konflikbestuur | 15 |
| | **KredKiettotaal van die kurrikulum** | **180** |

**L.4.4.8.4.5 Reëls vir samestelling van die kurrikulum:**

- Studente moet ses (6) modules en die skripsie voltooi.
- Studente moet MPMB811, INTL824 en INTL825 slaag om met die skripsie voort te gaan.
- Studente mag nie vir bykomstige of verpligte modules registreer wat nie deel vorm van sy/haar se gekose kurrikulum nie. Indien ‘n student vir ‘n bykomstige module registreer, sal dit as “addisionele module” geregistreer word wat nie vir krediete tot die program tel nie.

**L.4.4.8.5 Kurrikulum L887P: Sosiale Transformasie en Bestuur**

**L.4.4.8.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die kurrikulum**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 4.2 van die Universiteit moet ʼn student oor ʼn Hons B-graad of ʼn gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ʼn minimum punt van 65% geslaag is.
b) ‘n Beperkte aantal kandidate word elke jaar toegelaat, en is afhanklik van personeelkapasiteit. Alle aansoeke word streng volgens akademiese meriete beoordeel.
c) Alle studente wat toegelaat word tot die program moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure. Bywoning is verpligtend en versuim mag lei tot kansellasie van studie, waarna ‘n student heraansoek moet doen vir die volgende akademiese jaar.
d) Gestruktureerde Meestersgraadstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
e) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.4.4.8.5.2 Kurrikulumuitkomste**

Met die kennis wat in hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die student beter toegerus wees met analitiese vaardighede rakende sosiale transformasie wat op ʼn gevorderde bestuursvlak van toepassing is. Die student sal sodoende ʼn positiewe bydrae kan maak tot die komplekse Suid-Afrikaanse sosiale omgewing.

**L.4.4.8.5.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot doktorsgraad-studie in Ontwikkeling en Bestuur (L947P) toegelaat word.

**L.4.4.8.5.4 Kurrikulum L887P: Sosiale Transformasie en Bestuur**

| | Verpligte modules | |
|---|---|---|
| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
| MDMA873 | Skripsie (2de jaar) | 90 |
| MPMB811 | Navorsingsmetodologie | 15 |
| MPMB819 | Strategiese Leierskap | 15 |
| SOCL814 | Die Suid-Afrikaanse samelewing | 15 |
| POLI824 | Die politieke omgewing: SA toepassing | 15 |
| POLI825 | Regeerkunde en Transformasie | 15 |
| POLI826 | Veranderings- en Konflikbestuur | 15 |
| | **Kredietttotaal van die kurrikulum** | **180** |

**L.4.4.8.5.5 Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:**

- Studente moet ses (6) modules en die skripsie voltooi.
- Studente moet MPMB811, SOCL814 en POLI825 slaag om met die skripsie voort te gaan.
- Studente mag nie vir bykomstige of verpligte modules registreer wat nie deel vorm van sy/haar se gekose kurrikulum nie. Indien ‘n student vir ‘n bykomstige module registreer, sal dit as “addisionele module” geregistreer word wat nie vir krediete tot die program tel nie.

L.4.4.9 **PROGRAM MAGISTER IN PUBLIEKE ADMINISTRASIE**

**L.4.4.9.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

Hierdie program is spesifiek gestruktureer en saamgestel om (i) aan die vereistes en spesifikasies van die *Executive Development Programme* (EDP) van die *National School of Government* (NSG), ingevolge ŉ tender vir senior bestuursopleiding, te voldoen en (ii) voorsiening te maak vir studente wie die Nagraadse Diploma in Bestuur: Openbare en Nie-winsgerigte Bestuur verwerf het. Slegs studente wat oor die volgende nie-formele Kortkursus Sertifikate of kwalifikasies, naas die vereistes gestel in Algemene Reël A.4.2beskik sal oorweeg word:

a) Kandidate wat ‘n gemiddeld van ten minste 65% behaal het in die informele Kortkursus Leerprogram (NLP): Nagraadse kortkursus Sertifikaat in Uitvoerende Leierskap plus ŉ B-graad of ŉ gelykwaardige kwalifikasie; óf
b) Kandidate wat beskik oor ‘n B-graad, asook ‘n Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur: Openbare en Nie-winsgerigte Bestuur verwerf het met ‘n gemiddelde punt van 65%.
c) Slegs studente wat een van die twee bogenoemde programme voltooi het mag aansoek doen vir hierdie program.
d) Modules wat in daardie kwalifikasies voltooi mag dien as krediete vir die modules in die Magister in Publieke Administrasie program, met inbegrip van module uitkomstes, vlakbeskrywers, voorgeskrewe tydsbesteding, kredietgewig en NWU en Fakulteitsreëls.
e) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

f) Alle kandidate wat toegelaat word, moet op ŉ datum wat deur die Skooldirekteur vasgestel word, ŉ verpligte inleidende en oriënterende seminaar op die Potchefstroomkampus bywoon.
g) Meestersgraadstudente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
h) Indien 'n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot 'n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.4.4.9.2 Kurrikulum: L831P: Publieke Administrasie**

**L.4.4.9.2.1 Programuitkomste**

Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal studente beter toegerus wees om hul beroepe in die owerheidsektor met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die komplekse Suid-Afrikaanse sosiale omgewing effektief te kan bestuur.

**L.4.4.9.2.2 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente tot die doktorsgraadstudie in Openbare Bestuur en Regering (L900P) toegelaat word.

**L.4.4.9.2.3 Kurrikulum L831P: Publieke Administrasie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| MPAD873 | Skripsie | 100 |
| MPAD874 | Navorsing vir Senior Bestuur | 20 |
| MPAD875 | Veranderingsbestuur | 20 |
| MPAD876 | Kommunikasie en kliëntgerigte strategieë | 20 |
| MPAD877 | Die Suid-Afrikaanse ekonomie in ŉ globale konteks | 20 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

**L.4.4.9.2.4 Reël vir samestelling van die kurrikulum:**

Al die modules moet voltooi word.

**L.4.4.9.3 PROGRAM FILOSOFIE (MAGISTER PHILOSOPHAE)**

**L.4.4.9.4 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ Hons BA-graad in Filosofie óf ŉ gelykwaardige kwalifikasie.
b) Die direkteur van die Skool vir Filosofie kan ŉ voornemende student toelating tot die magisterstudie weier indien hy daarvan oortuig is dat die standaard van die betrokke voornemende student nie aan die kurrikulumvereistes voldoen nie.
c) Van voornemende studente wat in terme van a) hierbo aansoek doen om toelating kan vereis word om aanvullende voorbereidende werk te doen tot bevrediging van die direkteur.

### L.4.4.9.5 Programuitkomste

Die student sal daartoe in staat wees om op gevorderde vlak navorsing oor filosofiese verskynsels te kan onderneem en wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Dit sal hom of haar ook die nodige voorbereiding gee om met verdere gevorderde studies voort te kan gaan.

### L.4.4.9.6 Kurrikulum L801P: Filosofie

#### L.4.4.9.6.1 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD-graad in Filosofie.

#### L.4.4.9.6.2 Kurrikulum L801P: Filosofie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| FILO871 | Filosofie: (verhandeling) | 180 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

## L.4.5 MAGISTERGRAADPROGRAMME IN DIE NISAREA MUSIKALE KUNSTE IN SUID-AFRIKA: HULPBRONNE EN TOEPASSINGS

### L.4.5.1 **PROGRAM: MUSIEKWETENSKAP (verhandeling)**

#### L.4.5.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) Studente moet ŉ minimum van 70% vir die BMus IV-werkstuk behaal het.
b) Studente mag slegs ŉ onderwerp kies uit ŉ vakgebied waarmee tot op BMus IV-vlak gevorder is.
c) Daar kan van studente verwag word om hulle BMus IV-werkstuk (MUSW411, 421) aan die navorsingskomitee voor te lê sodat bepaal kan word of hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.
d) Studente sal slegs tot die program toegelaat word nadat die navorsingskomitee ŉ kort geskrewe voorlegging deur hulle oor die beoogde tema en doelwitte van hulle verhandeling goedgekeur het.
e) Daar kan van studente verwag word om hulle voorlegging met die navorsingskomitee te bespreek.
f) Wanneer studente weens bepaalde redes nie aan hierdie voorgeskrewe vereistes voldoen nie, mag hulle toestemming kry om bewys te lewer aan die navorsingskomitee dat hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.

#### L.4.5.1.2 Programuitkomste

Na voltooiing van die program, behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer:

a) Spesialis kennis wat die kandidaat in staat stel om in huidige navorsingpraktyk betrokke te raak en dit te kritiseer; gevorderde navorsingskundigheid binne 'n spesifieke musiekveld of –praktyk.

b) Die vermoë om huidige prosesse van kennisproduksie te evalueer en om toepaslike prosesse van navorsing binne die veld van musiekstudie en -praktyk toe te pas.

c) Die vermoë om gepaste en kreatiewe metodes, tegnieke en prosedures te ontwerp, te kies en toe te pas op komplekse praktiese en teoretiese probleme in musieknavorsing.

d) Die vermoë om 'n wye spektrum van gespesialiseerde vaardighede in die identifikasie, konseptualisering, ontwerp en implementering van navorsingsmetodes toe te pas sodat komplekse en uitdagende probleme binne 'n musiekveld -praktyk aangespreek kan word; en 'n begrip van die gevolge van enige oplossings of insigte wat binne 'n spesialis-musieknavorsingskonteks geïdentifiseer word.

e) Die vermoë om outonome etiese besluite te neem wat kennisproduksie raak; ook die vermoë om krities by te dra tot die ontwikkeling van etiese standaarde binne 'n spesifieke musieknavorsingskonteks.

f) Die vermoë om strategieë van informasieprosessering en -bestuur te ontwerp en te implementeer, sodat 'n oorsiggewende blik oor toonaangewende huidige musieknavorsing binne 'n area van spesialisasie gegee kan word om beduidende insigte tot gevolg te hê.

g) Die vermoë om akademiese en professionele diskoers te gebruik om belangrike idees wat die resultaat van musieknavorsing is te kommunikeer en te verdedig; die vermoë om gevorderde en spesialisnavorsingsvaardighede en -diskoerse wat ter sake is in 'n musiekveld of -praktyk te gebruik om te kommunikeer met 'n verskeidenheid van gehore op verskeie vlakke van kennis en kundigheid.

h) Die vermoë om eie leerstrategieë te ontwikkel wat onafhanklike leer en akademiese ontwikkeling onderhou, en om effektiewe interaksie met die musieknavorsingsgemeenskap te bevorder as 'n manier om leer te bevorder.

i) Die vermoë om onafhanklik te werk en om volle verantwoordelikheid te neem vir sy of haar werk.

**L.4.5.1.2.1 Kurrikulum L801P: Magister Musicae in Musiekwetenskap**

**L.4.5.1.2.2 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die PhD-studie in Musiek toegelaat word.

**L.4.5.1.2.3 Kurrikulum L801P: Musiekwetenskap (verhandeling)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| MUSN871 | Musiek (verhandeling) | 180 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

**Reëls vir die samestelling van die kurrikulum:**

Met goedkeuring van die betrokke entiteit se navorsingskomitee en Fakulteitsdagbestuur mag ‘n student artikels wat vir publikasie in ‘n geakkrediteerde tydskrif ingehandig is, vir eksaminering in die plek van ‘n verhandeling indien. Die verhandeling moet steeds as ŉ eenheid, aangevul met ŉ oorkoepelende probleemstelling, ŉ toegespitste literatuurontleding en -integrasie en met ŉ samevattende slotbespreking aangebied word en die betrokke tydskrifte se riglyne moet ook ingesluit word.

Vir kurrikulum L801P moet die student binne ses maande na registrasie in oorleg met ‘n moontlike studieleier ‘n navorsingsvoorstel en titelregistrasie vir goedkeuring aan ‘n liggaam soos bepaal deur die fakulteitsreëls voorlê, welke liggaam die benoeming van die studieleier en waar nodig, mede- of hulpstudieleiers in oorleg met die direkteure of navorsingsnisleier wat belang daarby het, formaliseer.

**L.4.5.2 PROGRAM: MUSIEKWETENSKAP (skripsie en modules)**

**L.4.5.3 HIERDIE KURRIKULUM FASEER UIT EN DAAR IS NIE INNAMES VANAF 2017 NIE**

**L.4.5.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) Studente moet ŉ minimum van 65% gemiddeld vir die nie-praktiese vakke in die finale jaar van die BMus-kursus behaal het.
b) Studente moet ŉ minimum van 65% vir die BMus IV-werkstuk behaal het.
c) Studente mag slegs ŉ onderwerp vir hulle skripsie kies uit ŉ vakgebied waarmee tot op BMus IV-vlak gevorder is.
d) Daar kan van studente verwag word om hulle BMus IV-werkstuk (MUSW411, 421) aan die navorsingskomitee voor te lê sodat bepaal kan word of hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.
e) Wanneer studente weens bepaalde redes nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, mag hulle toestemming kry om bewys te lewer aan die navorsingskomitee dat hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.

**L.4.5.3.2 Programuitkomste**

Aan die einde van die studie is die student in staat om binne die veld van die musiekwetenskap selfstandig met kennisverwerwing en -hantering om te gaan, probleme krities en kreatief te benader en op te los, en mondelings en skriftelik effektief daaroor te kan kommunikeer.

**L.4.5.3.3 Kurrikulum L874P: Musiekwetenskap (skripsie en modules)**

**L.4.5.3.3.1 Artikulasie**

Kandidate wat die program suksesvol voltooi het, sal tot die PhD-program in musiek toegelaat word slegs nadat hulle aan die navorsingskomitee van die Skool vir Musiek bewys gelewer het dat hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.

**L.4.5.3.3.2 Kurrikulum L874P: Musiekwetenskap (skripsie en modules)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| MUSN873 | Skripsie | 60 |
| MUSN874 | *Capita selecta* | 40 |
| MUSN875 | *Capita selecta* | 40 |
| MUSN876 | *Capita selecta* | 40 |
| **Kredièttotaal van die kurrikulum** | | **180** |

**L.4.5.3.3.3 Reël vir die samestelling van die kurrikulum:**

Die inhoud van modules MUSN874, MUSN875 en MUSN876 behels geselekteerde onderwerpe uit die musiekwetenskap. ŉ Kandidaat mag een van hierdie modules as ŉ praktiese vak aanbied. Hierdie vak moet aansluit by die onderwerp van ten minste een van die ander modules.

Met goedkeuring van die betrokke entiteit se navorsingskomitee en Fakulteitsdagbestuur mag ‘n student ‘n artikel wat vir publikasie in ‘n geakkrediteerde tydskrif ingehandig is, vir eksaminering in die plek van ‘n skripsie indien.

Vir kurrikulum L874P moet die student binne ses maande na registrasie in oorleg met ‘n moontlike studieleier ‘n navorsingsvoorstel en titelregistrasie vir goedkeuring aan ‘n liggaam soos bepaal deur die fakulteitsreëls voorlê, welke liggaam die benoeming van die studieleier en waar nodig, mede- of hulpstudieleiers in oorleg met die direkteure of navorsingsnisleier wat belang daarby het, formaliseer.

L.4.5.4 **PROGRAM: MUSIEK UITVOEREND (skripsie en konsertprogramme)**

**L.4.5.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot die Algemene Reëls van die Universiteit geld die volgende:

a) Studente moet ’n minimum van 70% vir die uitvoerende module in die finale jaar van die BMus-kursus behaal het.
b) Studente moet ’n praktiese oudisie suksesvol aflê en ’n repertoriumlys voorlê.
c) Studente moet ’n minimum van 65% vir die BMus IV-werkstuk behaal het.
d) Studente mag slegs ’n onderwerp vir hulle skripsie kies uit ’n vakgebied waarmee tot op BMus IV-vlak gevorder is.
e) Daar kan van studente verwag word om hulle BMus IV-werkstuk (MUSW411, 421) aan die navorsingskomitee voor te lê sodat bepaal kan word of hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.
f) Studente sal slegs tot die program toegelaat word nadat die navorsingskomitee ’n kort geskrewe voorlegging deur hulle oor die beoogde tema en doelwitte van hulle skripsie goedgekeur het.
g) Daar kan van studente verwag word om hulle voorlegging met die navorsingskomitee te bespreek.
h) Wanneer studente weens bepaalde redes nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, mag hulle toestemming kry om bewys te lewer aan die navorsingskomitee dat hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.

**L.4.5.4.2 Programuitkomste**

Aan die einde van die studie is die student in staat om binne die veld van musiekuitvoering selfstandig met kennisverwerwing en -hantering om te gaan, probleme krities en kreatief te benader en op te los, en dit effektief te kan toepas in praktiese uitvoering.

**L.4.5.4.3 Kurrikulum L875P: Musiek Uitvoerend (skripsie en konsertprogramme)**

**L.4.5.4.3.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat 65% verwerf het vir beide die praktiese en die teoretiese dele onderskeidelik) toegelaat word tot die DMus-graad in musiekuitvoering.

**L.4.5.4.3.2 Kurrikulum L875P: Musiek Uitvoerend (skripsie en konsertprogramme)**

| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
|---|---|---|
| MUSN873 | Skripsie | 60 |
| MUSN877 | Konsertprogram 1 | 40 |
| MUSN878 | Konsertprogram 2 | 40 |
| MUSN879 | Konsertprogram 3 | 40 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

### L.4.5.4.3.3 Reël vir samestelling van die kurrikulum:

Die kurrikulum bestaan uit ʼn skripsie (MUSN873) en drie konsertprogramme van ten minste 40 minute (blasers & sangers) of 50 minute (ander instrumente) elk, met ʻn totaal van 150 minute (blasers en sangers) of 180 minute (ander instrumente). Met goedkeuring van die betrokke entiteit se navorsingskomitee en Fakulteitsdagbestuur mag ʻn student ʻn artikel wat vir publikasie in ʻn geakkrediteerde tydskrif ingehandig is, vir eksaminering in die plek van ʻn skripsie indien.

Vir kurrikulum L875P moet die student binne ses maande na registrasie in oorleg met ʻn moontlike studieleier ʻn navorsingsvoorstel en titelregistrasie vir goedkeuring aan ʻn liggaam soos bepaal deur die fakulteitsreëls voorlê, welke liggaam die benoeming van die studieleier en waar nodig, mede- of hulpstudieleiers in oorleg met die direkteure of navorsingsnisleier wat belang daarby het, formaliseer.

## L.4.5.4.4 PROGRAM: MAGISTER MUSICAE IN MUSIEKKOMPOSISIE

### L.4.5.4.5 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot die Algemene Reëls van die Universiteit geld die volgende:

a) Studente moet ʼn minimum van 70% vir komposisie in die finale jaar van die BMus-kursus behaal het.
b) Daar kan van studente vereis word om ʼn portefeulje van oorspronklike komposisies voor te lê.
c) Studente moet ʼn minimum van 65% vir die BMus IV-werkstuk behaal het.
d) Studente mag slegs ʼn onderwerp vir hulle skripsie kies uit ʼn vakgebied waarmee tot op BMus IV-vlak gevorder is.
e) Daar kan van studente verwag word om hulle BMus IV-werkstuk (MUSW411, 421) aan die navorsingskomitee voor te lê sodat bepaal kan word of hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.
f) Studente sal slegs tot die program toegelaat word nadat die navorsingskomitee ʼn kort geskrewe voorlegging deur hulle oor die beoogde tema en doelwitte van hulle skripsie goedgekeur het.
g) Daar kan van studente verwag word om hulle voorlegging met die navorsingskomitee te bespreek.
h) Wanneer studente weens bepaalde redes nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen nie, mag hulle toestemming kry om bewys te lewer aan die navorsingskomitee dat hulle voldoende voorberei is vir hulle studie.

### L.4.5.4.6 Programuitkomste

a) die vermoë bestaan om, gelei deur eie insigte, gepaste kreatiewe metodes, tegnieke en prosesse te ontwerp, of te selekteer, en toe te pas om komplekse praktiese en teoretiese probleme op te los in die skep van komposisies;

b) die vermoë bestaan om komplekse en uitdagende probleme tydens die skep van 'n komposisie aan te spreek deur 'n verskeidenheid gespesialiseerde vaardighede en metodes van ondersoek te gebruik n.a.v. 'n sintese van materiaal en prosedures van analise van eie komposisies;

c) die vermoë bestaan om gespesialiseerde kennis toe te pas ten einde betrokkenheid by en kritisering van huidige prosesse in die veld van musiekkomposisie te bewerkstellig en om eie komposisies en komposisies van

ander komponiste te evalueer ten einde insig te verkry om eie komposisies te verbeter;

d) etiese en professionele praktyke bestaan, asook die vermoë om outonome etiese besluite wat die komposisieproses affekteer, te neem;

e) bestuur van eie leer bestaan, asook die vermoë om sy of haar eie komposisiestrategieë te ontwikkel, wat onafhanklike leer en professionele ontwikkeling as komponis kan volhou.

**L.4.5.4.7 Kurrikulum L801P: Musiek Komposisie (skripsie en komposisie portefeuljes)**

**L.4.5.4.7.1 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat , vir beide die skripsie en komposisie portefeuljes onderskeidelik, 'n gemiddelde punt van 65% verwerf het) toegelaat word tot die DMus-graad in komposisie.

**L.4.5.4.7.2 Kurrikulum L801P: Musiekkomposisie (skripsie en komposisie portefeuljes)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| MUSN873 | Skripsie | 60 |
| MUSN881 | Portefeulje 1 | 40 |
| MUSN882 | Portefeulje 2 | 40 |
| MUSN883 | Portefeulje 3 | 40 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **180** |

**L.4.5.4.7.3 Reël vir samestelling van die kurrikulum:**

Die kurrikulum bestaan uit 'n skripsie (MUSN873) en drie portefeuljes van oorspronklike komposisies van minstens 20 minute elk, met 'n totale tydsduur van minstens **75 minute.** Met goedkeuring van die betrokke entiteit se navorsingskomitee en Fakulteitsdagbestuur mag 'n student 'n artikel wat vir publikasie in 'n geakkrediteerde tydskrif ingehandig is, vir eksaminering in die plek van 'n skripsie indien.

Vir kurrikulum L801P moet die student binne ses maande na registrasie in oorleg met 'n moontlike studieleier 'n navorsingsvoorstel en titelregistrasie vir goedkeuring aan 'n liggaam soos bepaal deur die fakulteitsreëls voorlê, welke liggaam die benoeming van die studieleier en waar nodig, mede- of hulpstudieleiers in oorleg met die direkteure of navorsingsnisleier wat belang daarby het, formaliseer.

## L.4.6 EKSAMINERING

Eksaminering geskied volgens Algemene Reël A.4.4 van die Universiteit.

## L.4.7 MAGISTERGRAADPROGRAMME IN DIE NISAREA VISUELE NARRATIEWE EN KREATIEWE UITSETTE DEUR INTERDISSIPLINÊRE EN PRAKTYKGELEIDE NAVORSING

### L.4.7.1 PROGRAM: GRAFIESE ONTWERP (PRAKTYK)

#### L.4.7.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ vierjarige BA Grafiese Ontwerp-kwalifikasie of gelykwaardige kwalifikasie waarin die kernmodules in die finale jaar met ŉ gemiddeld van 65% geslaag was
b) Toelating tot kurrikulum L801P geskied na keuring in Oktober van die voorafgaande jaar. Voornemende studente moet 'n geskrewe voorlegging van hul voorgenome tema vir studie inhandig vir toelating tot magister studie. Besonderhede in dié verband is verkrygbaar by die direkteur van die Skool vir Kommunikasiestudies.
c) Toelatings sal beperk word na gelang van beskikbare kapasiteit binne die Skool vir Kommunikasiestudies.

#### L.4.7.1.2 Programuitkomste

Ná voltooiing van die kurrikulum sal die student in staat wees om

a) effektief en met gepaste professionele ingesteldheid as visueel-geletterde grafiese ontwerper te kan funksioneer in ŉ algaande meer komplekswordende kommunikasie-omgewing, waarin grafiese ontwerp praktiese en teoretiese/abstrakte kommunikasiekonsepte, -praktyke en -data geanaliseer, geëvalueer en rekonstrueer/herskep/herverpak moet word binne ŉ Suid Afrikaanse konteks en gekose spesialiteitsveld van die student;
b) gespesialiseerde grafiese ontwerp-beginsels en visuele geletterdheid, -strategieë, -tegnieke en -praktyke te kan toepas in spesifieke en geïntegreerde winsgewende sowel as nie-winsgewende omgewings, met betrekking tot die oplos van ontwerpgerigte probleme wat betrekking het tot die fokus waarin die student gespesialiseer het;
c) kommunikasieprobleme uit die komplekse en veranderende grafiese ontwerpomgewing te identifiseer, analiseer en te kan kontekstualiseer en toepaslike praktykgerigte navorsing te doen om die probleem te hanteer;
d) as grafiese ontwerp-praktisyn en -navorser die etiese kwessies binne ŉ veranderende grafiese ontwerpomgewing te kan identifiseer en kontekstualiseer.

#### L.4.7.1.3 Kurrikulum L801P: Grafiese Ontwerp (Praktyk)

##### L.4.7.1.3.1 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die PhD-graad in Kommunikasie of Kunsgeskiedenis, nadat hulle deur ŉ keuringspaneel geëvalueer en goedgekeur is.

##### L.4.7.1.3.2 Ander reëls

Die eksamensubminimum vir alle modules is 50%.

**L.4.7.1.3.3 Kurrikulum L801P: Grafiese Ontwerp (Praktyk)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| GRFN811 | Ontwerpteorie en navorsingsmetodologie | 36 |
| GRFN874 | Grafiese Ontwerp: Proses | 36 |
| GRFN875 | Grafiese Ontwerp: Praktiese portefeulje | 48 |
| GRFN873 | Skripsie | 60 |
| **Kredietttotaal van die kurrikulum** | | **180** |

**L.4.7.1.3.4 Reël vir samestelling van die kurrikulum:**

Al die modules moet voltooi word. Met goedkeuring van die betrokke entiteit se navorsingskomitee en Fakulteitsdagbestuur mag ‘n student ‘n artikel wat vir publikasie in ‘n geakkrediteerde tydskrif aanvaar is, indien in die plek van ‘n skripsie.

L.4.7.2 **PROGRAM: KUNSGESKIEDENIS**

**L.4.7.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) Studente moet in besit wees van ŉ BA-Honneursgraad in Kunsgeskiedenis [soos goedgekeur deur die senaat] met ŉ gemiddeld van 60% in al die modules.
b) Studente moet ŉ minimum van 65% in KSGS681 en in KSGS679 behaal het.
c) In die geval van ŉ gelykwaardige kwalifikasie aan ŉ ander tersiêre instelling, word van ŉ student verwag om vir KSGS681 in te skryf en opdragte, toegepas op die tema vir die student se Meestersgraadverhandeling, in te handig vir bepunting.
d) Die nagraadse komitee kan van studente vereis om hul teoretiese insigte en toepassingsvaardighede skriftelik in opdragvorm te demonstreer.
e) Studente moet aansoek doen vir toelating tot die MA-program in KSGS voor 12 Januarie van die jaar waarin hulle wil inskryf.
f) Toelating tot die MA is onderhewig aan beskikbaarheid van studieleiers en kundigheid.

**L.4.7.2.2 Programuitkomste**

Nà afhandeling van hierdie program behoort studente in staat te wees om:

a) ŉ navorsingsvoorstel op ŉ kritiese en kreatiewe manier te kan skryf waarin die student ŉ navorsingswaardige probleem binne die veld van Kunsgeskiedenis identifiseer waaruit kritiese vakteoretiese en -metodologiese insigte in probleemoplossing en toepassings duidelik blyk;
b) kennis en insig onafhanklik te kan verwerf, beheers en toepas;
c) kunswerke te kan ontleed, interpreteer en krities te kan evalueer;
d) eie ingeligte gemotiveerde standpunte te kan inneem en binne ŉ uitgesproke lewens- en wêreldvisie te kan plaas;
e) oor akademiese skryfvaardighede te beskik en toepaslike akademiese taal skriftelik te kan aanbied.

**L.4.7.2.3 Kurrikulum L801P : Kunsgeskiedenis**

**L.4.7.2.3.1 Artikulasie**

Nà suksesvolle voltooiing van die MA-program kan studente wat ŉ gemiddeld van 60% vir die MA-verhandeling behaal het, toegelaat word tot die PhD-graad in Kunsgeskiedenis.

**L.4.7.2.3.2 Kurrikulum L801P : Kunsgeskiedenis**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KSGA871 | Kunsgeskiedenis | 180 |
| **Kredietttotaal vir die kurrikulum** | | **180** |

## L.4.8 MAGISTERGRAADPROGRAMME BUITE DIE NAVORSINGS-EENHEID, NAVORSINGSFOKUSAREA EN NISAREAS

### L.4.8.1 PROGRAM: FILOSOFIE (MAGISTER PHILOSOPHIAE)

#### L.4.8.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Bykomend tot Algemene Reël A.4.2 van die Universiteit geld die volgende:

a) ŉ Honeurs of hoër kwalifikasie in ŉ ander studierigting as die Filosofie.
b) Kandidate moet PHIL211 (Ontologie) en PHIL221 (Geskiedenis van die Filosofie) suksesvol afgelê het voordat hulle met kurrikulum L816P kan begin.

#### L.4.8.1.2 Programuitkomste

Ná afloop van hierdie program sal ŉ student in staat wees om

a) gevorderde vlak navorsing oor die filosofiese grondslae van die moderne kultuur in die algemeen en moderne wetenskap in die besonder te onderneem;
b) filosofiese tekste en temas te analiseer, interpreteer, rekonstrueer, en kritiseer;
c) probleemstellings in filosofiese idees en tekste te identifiseer, kontekstualiseer en hipoteses as moontlike antwoorde te ontwikkel wat op die alledaagse lewe en die wetenskap toegepas kan word;
d) wetenskaplik oor sy resultate verslag te doen.

#### L.4.8.1.3 Kurrikulum L817P: Filosofie

##### L.4.8.1.3.1 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente (wat die kwalifikasie met ŉ gemiddelde punt van 65% verwerf het) tot die doktorsgraadstudie in Filosofie toegelaat word.

##### L.4.8.1.3.2 Kurrikulum L817P: Filosofie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| FILM873 | Skripsie | 84 |
| FILM878 | Moderne en Kontemporêre Filosofie | 24 |
| FILM879 | Christelike Filosofie | 24 |
| FILM880 | Sistematiek I | 24 |
| FILM881 | Sistematiek II | 24 |
| **Kredietttotaal van die kurrikulum** | | **180** |

##### L.4.8.1.3.3 Reël vir samestelling van die kurrikulum:

Al die modules moet voltooi word.

## L.5 REËLS VIR DOKTORSGRADE

Die doktorsgraad in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte volg op ŉ magistergraad of nadat die status van ŉ magistergraad verleen is.

| **Vir die volgende doktorsgraadprogramme moet die jaarboeke van die onderskeie fakulteite, soos aangedui, geraadpleeg word** | |
|---|---|
| Arbeidsverhoudinge | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Bedryfsielkunde | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Ekonomie | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Geografie en Omgewingstudie | Natuurwetenskappe |
| Psigologie | Gesondheidswetenskappe |
| Rekenaarwetenskap | Natuurwetenskappe |
| Toerismebestuur | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe |
| Wiskunde | Natuurwetenskappe |

### L.5.1 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van die studie is twee jaar en die maksimum duur is vier jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.

### L.5.2 TOELATINGSVEREISTES VAN DIE KWALIFKASIE

Die toelatingsvereistes word gespesifiseer in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit. Spesifieke toelatingsvereistes van die onderskeie programme en kurrikulums word in die reëls van die programme en kurrikulums gestel.

Met verwysing na die tegniese vereistes waaraan ‘n betrokke skryfstuk moet voldoen, word studente na die *Handleiding vir Nagraadse Studie* verwys.

### L.5.3 DOKTORSGRAADPROGRAMME IN DIE NAVORSINGSEENHEID TALE EN LITERATUUR IN DIE SUID-AFRIKAANSE KONTEKS

#### L.5.3.1 PROGRAM: AFRIKAANS EN NEDERLANDS

#### L.5.3.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Afrikaans en Nederlands of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik.
b) Die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, moet met ŉ gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie ŉ punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid ŉ onderhoud te voer.
c) Voordat ŉ student kan registreer vir ŉ doktorsgraad, kan die direkteur van die navorsingseenheid in oorleg met die vakgroepvoorsitter van hom/haar verwag om by wyse van ŉ tentamen en/of seminare bewys te lewer dat hy/sy tuis is op die hele terrein van die Afrikaanse en Nederlandse letterkunde of taalkunde, sowel as die teorie van die taal of literatuur.

### L.5.3.1.2 Programuitkomste

Na voltooiing van die PhD-program in Afrikaans en Nederlands, behoort kandidate die volgende te demonstreer:

a) Gevorderde deskundigheid en kritiese kennis van Afrikaans en Nederlandse literatuur, linguistiek of toegepaste linguistiek.

b) Die vermoë om nuwe navorsingsinisiatiewe te konseptualiseer en/of ŉ substansiële gaping in die studieveld te identifiseer deur spesialis-letterkundige of -linguistiese kennis en teorie in krities-reflektiewe, kreatiewe en oorspronklike wyses om spesifieke komplekse teoretiese of praktiese probleme eie aan die dissipline te identifiseer, af te baken en te kontekstualiseer.

c) Die vermoë om relevante en onlangse literatuur oor die onderwerp te ontgin, analiseer, evalueer, sintetiseer en te integreer en letterkundige tekste of taalkundige data te ontleed, interpreteer en krities te evalueer in terme van toepaslike benaderings, teorieë en metodes.

d) Die vermoë om ŉ toepaslike navorsingsontwerp te formuleer, evalueer en toe te pas, saam met toepaslike navorsingsmetodes om ŉ komplekse navorsingsprobleem aan te spreek, om daarmee op ŉ betekenisvolle wyse by te dra tot die teorie en praktyk van die dissipline van Afrikaans en Nederlands.

e) Die vermoë om ŉ proefskrif in ŉ akademies-aanvaarbare manier te dokumenteer.

f) Produksie van betekenisvolle en onafhanklike, in-diepte en publiseerbare werk wat aan internasionale standaarde voldoen en wat ŉ substansiële en oorspronklike bydrae maak tot die dissipline van Afrikaans en Nederlandse literêre en linguistiese studies.

g) Waar toepaslik, die vermoë om etiese aspekte wat relevant is tot die navorsingsmetodes wat gebruik word, te identifiseer, spesifiseer en bestuur.

### L.5.3.1.3 Kurrikulum L901P : Afrikaans en Nederlands

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| AFLL971 | Afrikaans en Nederlands (proefskrif / artikelmodel) | 360 |
| **Kredietttotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

L.5.3.2 **PROGRAM: ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP**

**L.5.3.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in ŉ taal of in Algemene Taal- en/of Literatuurwetenskap of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die toepaslike studieleier, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome PhD-studie.

b) Die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, moet met ŉ gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie ŉ punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die toepaslike studieleier, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid ŉ onderhoud te voer.

**L.5.3.2.2 Programuitkomste**

Na voltooiing van die PhD-program in Algememe Taal- en Literatuurwetenskap, behoort kandidate die volgende te demonstreer:

a) Gevorderde deskundigheid en kritiese kennis van die dissipline van Taal- en Literatuurwetenskap.

b) Die vermoë om nuwe navorsingsinisiatiewe te konseptualiseer en/of ŉ substansiële gaping in die studieveld te identifiseer deur spesialis-letterkundige of linguistiese kennis en teorie in krities-reflektiewe, kreatiewe en oorspronklike wyses om spesifieke komplekse teoretiese of praktiese probleme eie aan die dissipline te identifiseer, af te baken en te kontekstualiseer.

c) Die vermoë om relevante en onlangse literatuur oor die onderwerp te ontgin, analiseer, evalueer, sintetiseer en te integreer en letterkundige tekste of taalkundige data te ontleed, interpreteer en krities te evalueer in terme van toepaslike benaderings, teorieë en metodes.

d) Die vermoë om ŉ toepaslike navorsingsontwerp te formuleer, evalueer en toe te pas, saam met toepaslike navorsingsmetodes om ŉ komplekse navorsingsprobleem aan te spreek, om daarmee op ŉ betekenisvolle wyse by te dra tot die teorie en praktyk van die dissipline van Taal- en Literatuurwetenskap .

e) Die vermoë om ŉ proefskrif in ŉ akademies-aanvaarbare manier te dokumenteer.

f) Produksie van betekenisvolle en onafhanklike, in-diepte en publiseerbare werk wat aan internasionale standaarde voldoen en wat ŉ substansiële en oorspronklike bydrae maak tot die dissipline van Taal- en Literatuurwetenskap .

g) Waar toepaslik, die vermoë om etiese aspekte wat relevant is tot die navorsingsmetodes wat gebruik word, te identifiseer, spesifiseer en bestuur.

**L.5.3.2.3 Kurrikulum L901P: Algemene Taal- en Literatuurwetenskap**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ATLW971 | Algemene Taal- en Literatuurwetenskap (proefskrif / artikelmodel) | 360 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

L.5.3.3 **PROGRAMME ENGLISH**

**L.5.3.3.1 Specific admission requirements of the programme**

Apart from the requirements stated in General Rule A.5.2. of the University, only students who obtained 65% or more in the preceding MA study will be considered for admission to PhD study in English. Students who did not obtain this required minimum may arrange for a joint interview with the chairperson of the subject group, and the director of the research unit.

**L.5.3.3.2 Programme outcomes**

After completion of the PhD programme in English, candidates should demonstrate:

a) Advanced expertise and critical knowledge of English literature, linguistics or applied linguistics

b) The ability to conceptualise new research initiatives and/or identify a substantial gap within the field of study by implementing specialist literary or linguistic knowledge and theory in critically reflexive, creative and novel ways to identify, demarcate and contextualise specific complex theoretical or practical problems specific to the discipline.

c) The ability to access, analyse, evaluate, synthesise and integrate relevant and recent literature on the topic under investigation and analyse, interpret and critically evaluate and interpret literary texts or linguistics data in terms of appropriate approaches, theories and methods.

d) The ability to formulate, evaluate and execute an appropriate research design, complete with suitable research methods in order to address a complex research problem, thereby contributing in a meaningful manner to the theory and practice of the discipline of English.

e) The ability to document a thesis in an academically acceptable manner.

f) Production of significant and independent, in-depth and publishable work that meets international standards and makes a substantial and original contribution to the discipline of English literary and linguistic studies.

g) Where appropriate, the ability to identify, specify and manage ethical issues relevant to the research methods employed.

**L.5.3.3.3 Curriculum L901P : English**

| Module code | Descriptive name | Credits |
|---|---|---|
| ENLL971 | English Language and Literature (thesis / article model) | 360 |
| **Total of credits for the curriculum** | | **360** |

L.5.3.4 **PROGRAM: SETSWANA**

**L.5.3.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2. van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Setswana of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik. Die studie-inhoud daarvan moet tot die bevrediging van die vakgroepvoorsitter, die direkteur van die navorsingseenheid en, indien nodig, die direkteur van die Skool vir Tale, wees met die oog op die voorgenome PhD-studie.

b) Die magistergraad wat toelating tot hierdie kurrikulum bied, moet met ŉ gemiddelde punt van minstens 65% verwerf word. Studente wat nie ŉ punt van 65% vir die toepaslike magistergraad verwerf het nie, kan aansoek doen om met die betrokke vakgroepvoorsitter, die skooldirekteur en die direkteur van die navorsingseenheid ŉ onderhoud te voer.

**L.5.3.4.2 Programuitkomste**

Na voltooiing van die PhD-program in Setswana, behoort kandidate die volgende te demonstreer:

a) Gevorderde deskundigheid en kritiese kennis van Setswana literatuur, linguistiek of toegepaste linguistiek.

b) Die vermoë om nuwe navorsingsinisiatiewe te konseptualiseer en/of ŉ substansiële gaping in die studieveld te identifiseer deur spesialis-letterkundige of linguistiese kennis en teorie in krities-reflektiewe, kreatiewe en oorspronklike wyses om spesifieke komplekse teoretiese of praktiese probleme eie aan die dissipline te identifiseer, af te baken en te kontekstualiseer.

c) Die vermoë om relevante en onlangse literatuur oor die onderwerp te ontgin, analiseer, evalueer, sintetiseer en te integreer en letterkundige tekste of taalkundige data te ontleed, interpreteer en krities te evalueer in terme van toepaslike benaderings, teorieë en metodes.

d) Die vermoë om ŉ toepaslike navorsingsontwerp te formuleer, evalueer en toe te pas, saam met toepaslike navorsingsmetodes om ŉ komplekse navorsingsprobleem aan te spreek, om daarmee op ŉ betekenisvolle wyse by te dra tot die teorie en praktyk van die dissipline van Setswana.

e) Die vermoë om ŉ proefskrif in ŉ akademies-aanvaarbare manier te dokumenteer.

f) Produksie van betekenisvolle en onafhanklike, in-diepte en publiseerbare werk wat aan internasionale standaarde voldoen en wat ŉ substansiële en oorspronklike bydrae maak tot die dissipline van Setswana literêre en linguistiese studies.

g) Waar toepaslik, die vermoë om etiese aspekte wat relevant is tot die navorsingsmetodes wat gebruik word, te identifiseer, spesifiseer en bestuur.

**Setswana**

Fa morago ga go konosetsa porogerama ya PhD ya Setswana, moithuti o tshwanetse a bontsha:

a) Boitseanape jo bo tsweletseng le kitso e e botlhokwa ya ditlhangwa tsa Setswana, borutapuo (linguistics) kgotsa borutapuo jwa bodirisego (applied linguistics).

b) Bokgoni jwa go akanya ka megopolo ya boitlhamedi jo bošwa kgotsa go supa mekhino e e botlhokwa mo lekaleng la thuto ka go dirisa kitso le tiori e e kgethegileng ya ditlhangwa kgotsa ya borutapuo ka go itirisa, go itshekatsheka, go itlhamela le go itshimololela ka ditsela tse di ka dirang gore o lemoge, o kgaoganye le go neela mabaka a bokao jwa ditiori tse di kgethegileng tse di marara kgotsa mathata a a bonagalang a le maleba le thuto ya Setswana.

c) Bokgoni jwa go fitlhelela, sekaseka, tlhatlhoba, kopanya le go lomaganya ditlhangwa tse di maleba le tsa ga jaana mo setlhogong se se sekasekiwang, o bo o se sekaseka, o ranola le go tlhatlhoba ka tsenelelo, o ranola ditlhangwa kgotsa tshedimosetso ya borutapuo go ya ka melawana ya melebo, ditiori le ditsela tse di maleba.

d) Bokgoni jwa go tlhama, tlhatlhoba le go diragatsa kakanyetso/lenaneo le le maleba la patlisiso, le feletse le na le mekgwa e e maleba ya patlisiso gore o kgone go mekamekana le bothata jo bo marara jwa patlisiso mme ka go rialo o nne le seabe ka tsela e e thusang tota mo tioring le tiragatso ya thuto ya Setswana.

e) Bokgoni jwa go kwala kakanyotheo (thesis) ka mokgwa o o amogelesegang wa seakademi.

f) Go tlhagisa tiro e e botlhokwa ya gago, e o ikemetseng ka bowena mo go yona, e e tseneletseng e bile e ka phasaladiwa, e le mo maemong a boditšhabatšhaba le go neela kitso e e botlhokwa e e itshimololetsweng mo dithutong tsa ditlhwangwa tsa Setswana le tsa borutapuo.

g) Mo go leng maleba, go bonagale bokgoni jwa go ka lemoga, go totobatsa le go laola mabaka a maitsholo a a maleba le mekgwa e e dirisitsweng ya patlisiso.

**L.5.3.4.3 Ander reëls**

a) Die Vakgroep Setswana behou hom die reg voor om aanvullend tot die eksaminering van die proefskrif ook ŉ mondelinge of skriftelike eksamen in ŉ Taalkunderigting óf ŉ Letterkunderigting te vereis.
b) Die PhD in Setswana word in Engels of in Setswana aangebied. Proefskrifte in Engels sal in Setswana vertaal kan word.

**L.5.3.4.4 Kurrikulum L901P : Setswana**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| TSNL971 | Setswana (proefskrif / artikelmodel) | 360 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

## L.5.4 DOKTORSGRAADPROGRAMME IN DIE FOKUSAREA SOSIALE TRANSFORMASIE

### L.5.4.1 PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - BEDRYFSOSIOLOGIE

#### L.5.4.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Bedryfsosiologie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in 'n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.

b) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

c) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat 'n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook 'n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word.

d) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op 'n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.

e) PhD-studente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.

f) Indien 'n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot 'n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

#### L.5.4.1.2 Programuitkomste

Die student sal in staat wees om wetenskaplike navorsing in die industriële sektor op ŉ gevorderde vlak te kan onderneem en daaroor verslag te doen. Met die kennis en vaardighede wat met hierdie kurrikulum opgedoen word, sal die student in staat wees om ŉ gevorderde kennisbydrae in die veld van Bedryfsosiologie te lewer en só meehelp om navorsingskundigheid in hierdie veld uit te bou

#### L.5.4.1.3 Kurrikulum L901P: Bedryfsosiologie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| ISOC971 | Bedryfsosiologie (proefskrif) | 360 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **360** |

L.5.4.2 **PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - GESKIEDENIS**

**L.5.4.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Geskiedenis of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in ‘n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.

b) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

c) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat ‘n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook ‘n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word.

d) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.

e) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.5.4.2.2 Programuitkomste**

Die student sal in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

**L.5.4.2.3 Kurrikulum L901P: Geskiedenis**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| HIST971 | Geskiedenis (proefskrif) | 360 |
| **Kredietttotaal van die kurrikulum** | | **360** |

**L.5.4.2.4 PROGRAM: PhD IN KOMMUNIKASIEWETENSKAPPE**

**L.5.4.2.5 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Kommunikasiestudies of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.

b) Studente wat nie oor hierdie minimumvereiste beskik nie, kan aansoek doen vir ŉ onderhoud met die navorsingsprogramleier, die direkteur van die Fokusarea en die direkteur van die Skool vir Kommunikasiestudies waartydens moontlike toelating oorweeg mag word.

c) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

**L.5.4.2.6 Programuitkomste**

Ná voltooiing van die kurrikulum sal die student oor die vaardighede beskik om:

a) ŉ gekose kommunikasieprobleem in die verwikkelde en veranderende kommunikasie-omgewing te kan na speur, ontleed en in konteks te plaas deur toepaslike navorsingsmetodes te kies om die navorsingsprobleem te hanteer;
b) die gekose navorsingsmetodes op ŉ hoë vlak te kan bemeester en toe te pas en die keuse van die betrokke metode(s) te kan verantwoord;
c) ŉ navorsingsvoorstel saam te stel wat aan die instellings se vereistes voldoen en dit binne ses maande na registrasie suksesvol af te handel;
d) deur nuwe insigte en kennis op hoëvlakwaarde tot die uitbouing van die dissipline toe te voeg;
e) effektief as kommunikasiespesialis op te tree in ŉ kommunikasie-omgewing wat algaande meer verwikkeld word;
f) self die navorsingsproses te bestuur, verantwoordbare resultate te bereik en verantwoordelikheid vir die navorsingsuitkomste te aanvaar;
g) gekose praktiese en teoretiese kommunikasiebegrippe, -praktyke en -data te ontleed, beoordeel en rekonstrueer/herskep/herverpak;
h) gespesialiseerde kommunikasiebeginsels, -tegnieke en -praktyke te gebruik en toe te pas in spesifieke en geïntegreerde omgewings soos Kommunikasiebestuur, Joernalistiek, Dokumentêre video, Kommunikasie vir sosiale verandering , Organisasiemediabestuuren verwante velde;
i) ŉ hoë etiese en morele waardesisteem in die toepas van kommunikasiepraktyke te kan handhaaf;
j) ŉ toepaslike professionele uitgangspunt en werksetiek te handhaaf wat uitnemendheid verseker in ŉ mededingende kommunikasie-omgewing;
k) ŉ sensitiwiteit te toon vir die rol van kommunikasie in ŉ multikulturele en uiteenlopende besigheids- en sosiale omgewing;
l) respek te toon vir die waarde en rol van vryheid van spraak in ŉ demokratiese samelewing.

**L.5.4.2.7 Kurrikulum L901P : Kommunikasie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KOMS971 | Kommunikasie (proefskrif) | 360 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

L.5.4.3 **PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - OPENBARE BESTUUR EN REGERING**

**L.5.4.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Openbare Bestuur en Regering of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in ‘n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.
c) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat ‘n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook ‘n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word.

d) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.

e) PhD-studente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.

f) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.5.4.3.2 Programuitkomste**

Die student sal in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

**L.5.4.3.3 Kurrikulum L901P : Openbare Bestuur en Regering**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| PUMA971 | Openbare Bestuur en Regering (proefskrif) | 360 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

L.5.4.4 **PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - POLITIEKE STUDIE**

**L.5.4.4.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Politieke Studie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in ‘n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.

b) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

c) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat ‘n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook ‘n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word.

d) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.

e) PhD-studente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.

f) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.5.4.4.2 Programuitkomste**

Die student sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie program opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

**L.5.4.4.3 Kurrikulum L901P : Politieke Studie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| POLS971 | Politieke Studie (proefskrif) | 360 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

**L.5.4.5 PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - SOSIOLOGIE**

**L.5.4.5.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Sosiologie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in ‘n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Indien ‘n kandidaat nie beskik oor ‘n gemiddelde punt van 65% nie, kan hy/sy aansoek doen vir ‘n onderhoud met die vakvoorsitter, skooldirekteur, en die direkteur van die navorsingsfokusarea
c) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.
d) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat ‘n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook ‘n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word.
e) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
f) PhD-studente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie. Versuim in hierdie verband mag lei tot terminering van die student se studies.
g) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan.

**L.5.4.5.2 Programuitkomste**

Die student sal daartoe in staat wees om wetenskaplike navorsing op ŉ gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis en vaardighede wat met hierdie kurrikulum opgedoen word, sal die student in staat wees om ŉ gevorderde kennisbydrae in die veld van Sosiologie te lewer en só by te dra tot die uitbou van navorsingskundigheid in hierdie veld.

**L.5.4.5.3 Kurrikulum L901P: Sosiologie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| SOCL971 | Sosiologie (proefskrif) | 360 |
| **Kredièttotaal van die kurrikulum** | | **360** |

**L.5.4.6 PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - KORPORATIEWE SOSIALE VERANTWOORDELIKHEID**

**L.5.4.6.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur (kurrikulum L883P) of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in ‘n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat ‘n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook ‘n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word
c) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.
d) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
e) PhD-studente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie.
f) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan

**L.5.4.6.2 Programuitkomste**

Die student sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

**L.5.4.6.3 Kurrikulum L901P: Korporatiewe Sosiale Verantwoordelikheid**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| SOCC971 | Proefskrif | 360 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **360** |

**L.5.4.7 PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - REGEERKUNDE EN POLITIEKE TRANSFORMASIE**

**L.5.4.7.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program**

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur (kurrikulum L885P) of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in 'n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.

b) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat 'n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook 'n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word

c) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

d) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op 'n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.

e) PhD-studente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie.

f) Indien 'n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot 'n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan

**L.5.4.7.2 Programuitkomste**

Die student sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

**L.5.4.7.3 Kurrikulum L901P: Regeerkunde en Politieke Transformasie**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| POLT971 | Proefskrif | 360 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **360** |

## L.5.4.8 PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - SEKERHEIDSTUDIE EN BESTUUR

### L.5.4.8.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur (kurrikulum L886P) of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in 'n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat 'n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook 'n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word
c) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.
d) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op 'n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.
e) PhD-studente moet binne 6 maande vanaf registrasie 'n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie.
f) Indien 'n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot 'n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan

### L.5.4.8.2 Programuitkomste

Die student sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

### L.5.4.8.3 Kurrikulum L901P: Sekerheidstudie en Bestuur

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| MINT971 | Proefskrif | 360 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **360** |

## L.5.4.9 PROGRAM: PhD IN SOSIALE WETENSKAP - SOSIALE TRANSFORMASIE EN BESTUUR

### L.5.4.9.1 Spesifieke toelatingsvereistes en reëls van die program

a) Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël 5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur (kurrikulum L887P) of ŉ gelykwaardige kwalifikasie in 'n verwante dissipline beskik wat met ŉ minimum punt van 65% geslaag is.
b) Kandidate wat oor die minimumkriteria beskik mag voorlopige toelating ontvang, afhangende van beskikbare personeelkapasiteit. Kandidate mag daarna versoek word om deur verdere keuringsproses te ondergaan (wat

‘n voorlopige navorsingsvoorstel insluit asook ‘n colloquiumvoorlegging) voor finale toelating toegeken word

c) ŉ Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Skool. Alle aansoeke sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

d) Alle studente wat toegelaat word tot die program (insluitende kandidate met voorlopige toelating) moet alle inleidende en oriënteringsessies bywoon by die Potchefstroomkampus, op ‘n datum bepaal deur die Navorsing- en Skooldirekteure.

e) PhD-studente moet binne 6 maande vanaf registrasie ‘n navorsingsvoorstel inhandig, wat voldoen aan die vereistes vir titelregistrasie.

f) Indien ‘n student aanvaar word tot die program, mag hy/sy nie gedurende die akademiese jaar van program verander nie. Die student moet formeel sy/haar studies kanselleer en aansoek doen vir toelating tot ‘n ander program vir die volgende akademiese jaar. In sodanige geval is toelating nie outomaties nie, en die aansoeker sal die normale toelatingsprosedure ondergaan

**L.5.4.9.2 Programuitkomste**

Die student sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak te kan onderneem en om op die hoogste vlak wetenskaplik daaroor verslag te kan doen. Met die kennis wat met hierdie kurrikulum opgedoen sal word, sal die student ook beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee en om op gevorderde vlak die verwikkelde Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter te kan verstaan.

**L.5.4.9.3 Kurrikulum L901P: Sosiale Transformasie en Bestuur**

| **Modulekode** | **Beskrywende naam** | **Krediete** |
|---|---|---|
| SOCC971 | Proefskrif | 360 |
| **Kredietotaal van die kurrikulum** | | **360** |

L.5.4.10 **PROGRAM: PhD in FILOSOFIE**

**L.5.4.10.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Filosofie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ‘n minimum van 65% geslaag is. Van voornemende studente kan verwag word om aanvullende voorbereidende werk te doen ter bevrediging van die direkteur van die Skool vir Filosofie.

**L.5.4.10.2 Programuitkomste**

a) Die student sal daartoe in staat wees om navorsing op gevorderde vlak oor ŉ filosofiese probleem te kan onderneem, ŉ bydrae te lewer tot nuwe kennis oor die betrokke probleem en om op wetenskaplike wyse daaroor verslag te kan doen.

b) Met die kennis wat met hierdie kursus opgedoen word, sal die student beter toegerus wees om sy/haar beroep met vertroue te beklee omdat sy/haar vermoë om insig en ŉ omvattende oorsig te toon deur die studie van die Filosofie ontwikkel word. Hy/sy sal dus onder andere op gevorderde vlak die komplekse Suid-Afrikaanse sosiale spektrum beter kan verstaan.

#### L.5.4.10.3 Kurrikulum L910P: Filosofie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| FILO971 | Filosofie (proefskrif) | 360 |
| **Krediettotaal van die kurrikulum** | | **360** |

## L.5.5 DOKTORSGRAADPROGRAMME IN DIE NISAREA MUSIKALE KUNSTE IN SUID-AFRIKA: HULPBRONNE EN TOEPASSINGS

### L.5.5.1.1.1 PROGRAM: PHILOSOPHIAE DOCTOR IN VISUELE EN UITVOERENDE KUNS (MUSIEK)

### L.5.5.1.2 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Musiek beskik wat met ‘n minimum van 65% geslaag is. Indien dit ‘n gedoseerde magistergraad is moet die studente eers bewys aan die navorsingskomitee lewer, dat hulle voldoende voorbereid vir hulle studies is.

### L.5.5.1.3 Kurrikulumuitkomste

Na afloop van die studie sal die kandidaat in staat weet om die volgende te demonstreer:

a) kundigheid en kritiese kennis op die voorpunt van die musikale veld; die vermoë om nuwe navorsingsinisiatiewe te konseptualiseer en om oorspronklike insigte, praktyke of interpretasies in 'n duidelike, samehangende en logiese argument te verwoord.

b) die vermoë om by te dra tot vakkundige debatte oor teorieë van kennis en prosesse van kennisproduksie in musieknavorsing; om 'n bydrae te maak tot die bevordering en ontwikkeling van kennis.

c) die vermoë om metodes, tegnieke, prosesse of sisteme in kreatiwe en innoverende maniere op gepaste wyses in gespesialiseerde en komplekse musieknavorsingskontekste toe te pas.

d) die vermoë om spesialiskennis en teorieë in kritiese, refleksiewe, kreatiewe en nuwe maniere toe te pas om komplekse praktiese en teoretiese musieknavorsingsprobleme aan te spreek.

e) die vermoë om etiese navorsingskwessies te identifiseer, aan te spreek en te beheer, en om prosesse van etiese besluitneming, insluitend monitering en evaluasie van die gevolge van sulke besluite waar van toepassing, te bevorder.

f) die vermoë om onafhanklike uitsprake oor data te maak binne 'n iteratiewe proses van ontleding en sintese, sodat beduidende oorspronklike insigte in nuwe komplekse en abstrakte idees, informasie of kwessies binne die musiekveld aan die lig kan kom.

g) die vermoë om substansiële, onafhanklike, gedetailleerde en publiseerbare werk van internasionale standaard, wat as nuut of innoverend deur 'n portuurgroep beskou word, en wat 'n beduidende bydrae maak tot die musiekdissipline -praktyk, te produseer; die vermoë om 'n kommunikasiestrategie te ontwikkel om musieknavorsingsbevindinge te versprei.

h) die vermoë om navorsings-, strategiese en beleidsinisiatiwe en hulle implementering aan beide spesialis en nie-spesialisgehore aan te bied deur volledige gebruikmaking van die hulpbronne van akademiese, professionele en beroepsdiskoers.

i) intellektuele onafhanklikheid, navorsingsleierskap en bestuur van navorsing en navorsingsontwikkeling in 'n musiekdisipline –praktyk; die vermoë om onafhanklik te werk en om volle verantwoordelikheit te neem vir sy of haar navorsing.

**L.5.5.1.4 Kurrikulum L901P : Musiek**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| MUSN971 | Musiek (proefskrif) | 360 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

Met goedkeuring van die betrokke entiteit se navorsingskomitee en Fakulteitsdagbestuur mag ‘n student ‘n reeks artikels wat vir publikasie in ‘n geakkrediteerde tydskrif ingehandig is, vir eksaminering in die plek van ‘n proefskrif indien. Die proefskrif moet steeds as ՚n eenheid, aangevul met ՚n oorkoepelende probleemstelling, ՚n toegespitste literatuurontleding en -integrasie en met ՚n samevattende slotbespreking aangebied word en die betrokke tydskrifte se riglyne moet ook ingesluit word.

Vir kurrikulum L901P moet die student binne ses maande na registrasie in oorleg met ‘n moontlike studieleier ‘n navorsingsvoorstel en titelregistrasie vir goedkeuring aan ‘n liggaam soos bepaal deur die fakulteitsreëls voorlê, welke liggaam die benoeming van die studieleier en waar nodig, mede- of hulpstudieleiers in oorleg met die direkteure of navorsingsnisleier wat belang daarby het, formaliseer.

L.5.5.2 **PROGRAM: DOCTOR MUSICAE IN UITVOERENDE MUSIEK**

**L.5.5.2.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum**

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit geld die volgende toelatingsvereistes:

a) ՚n student moet oor ՚n magistergraad in Musiek Uitvoerend of ՚n gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ‘n minimum van 65%, in beide die praktiese en teoretiese dele onderskeidelik, geslaag is;
b) ՚n praktiese oudisie en die indiening van ՚n repertoriumlys vir goedkeuring.

**L.5.5.2.2 Programuitkomste**

**Na afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om te demonstreer dat:**

a) diepte van kritiese kennis en tegniese bemeestering in die veld van komposisie bestaan en die vermoë het om nuwe / oorspronklike perspektiewe tov komposisie te skep;
b) gespesialiseerde kennis, tegnieke en prosesse outonoom geskep en toegepas kan word, gelei deur eie insigte en krities refleksiewe, kreatiewe en innoverende wyses om komplekse praktiese en teoretiese probleme aan te spreek tydens die skep van komposisies;
c) die vermoë bestaan om gesofistikeerde kennis toe te pas ten einde betrokkenheid by en kritiese evaluering van huidige prosesse in die veld van musiekkomposisie te bewerkstellig en om sy of haar eie komposisies

te evalueer met behulp van onafhanklik gegenereerde kriteria ter verbetering van eie komposisies;

d) die vermoë bestaan om komposisiestrategieë onafhanklik en outonoom te beoordeel ten einde beduidenswaardige insig daarin te verkry en sodoende onafhanklike leer en eie ontwikkeling as komponis te volhou;

e) die vermoë bestaan om werke vir ‘n substansiële, in-diepte komposisieportefeulje te komponeer wat aan internasionale/professionele standaarde voldoen, deur eweknieë as oorspronklik beskou word, en ‘n beduidende bydrae tot die veld van musiekkomposisie maak in ‘n gespesialiseerde konteks en/of genre; en om ‘n kommunikasiestrategie te ontwikkel waardeur die werke uiteindelik op estetiese en verantwoordbare wyse in die publiek vrygestel kan word tydens ‘n uitvoering;

f) etiese en professionele praktyke bestaan, sowel as die vermoë om outonome etiese besluite wat die skep van komposisies affekteer, te neem, asook om alle opinies in die veld van musiekkomposisie te evalueer vanuit ‘n gesofistikeerde en goed gefundeerde wêreldbeskouing en om bewus te wees van die sosiale en etiese implikasies van ‘n verantwoordelike komponis se professionele optrede;

g) die vermoë bestaan om onafhanklik te funksioneer en volle verantwoordelikheid vir sy of haar werk as komponis te neem; en waar gepas, leiding te neem in die algehele toesig oor en bestuur van 'n nuwe komposisie.

**L.5.5.2.3 Kurrikulum L901P: Musiekuitvoering**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| MUSN972 | Musiek (skryfstuk) | 120 |
| MUSN974 | Konsertprogram 1 | 60 |
| MUSN975 | Konsertprogram 2 | 60 |
| MUSN976 | Konsertprogram 3 | 60 |
| MUSN977 | Konsertprogram 4 | 60 |
| **Kredsiettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

**Die kurrikulum bestaan uit die volgende:**

- ’n Skryfstuk (MUSN972) van beperkte omvang.
- Vier konsertprogramme van ten minste 40 minute (blasers en sangers) of 50 minute (ander instrumente) elk, met ’n totaal van 200 minute (blasers en sangers) of 240 minute (ander instrumente). Met goedkeuring van die betrokke entiteit se navorsingskomitee en Fakulteitsdagbestuur mag ‘n student ‘n artikel wat vir publikasie in ‘n geakkrediteerde tydskrif ingehandig is, vir eksaminering in die plek van ‘n skryfstuk indien.

L.5.5.3 **PROGRAM: MUSIEK KOMPOSISIE (DOCTOR MUSICAE)**

**L.5.5.3.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program**

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit geld die volgende toelatingsvereistes:

a) ŉ student moet oor ŉ magistergraad in Musiekkomposisie of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik wat met ‘n minimum van 65%, vir beide die komposisie portefeuljes en die skripsie onderskeidelik, geslaag is;
b) voorlegging van ŉ portefeulje van oorspronklike komposisies en minstens een klankopname.

**L.5.5.3.2 Programuitkomste**

**Na afhandeling van hierdie module moet die student in staat wees om te demonstreer dat:**

a) diepte van kritiese kennis en tegniese bemeestering in die veld van komposisie bestaan en die vermoë het om nuwe / oorspronklike perspektiewe tov komposisie te skep;
b) gespesialiseerde kennis, tegnieke en prosesse outonoom geskep en toegepas kan word, gelei deur eie insigte en krities refleksiewe, kreatiewe en innoverende wyses om komplekse praktiese en teoretiese probleme aan te spreek tydens die skep van komposisies;
c) die vermoë bestaan om gesofistikeerde kennis toe te pas ten einde betrokkenheid by en kritiese evaluering van huidige prosesse in die veld van musiekkomposisie te bewerkstellig en om sy of haar eie komposisies te evalueer met behulp van onafhanklik gegenereerde kriteria ter verbetering van eie komposisies;
d) die vermoë bestaan om komposisiestrategieë onafhanklik en outonoom te beoordeel ten einde beduidenswaardige insig daarin te verkry en sodoende onafhanklike leer en eie ontwikkeling as komponis te volhou;
e) die vermoë bestaan om werke vir ‘n substansiële, in-diepte komposisieportefeulje te komponeer wat aan internasionale/professionele standaarde voldoen, deur eweknieë as oorspronklik beskou word, en ‘n beduidende bydrae tot die veld van musiekkomposisie maak in ‘n gespesialiseerde konteks en/of genre; en om ‘n kommunikasiestrategie te ontwikkel waardeur die werke uiteindelik op estetiese en verantwoordbare wyse in die publiek vrygestel kan word tydens ‘n uitvoering;
f) etiese en professionele praktyke bestaan, sowel as die vermoë om outonome etiese besluite wat die skep van komposisies affekteer, te neem, asook om alle opinies in die veld van musiekkomposisie te evalueer vanuit ‘n gesofistikeerde en goed gefundeerde wêreldbeskouing en om bewus te wees van die sosiale en etiese implikasies van ‘n verantwoordelike komponis se professionele optrede;
g) die vermoë bestaan om onafhanklik te funksioneer en volle verantwoordelikheid vir sy of haar werk as komponis te neem; en waar gepas, leiding te neem in die algehele toesig oor en bestuur van 'n nuwe komposisie.

### L.5.5.3.3 Kurrikulum L901P : Komposisie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| MUSN972 | Musiek (skryfstuk) | 120 |
| MUSN981 | Portefeulje 1 | 60 |
| MUSN982 | Portefeulje 2 | 60 |
| MUSN983 | Portefeulje 3 | 60 |
| MUSN984 | Portefeulje 4 | 60 |
| **Kredietotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

**Die kurrikulum bestaan uit die volgende:**

- ʼn Skryfstuk (MUSN972) van beperkte omvang.
- Vier portefeuljes van oorspronklike komposisies van minstens 20 minute elk, met ʼn totale tydsduur van minstens 100 minute.
- Met goedkeuring van die betrokke entiteit se navorsingskomitee en Fakulteitsdagbestuur mag ‘n student ‘n artikel wat vir publikasie in ‘n geakkrediteerde tydskrif ingehandig is, vir eksaminering in die plek van ‘n skryfstuk indien.

## L.5.6 EKSAMINERING

Eksaminering geskied volgens Algemene Reël A.5.4 van die Universiteit.

## L.5.7 DOKTORSGRAADPROGRAMME IN DIE NISAREA VISUELE NARRATIEWE EN KREATIEWE UITSETTE DEUR INTERDISSIPLINÊRE EN PRAKTYKGELEIDE NAVORSING

### L.5.7.1 PROGRAM: VISUELE EN UITVOERENDE KUNSTE

#### L.5.7.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die program

Benewens die vereistes gestel in Algemene Reël A.5.2 van die Universiteit moet ŉ student oor ŉ magistergraad in Kunsgeskiedenis of ŉ gelykwaardige kwalifikasie beskik waarin ŉ minimum van 60% behaal is. Aanvaarding van kandidate vir die PhD is onderhewig aan (i) die beskikbaarheid van kundigheid in die betrokke veld, asook (ii) die kapasiteit van personeel om die studie te begelei. Die nagraadse komitee onder leiding van die Navorsingsdirekteur mag ook indien nodig ŉ akademiese skryfstuk as opdrag aan die kandidaat gee ten einde toelating te verseker.

#### L.5.7.1.2 Kurrikulumuitkomste

Ná afhandeling van die kurrikulum sal die student oor die volgende vaardighede beskik:

a) die vermoë om aan die hand van vakfilosofiese, -teoretiese en -metodologiese insigte ŉ navorsingsarea binne die breë kunsgeskiedkundige of visuele-kultuurmilieu te kan identifiseer en binne die geselekteerde raamwerke van ŉ historiografiese konteks te kan beskryf;
b) die student sal daartoe in staat wees om by wyse van kunshistoriese analise en interpretasie die gekose navorsingsarea aan die hand van toepaslike navorsingsmetodes te kan kontekstualiseer, en om op ŉ uitgebreide skaal nuwe insigte en kennis tot die dissipline toe te voeg. Die student sal bewys kan lewer van insigte ten opsigte van eietydse gebeure binne die breë kunshistoriese en visuele kultuurkonteks deur sodanige gekose veld van studie te kontekstualiseer en binne aktuele en relevante verbande te motiveer;
c) in samehang met bogenoemde punt, sal die student oor die vermoë beskik om ŉ navorsingsvoorstel te skryf en suksesvol af te handel, self die navorsingsproses op ŉ gevorderde vlak te bestuur, tot verantwoordbare teoretiese stellings en gevolgtrekkings te kom en om verantwoordelikheid te aanvaar vir die navorsingsuitkomste;
d) die student sal bemagtig wees tot posisionering binne die veld van studie oor die vermoë beskik om ŉ kunsgeskiedkundige standpuntinname te kan maak binne eietydse en lewensbeskoulike raamwerke; sodanige posisionering veronderstel dat die student ook die breër verbande van kunsgeskiedkundige deeldissiplines sal begryp, en met gesag die gekose tema binne die vakmetodologie, vakfilosofie en vakteorie sal kan kontekstualiseer;
e) by voltooiing van die PhD-graad sal die student oor hoëvlak-gespesialiseerde insigte en kennis rakende die beginsels, tegnieke en praktyke binne die gekose veld van navorsing beskik. Dit impliseer dat die student oor die vermoë sal beskik om as kunsgeskiedkundige ŉ hoë etiese en morele waardesisteem te kan handhaaf. Dit moet in sowel kunsgeskiedkundige as deeldissiplinêre wetenskappe kan plaasvind. Dit sluit in ŉ toepaslike professionele uitgangspunt en werksetiek wat uitnemendheid binne die vakgebied sal verseker, en ŉ sensitiwiteit sal toon vir die wyse waarop kunsgeskiedkundiges hulself in ŉ multikulturele omgewing laat geld.

### L.5.7.1.3 Kurrikulum L901P: Visuele en uitvoerende kunste

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| KSGS972 | Visuele en uitvoerende kunste | 360 |
| **Krediettotaal vir die kurrikulum** | | **360** |

# L.6 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR

Die onderrigtaal vir hierdie kwalifikasie is Engels en die oordragmetode vir die kwalifikasie is “beperkte kontak”.

## L.6.1 DUUR VAN DIE STUDIE

Die **minimumduur** is **een jaar** en die **maksimumduur** is **drie jaar,** bereken vanaf datum van eerste registrasie.

## L.6.2 PROGRAM: BESTUUR

### L.6.2.1 Kurrikulum L532P: Openbare en Nie-Winsgewende Bestuur (Ramprisikostudies)

#### L.6.2.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

a) ŉ B-graad, Gevorderde Diploma, of ‘n gelykwaardige kwalifikasie en ‘n minimum van twee jaar toepaslike werkservaring.
b) Kandidate wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie, kan by die Direkteur van die Afrika-sentrum vir Rampstudies aansoek doen om ‘n onderhoud deur ‘n paneel. Die paneel word saamgestel deur die Direkteur van die Afrika-sentrum vir Rampstudies en die paneel sal op grond van die onderhoud en ander oorwegings wat as relevant beskou word, toelating oorweeg.
c) ‘n Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Sentrum. Alle aansoek sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.
d) Alle kandidate wat toegelaat word, moet op ‘n datum wat deur die Direkteur van die Afrika-sentrum vir Rampstudies vasgestel word, ‘n inleidende en oriënterende byeenkoms op die Potchefstroomkampus bywoon.

#### L.6.2.1.2 Kurrikulumuitkomste

In hierdie program sal die student die vak Ramprisikovermindering ervaar as ŉ dissipline wat die student toerus met voorpuntkennis en professionele bestuursvaardighede om betekenisvolle bydraes tot ŉ vinnig veranderende wêreld te kan lewer. Dit bied verder aan die student ontledings- en navorsingsvaardighede wat hom/haar in aanvraag maak binne die arbeidsmark of in ŉ posisie plaas om selfstandig te kan werk.

#### L.6.2.1.3 Kurrikulum L532P: Openbare en Nie-Winsgewende Bestuur (Ramprisikostudies)

#### L.6.2.1.4 Artikulasie

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die magistergraad in Ontwikkeling en Bestuur, Kurrikulum L873P: Rampstudies.

**L.6.2.1.5 Samestelling van kurrikulum L532P: Openbare en Nie-Winsgewende Bestuur (Ramprisikostudies)**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| PGDP514 | Strategiese beplanning en bestuur | 20 |
| PGDD511 | Ramprisiko en aanpassing tot klimaatsverandering | 20 |
| PGDD512 | Veerkragtigheid en kwesbaarheid | 20 |
| PGDD513 | Navorsingsmetodologie | 8 |
| PGDP524 | Leierskap vir goeie regering | 20 |
| PGDP525 | Program- en projekbestuur | 20 |
| PGDD521 | Navorsingsprojek | 12 |
| **Kredietttotaal vir kurrikulum** | | **120** |

**L.6.2.1.6** Reëls vir samestelling van die kurrikulum:

Al die modules moet voltooi word.

## L.6.2.2 Kurrikulum L533P: Openbare en nie-winsgewende Bestuur (Faseer uit)

The SA Departement van Openbare Werke en Administrasie het 'n Senior Bestuursvaardighede Raamwerk ontwikkel. Hierdie raamwerk lys die akademiese kwalifikasies en algemene en spesifieke vaardighede wat benodig word deur persone wat die senior bestuursvlakke binne alle regeringsdepartemente betree. Op intreevlak van die Senior Bestuursektor is die akademiese vereiste 'n kwalifikasie op NKR-vlak 8. Gevolglik is hierdie spesifieke Nagraadse Diploma in Bestuur ontwerp om voornemende seniorbestuurders in die staatsdiens in staat te stel om 'n geregistreerde NKR-vlak-8-kwalifikasie te behaal terwyl hulle die relevante en noodsaaklike bevoegdhede bemeester (kennis, vaardighede en waardes) wat nodig is om aangestel te word in ingangsvlakposte binne die senior bestuursdienskader. Dit sal help om die kapasiteitsbeperkings te verlig waarvoor die breër Suid-Afrikaanse openbare sektor te staan kom. Sodoende lewer dit deegliker bekwame en meer professionele openbare bestuurders wat 'n positiewe bydrae sal lewer tot die verbetering van openbare dienslewering, en sodoende die land se ontwikkeling bevoordeel.

**L.6.2.2.1 Toelatingsvereistes**

Die toelatingsvereistes vir alle formele akademiese kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, word uiteengesit in die NWU se Toelatingsbeleid soos deur die Senaat en Raad goedgekeur.

Vir hierdie PGDip is die minimum toelatingsvereistes:

i. 'n Toepaslike BA-graad, 'n Gevorderde Diploma op NKR-vlak 7, of 'n gelykstaande graad soos deur die NWU-Senaat goedgekeur.

ii. 'n Minimum van twee jaar toepaslike werkervaring in die openbare sektor (provinsiale, nasionale of plaaslike regering).

Daar moet gelet word dat die aantal kandidate wat jaarliks tot die program toegelaat word, afhang van die Skool se kapasiteit sodat gehalte dienslewering aan al die kandidate verseker word.

**L.6.2.2.2 Programdoel**

Die PGDip se doel is om bestuurders in die Openbare Sektor te ontwikkel en toe te rus met deeglike en professionele openbare bestuursvaardighede sodat Suid-Afrika as dinamiese en demokratiese ontwikkelingstaat verwerklik word. Studente sal nie slegs wesenlike kennis in verskillende fokusareas bemeester nie. Hulle sal ook noodsaaklike vaardighede ontwikkel in bestuur, leierskap en probleemoplossing, en leer om beleide effektief te ontleed en implementeer en sodoende die land se transformasie bevorder. Daarby beplan die PGDip om in studente die vermoë te kweek dat hulle doeltreffend in spanne kan werk en spanne in die afhandeling van take begelei. Hulle leer ook om verantwoordelikheid te aanvaar vir persoonlike en spandoelwitte terwyl hulle die belangrikheid besef van deurlopende etiese en professionele gedrag. Die kwalifikasie het ’n bykomende, sekondêre doelwit, naamlik om analitiese en basiese navorsingsvaardighede te onwikkel wat die gegradueerde ŉ sterker vermoë gee om onafhanklik te kan werk.

**L.6.2.2.3 Artikulasie**

Nadat studente die PGDip in Bestuur met Openbare en nie-winsgewende Bestuur deurgewerk het, mag hulle toegelaat word tot die Meestersgraad in Openbare Administrasie (MPA).

Daar moet gelet word dat, slegs in gevalle waar studente ’n voorgraadse kwalifikasie in Openbare Bestuur (NKR 7) asook hierdie PGDip (NKR 8) voltooi het, hulle toegelaat mag word tot ’n ander Meestersgraad binne die veld van Openbare Bestuur, benewens die MPA.

**Samestelling van program L533P: Openbare en Nie-winsgewende Bestuur**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| PGDP515 | Strategiese Beplanning en Bestuur | 20 |
| PGDP516 | Leierskap vir Goeie Regering | 20 |
| PGDP517 | Program- en projekbestuur | 20 |
| PGDP526 | Strategiese en Menslike hulpbronbestuur | 20 |
| PGDP527 | Finansiële en Begrotingbestuur | 20 |
| PGDP528 | Beleidsformulering en -implementering | 20 |
| **Kredietttotaal** | | **120** |

**L.6.2.2.4** Relevante akademiese reëls vir hierdie program

Programstruktuur: Die PGDip in Bestuur met Openbare en Nie-winsgewende Bestuur bestaan uit ses verpligte kernmodules, in totaal 120 krediete, wat voltooi moet word om die kwalifikasie te behaal.

Inskrywing: Let daarop dat al die reëls wat geld by inskrywing vir ’n kwalifikasie verduidelik word in die Algemene Akademiese Reëls van die NWU, in die besonder A Reël 2.3.

**Erkenning van Vorige Leer (EVL):**

Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgebaseerde, brongebaseerde en lewenslange leer waarin die oorwegings van artikulasie en mobiliteit ’n betekenisvolle rol speel. Dit onderskryf die siening dat vorige leer (óf verkry deur formele onderwyskurrikula by hierdie of ’n ander instelling, óf informeel deur ervaring opgedoen) onontbeerlik is vir toelating tot en die toekenning van krediete in ŉ duidelik uitgesoekte onderrigleerprogram van die Universiteit. Die verkiesbaarheid deur EVL by die NWU word uiteengesit in die beleid vir die Erkenning van Vorige Leer.

Die volgende bepalings in die EVL-beleid oor verkiesbaarheid het veral betrekking op hierdie kwalifikasie:

a. Kandidate wat formele onderwys verlaat het op ’n tydstip gedurende hulle skoolloopbaan maar sedertdien ervaring deur kortkursusse opgebou het, mag vrystelling vra vir sommige modules, vlakke of status vir ’n volledige kwalifikasie wat hulle in staat sal stel om hulle studies te bevorder.
b. Kandidate wat in die vinnige baan wil ontwikkel deur ’n leerprogram waar hulle van sekere modules of vlakke vrygestel word met die oorweging van informele of nieformele leer wat hulle voltooi het.

Die assesseringsproses vir die EVL is dieselfde as dié waarvolgens krediete in ’n formele opset toegeken word. ’n EVL-kandidaat wat krediete aanvra vir vaardighede en kennis wat voorheen opgedoen is, moet steeds voldoen aan al die vereistes soos in die leermodules, leerprogramme en kwalifikasies aangedui word. Die verskil is die roete na die assessering. EVL-assessering het ’n holistiese siening van die assesseringsproses wat die konteks van leer asook dié van die persoon wat geassesseer word, in berekening bring.

Slegs 10% van die inskrywings mag deur die EVL-roete toegelaat word.

**Erkenning en vrystelling van modules**

a. ’n Student wat by ’n ander erkende hoëronderwysinstelling gestudeer het en wat aansoek doen om vir die Nagraadse Diploma in Bestuur te registreer, mag dit skriftelik rig aan die betrokke dekaan en vra vir die erkenning of vrystelling van modules wat nodig is vir die kwalifiseringsprogram, mits die dekaan die erkenning of vrystelling van meer as die helfte van die krediete toestaan.

b. ’n Student wat ’n kwalifikasie verwerf het aan die Universiteit of enige ander erkende hoëronderwysinstelling, en wat aansoek doen vir inskrywing in die Nagraadse Diploma in Bestuur, mag dit skriftelik rig aan die betrokke dekaan en vra vir die erkenning of vrystelling van modules wat nodig is vir die kwalifiseringsprogram, mits die dekaan die erkenning of vrystelling van meer as die helfte van die krediete toestaan.

**Assessering**

Assesseringspraktyke is oop, deursigtig, billik, geldig, en betroubaar en verseker dat geen student enigsins benadeel word nie. Sodoende word ’n geïntegreerde benadering tot assessering in die kwalifikasie ingebou. Daarby is leer, onderrig en assessering onlosmaaklik verweef. Waar moontlik, sal die assessering van die kennis, vaardighede, gesindhede en waardes geïntegreer word wat in die kwalifikasie na vore kom.

Daar is in die leerontwerp van hierdie kwalifikasie geleenthede ingebou vir aaneenlopende formatiewe en summatiewe assessering. Dit geskied in die vorm van beperkte kontakonderrigsessies en aanlynondersteuning vir geskrewe, praktykverwante formatiewe en summatiewe werkstukke. Studente word geassesseer volgens die toepassing van verworwe vaardighede om seker te maak dat teorie in effektiewe praktyk ontwikkel. Uitkomste word geassesseer deur groepwerkprojekte asook geskrewe werkstukke waarin nie slegs geassesseer word of die student blyke toon dat hy/sy die dissiplinespesifieke kennis en vaardighede bemeester het nie, maar ook skryf- en kommunikasievaardighede, rekenaargeletterdheid en die vermoë om probleme in die werkplek krities te ontleed en effektief te evalueer.

Uitgangsvlakuitkomste en assesseringskriteria vir die PGDip in Bestuur sonder winsoogmerk en Openbare bestuur. Ná suksesvolle voltooiing van hierdie spesifieke program sal die student die volgende demonstreer:

i) Geïntegreerde kennis en kritiese begrip van en betrokkenheid by verskeie benaderings, en begeleidende beginsels en praktyke wat op die veld van Openbare Bestuur betrekking het (insluitend die funksies of sfere van strategiese beplanning, effektiewe leierskap vir goeie regering, projek- en programbestuur, strategiese menslike hulpbronbestuur,

beleidsontwikkeling en -implementering en finansiële bestuur). Dit behels ook die vermoë om sulke kennis en begrip te kan toepas om sodoende globale en plaaslike kwessies op hierdie terreine krities te kan ontleed, evalueer en aanpak.

Assesseringskriteria

Die studente sal bewys dat hulle hierdie uitkoms bereik het wanneer hulle die volgende kan doen:

- Konsepte, teorieë, benaderings, beginsels en aspekte oor die gemelde funksies binne die veld van Openbare Bestuur kan ontleed, organiseer en krities evalueer.
- Die rolspelers binne die onderskeie sfere van die Openbare Werkesektor kan identifiseer, hulle rolle en verantwoordelikhede krities ontleed en begrip toon vir die belang van demokratiese regering, effektiewe bestuur en leierskap in gehalte dienslewering vir ekonomiese en politieke stabiliteit.
- Ken en verstaan die Suid-Afrikaanse Openbare Sektor Strategiese Beplanningsraamwerk om só openbare dienslewering te monitor en help versterk.
- Pas teoretiese beginsels en toepaslike oordele toe en implementeer relevante wetgewing en beleide om die probleme in die verskeie genoemde sfere van Openbare Bestuur op te los.
- Identifiseer relevante kwessies en probleme in die genoemde studievelde binne Openbare Bestuur en beoordeel die impak van strategieë wat geïmplementeer is om hierdie kwessies aan te spreek; beveel ook verbeterings aan vir verhoogde dienslewering.

ii) Die vermoë om meervoudige kennisbronne te ondervra wat verandering en ontwikkeling binne die verskeie sfere van Openbare Bestuur informeer. Dit sluit in: gepubliseerde tydskrifartikels, navorsingsinligting, wetgewing en relevante beleidsdokumente. Die doel is om die aanbevelings te evalueer en verstaan wat deur navorsing binne hierdie sfere opgelewer is.

Assesseringskriteria

Die studente sal bewys dat hulle hierdie uitkoms bereik het wanneer hulle die volgende kan doen:

- Identifiseer en ontleed eietydse kwessies en probleme waarvoor bestuurders in die openbare sektor te staan kom.
- Toepaslike kennis en inligting oor die geïdentifiseerde kwessies en probleme kan inwin, ontleed en evalueer.
- Identifiseer en beoordeel of die metodes wat geïmplementeer is, paslike strategieë is om hierdie kwessies en probleme te kan aanspreek.
- Normtoets plaaslike navorsingsinisiatiewe in die openbare werkesektor teenoor internasionale beste praktyk.
- Demonstreer kritiese begrip van navorsingsdata en -resultate wat oplossings vir die geïdentifiseerde probleme bied.

iii) Die vermoë om ’n reeks toepaslike beplanning-, leierskap- en bestuursvaardighede asook ondersoekmetodes te kan selekteer, evalueer en toepas. Die doel is om ingewikkelde of abstrakte leierskap- en bestuursvaardighede wat verband hou met die werk van ’n bestuurder in die openbare werkesektor, te ondersoek, daaroor te besin, en dit aan te spreek om só tot positiewe en volhoubare verandering binne die praktyk by te dra.

Assesseringskriteria

Die studente sal bewys dat hulle hierdie uitkoms bereik het wanneer hulle die volgende kan doen:

- Lewer ’n uitvoerige ontleding van ’n bepaalde gegewe probleemscenario wat relevant is vir die werk van die openbare bestuurder.

- Identifiseer en implementeer effektiewe strategieë en planne om sulke probleme te ondersoek en opper paslike opsies of aanbevelings om hierdie probleme tot voordeel van al die rolspelers te hanteer.

- Demonstreer kennis en vaardighede om hulpbronne doeltreffend te bestuur en só deur hulle voorbeeld te lei en effektief te bestuur.

iv) Die vermoë om betrokke te raak by etiese kwessies rakende die Openbare Werkesektor en dit aan te spreek om sodoende verandering en oorgang in optrede en denke binne hierdie sfeer te bestuur en te bewerkstellig, en om openbare beleide en prosedures deursigtig en billik te ontwikkel en implementeer.

<u>Assesseringskriteria</u>

Die studente sal bewys dat hulle hierdie uitkoms bereik het wanneer hulle die volgende kan doen:

- Krities besin oor gepaste etiese waardes en gesindhede en dit binne enige werkkonteks kan toepas om verandering te bewerkstellig en toepaslike gedrag aan te moedig.
- Etiese en volhoubaarheidskwessies identifiseer en aanspreek wat vir die openbare werkekonteks relevant is.
- Verstaan die aard en rol van regering in die samelewing en die werk van die Openbare Werkebestuurder om goeie verhoudings tussen die twee sfere te handhaaf met die oog op die openbare beswil.
- Identifiseer en verduidelik die aard, struktuur en inhoud van ’n goeie openbare beleidsdokument.

- Verduidelik en gebruik afwaartse en opwaartse strategieë vir beleidsimplementering en evalueer elke strategie se voordele en nadele.

- Gebruik die toepaslikste benadering om ’n beleid vir ’n regeringsdepartement te ontwikkel en implementeer, en assesseer dan hoe doeltreffend dié beleid is om dienslewering te verbeter.

v) Die vermoë om ’n akkurate, samehangende, toepaslike en kreatiewe kommunikasieplan met innoverende en nuwe professionele idees te lewer aan beleidsmakers, praktisyns en ander rolspelers binne die veld van Openbare Bestuur om sodoende dienslewering binne die werkplek te verbeter.

<u>Assesseringskriteria</u>

Die studente sal bewys dat hulle hierdie uitkoms bereik het wanneer hulle die volgende kan doen:

- Lewer ’n uitvoerige ontleding van kommunikasiedienste vir die openbare sektor regering se kommunikasiedienste.

- Identifiseer en motiveer die belangrike rol wat kommunikasie in verbeterde dienslewering binne die werkplek speel vanuit ’n werker-en-kliënt-perspektief.

- Identifiseer duidelik en kommunikeer die redes waarom ’n idee of oplossing gepas of ongepas vir ’n gegewe probleemscenario is.

- Kontekstualiseer die Openbare Werkesektor en demonstreer hoe beleide en reëls geformuleer en geïmplementeer word.
- Gebruik toepaslike media en klantgerigte strategieë om ’n departementele kommunikasieplan te ontwikkel wat dienslewering binne die Openbare Werkesektor kan verhoog.

vi) Die vermoë om doeltreffend as deel van 'n span te werk en vakverwante probleme op te los en verantwoordelikheid te aanvaar vir taakspesifieke uitkomste en die toepaslike gebruik van relevante hulpbronne.

Assesseringskriteria

Die studente sal bewys dat hulle hierdie uitkoms bereik het wanneer hulle die volgende kan doen:

- Opereer doeltreffend binne 'n span of groep en demonstreer só begrip vir die verbintenisse tussen die lede van die span/groep.
- Bied strategiese leierskap aan 'n span en aanvaar verantwoordelikheid om die uitkomste en bepaalde take te bemeester.
- Funksioneer doeltreffend as aangestelde of verkose amptenaar binne enige sfeer van die Openbare Bestuursomgewing.

vii) Die vermoë om relevante leerstrategieë selfkrities toe te pas om professionele en lewenslange leer-behoeftes doeltreffend aan te spreek en tegelyk aanspreeklikheid vir die gebruik van hulpbronne te ontwikkel.

Assesseringskriteria

Die studente sal bewys dat hulle hierdie uitkoms bereik het wanneer hulle die volgende kan doen:

- Demonstreer deur hulle voorbeeld sensitiwiteit en begrip vir teoretiese en praktiese idees, kwessies, probleme en tendense binne die verskillende sfere van Openbare Bestuur.
- Aanvaar verantwoordelikheid vir werk, besluitneming en die gebruik van hulpbronne om onafhanklike leeruitkomste te bereik.

**Slaagvereistes**

Die slaagvereistes van die program en vereiste modules daarvan word bepaal in afdeling L.7 van hierdie Jaarboek, insluitend die mate waarin die assesseringsmetodes relevant tot 'n spesifieke module saamgevoeg word om te bepaal of dit suksesvol voltooi is.

**Aantal assesseringsgeleenthede**

As 'n student 'n summatiewe assessering deurloop en een of meer modules van die Nagraadse Diploma in Bestuur druip, kan die dekaan (in oorleg met die Skooldirekteur) daardie student 'n tweede assesseringsgeleentheid binne die relevante module(s) toestaan.

'n Student mag binne die maksimum toelaatbare studietydperk, 'n maksimum van 33% van die betrokke kurrikulum se modules herhaal.

As 'n student al die standaard assesseringsgeleenthede benut en geslaag het in almal behalwe een van die module wat vereis word vir die Nagraadse Diploma in Bestuur, mag daardie student aansoek doen om 'n finale assesseringsgeleentheid vir die ontbrekende module; betaling van 'n voorgeskrewe bedrag (maar nie inskrywing nie) kan vir sodanige assessering vereis word.

**Verlenging van studietyd**

Die bepalings van Akademiese Reël 2.4.6 geld vir die Nagraadse Diploma in Bestuur.

**Onbevredigende akademiese prestasie**

Die bepalings van Akademiese Reël 2.4.7 en 2.4.8 geld vir die Nagraadse Diploma in Bestuur.

### Kwalifikasie met onderskeiding

Die Nagraadse Diploma in Bestuur word met onderskeiding toegeken wanneer ’n student die kwalifikasie binne die minimumtydperk voltooi en ’n gemiddelde gewig van 75% in al die modules behaal.

# L.7 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN OPENBARE BESTUUR

***Die onderrigtaal vir hierdie kwalifikasie is Engels, en die kwalifikasie word slegs via afstandonderrig aangebied.***

## L.7.1 DUUR VAN STUDIE

Die minimum duur is een jaar en die maksimum duur is drie jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie.

## L.7.2 PROGRAM: OPENBARE BESTUUR (1BB D01)

### L.7.2.1 Kurrikulum L534P: Openbare Bestuur

#### L.7.2.2 Programrasionaal

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) stel ŉ Staatsdiens in die vooruitsig wat professioneel, toerekenbaar en ontwikkelingsgeoriënteerd is. Die 2030 Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) identifiseer spesifieke stappe wat geneem moet word om die waardes en beginsels van openbare administrasie soos vervat in die Grondwet te bevorder en om ŉ doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgeoriënteerde staatsdiens daar te stel as deel van ŉ bekwame en ontwikkelingstaat. Die NOP benadruk die behoefte aan goed bestuurde en doeltreffend gekoördineerde staatsinstellings met vaardige staatsamptenare wat verbind is tot die openbare belang en wat in staat is tot die lewering van hoëgehaltedienste, terwyl prioriteit gegee word aan die nasie se ontwikkelingsdoelwitte. In reaksie hierop het die Departement Staatsdiens en Administrasie (DSDA) die Senior Bestuursdiens-bevoegdheidsraamwerk bekendgestel as die sleutel om te verseker dat die Staatsdiens sy doelwit bereik met die professionalisering van die Staatsdiens, veral op die vlak van senior bestuur. Met die ontwikkeling van die SBD-bevoegdheidsraamwerk is die fokus geplaas op kritieke generiese bevoegdhede waaroor senior bestuurders in die Staatsdienssektor moet beskik. Dit spesifiseer ook dat ŉ akademiese kwalifikasie op NKR-vlak 8 ŉ vereiste is vir die toetreevlak van Senior Bestuurders in die Staatsdienssektor. Die NWU Nagraadse Diploma (PGDip) in Openbare Bestuur is spesifiek ontwikkel met die NOP-fokus en die vereistes van die SBD-bevoegdheidsraamwerk in gedagte, en om in ons land se behoeftes te voldoen aan beter geskoolde en meer professionele staatsdiensbestuurders.

Die aanbied van die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur via afstandonderrig sal verseker dat staatsamptenare (nie-inwonende studente) van verskillende geografiese lokaliteite in Suid-Afrika toegang het tot ŉ nagraadse kwalifikasie wat belyn is met die Senior Bestuursdiens-bevoegdheidsraamwerk vir die doeleindes van professionele sowel as beroepsontwikkeling, terwyl studente van lande binne die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG) ook getrek word. Die aansoek ondersteun ook die strategiese doelwitte

van die Noordwes-Universiteit waar alternatiewe afleweringsmodusse aangemoedig en bevorder word.

**L.7.2.2.1 Toelatingsvereistes**

Die toelatingsvereistes vir alle formele akademiese kwalifikasies wat deur die Universiteit aangebied word, is uiteengesit in die Toelatingsbeleid soos goedgekeur deur die Senaat en die Raad.

Die minimum toelatingsvereistes vir hierdie PGDip is:

iii. ŉ Toepaslike baccalaureusgraad of Gevorderde Diploma op NKR-vlak 7 of wat daaraan gelykstaande is, soos goedgekeur deur die NWU se Senaat.

iv. ŉ Minimum van twee jaar toepaslike werkservaring in die openbare sektor (plaaslike, provinsiale of nasionale regering).

Neem asb. kennis dat die aantal kandidate wat elke jaar in hierdie program aanvaar word aan die Skool se kapasiteit onderhewig is ten einde hoëgehalte-dienslewering aan alle kandidate te verseker.

**L.7.2.2.2 Doel van Program**

In die lig van die rasionaal vir die ontwikkeling van die PGDip in Openbare Bestuur is die primêre doel van hierdie kwalifikasie om ŉ verbintenis tot die openbare belang by staatsdiensbestuurders te kweek, en om hulle toe te rus met toepaslike en nodige bestuurs- en leierskapsvaardighede om konsekwente aflewering van hoëgehaltedienste aan die land se mense te verseker, en sodoende ŉ bydrae te maak tot die vooruitgang van Suid-Afrika as ŉ dinamiese, demokratiese ontwikkelingstaat. Studente sal nie net essensiële kennis in verskillende fokusareas van die Staatsdienssektor bemeester nie, maar sal ook doeltreffende bestuurs-, leierskaps- en probleemoplossingsvaardighede ontwikkel, en leer om beleidsvoorskrifte te ontleed en te implementeer. Hierdie vaardighede is noodsaaklik om die land se transformasie te fasiliteer deur die bevordering van stabiliteit by die polities-administratiewe koppelvlak, terwyl dit ook staatsamptenare se responsiwiteit en aanspreeklikheid verhoog word. Die PGDip het ook ten doel om die vermoë te ontwikkel om basiese navorsing binne die sektor te doen, om doeltreffend binne spanverband te funksioneer, om leiding te gee aan spanne, en om verantwoordelikheid te neem vir persoonlike en spandoelwitte, en die belangrikheid te besef van etiese en professionele gedrag in die Staatsdiens.

Openbare Bestuur word gesien as ŉ belangrike bydraer tot die verwesenliking van Suid-Afrika as ontwikkelingstaat. Die kwalifikasie sal verskaffers in hoër onderwys help om toepaslike kurrikulums in Openbare Bestuur-verwante vakgebiede te vestig. Tydens die ontwerp van die kurrikulum is oorweging geskenk aan spesialiserings en loopbaangeleenthede in die vakgebied met spesifieke verwysing na die Senior Bestuursdiens-bevoegdheidsraamwerk. Suksesvolle voltooiing van die kwalifikasie sal studente van die Suid-Afrikaanse Staatsdienssektor verder voorberei op magisterstudie.

#### L.7.2.2.3 Artikulasie

Na suksesvolle voltooiing van die PGDip in Openbare Bestuur kan studente toegelaat word tot die meestersgraad in Openbare Administrasie (MPA).

Neem kennis: slegs studente wat ŉ voorgraadse kwalifikasie in Openbare Bestuur (NKR 7) sowel as hierdie PGDip (NKR 8) verwerf het, mag toegelaat word tot ŉ ander meestersgraad in die vakgebied van Openbare Bestuur as die MPA.

#### L.7.2.2.4 Samestelling van program: L534P

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| PGDP515 | Strategiese Beplanning en Bestuur | 20 |
| PGDP516 | Leierskap vir Goeie Korporatiewe Bestuur | 20 |
| PGDP517 | Program- en Projekbestuur | 20 |
| PGDP526 | Strategiese en Mensehulpbronbestuur | 20 |
| PGDP527 | Finansiële Bestuur en Begroting | 20 |
| PGDP528 | Beleidformulering en Implementering | 20 |
| **Totale krediete** | | **120** |

**L.7.2.2.5** Akademiese Reëls wat van toepassing is op hierdie program

Struktuur van program: Die PGDip in Openbare Bestuur bestaan uit ses verpligte kernmodules van 120 krediete in totaal, waarvan almal voltooi moet word om die kwalifikasie te verwerf.

**Registrasie:** Neem kennis dat al die reëls met betrekking tot registrasie vir ŉ kwalifikasie in die Algemene Akademiese Reëls van die NWU verduidelik word, spesifiek A-reël 2.3.

**Erkenning van Vorige Leer (EVL):**

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgebaseerde, brongebaseerde en lewenslange leer waarin die oorwegings van artikulasie en mobiliteit ŉ betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer (hetsy verwerf deur formele onderwyskurrikulums by hierdie of ŉ ander instelling, óf informeel deur ervaring opgedoen) onontbeerlik is vir toelating tot en die toekenning van krediete in ŉ duidelik geselekteerde onderrig-leer-program van die Universiteit. Die vereistes vir EVL aan die NWU is uiteengesit in die Beleid oor die Erkenning van Vorige Leer.

Die volgende bepalings in die EVL-beleid het veral betrekking op hierdie kwalifikasie:

a) Kandidate wat formele onderwys op ŉ stadium verlaat het, maar sedertdien ervaring opgedoen het deur kortkursusse, mag aansoek doen om vrystelling vir sommige modules, vlakke of status vir ŉ volledige kwalifikasie wat hulle in staat sal stel om hul studies te bevorder.

b) Kandidate wat vordering deur ŉ leerprogram wil versnel deur vrystelling van sekere modules of vlakke te verkry op grond van informele of nieformele leer wat hulle voltooi het.

Die assesseringsprosesse vir die EVL is dieselfde as dié waarvolgens krediete in ŉ formele opset toegeken word. ŉ EVL-kandidaat wat krediete aanvra vir vaardighede en kennis wat voorheen opgedoen is, moet steeds voldoen aan al die vereistes soos in die leermodules, leerprogramme en kwalifikasies aangedui word. Die verskil is die roete na die assessering. EVL-assessering het ŉ holistiese siening van die assesseringsproses wat die konteks van leer sowel as die konteks van die geassesseerde persoon in berekening bring.

Slegs 10% van die inskrywings mag deur die EVL-roete toegelaat word.

**Erkenning en vrystelling van modules**

a. ŉ Student wat aan ŉ ander erkende hoëronderwysinstelling gestudeer het en om registrasie vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur aansoek doen, kan by die betrokke dekaan skriftelik aansoek doen om die erkenning of vrystelling van modules wat vir die kwalifikasieprogram vereis word, met dien verstande dat die dekaan erkenning of vrystelling van nie meer as die helfte van die krediete kan verleen nie.

b. ŉ Student wat ŉ kwalifikasie aan die Universiteit of enige ander erkende hoëronderwysinstelling verwerf het, en om registrasie vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur aansoek doen, kan by die betrokke dekaan skriftelik aansoek doen om die erkenning of vrystelling van modules wat vir die kwalifikasieprogram vereis word, met dien verstande dat die dekaan erkenning of vrystelling van nie meer as die helfte van die krediete kan verleen nie.

**Assessering**

Assesseringspraktyke is oop, deursigtig, billik, geldig, en betroubaar en verseker dat geen student op enige manier hoegenaamd benadeel word nie, sodat ŉ geïntegreerde benadering tot assessering in die kwalifikasie geïnkorporeer word. Daarby is leer, onderrig en assessering onlosmaaklik verweef. Waar moontlik, sal die assessering van kennis, vaardighede, gesindhede en waardes wat in die kwalifikasie na vore kom, geïntegreer word.

Daar is in die leerontwerp van hierdie kwalifikasie geleenthede ingebou vir deurlopende formatiewe en summatiewe assessering in die vorm van beperkte kontakonderrigsessies en aanlyn gefasiliteerde ondersteuning vir die geskrewe praktykverwante formatiewe en summatiewe werkstukke. Studente word geassesseer met betrekking tot die toepassing van aangeleerde vaardighede om te verseker dat teorie in effektiewe praktyk ontwikkel. Uitkomste word op ŉ geïntegreerde wyse geassesseer deur middel van groepwerkprojekte asook geskrewe opdragte waarin nie slegs geassesseer word of die student blyke toon dat hy/sy die dissiplinespesifieke kennis en vaardighede bemeester het nie, maar ook skryf- en kommunikasievaardighede, rekenaargeletterdheid en die vermoë om werkplekverwante probleme krities te ontleed en effektief te evalueer.

Daar word vir die volgende bevoegdhede, soos uiteengesit in die Senior Bestuursdiens-bevoegdheidsraamwerk, voorsiening gemaak in die module-uitkomstes van hierdie PGDip in Openbare Bestuur:

i)  Geïntegreerde kennis en begrip van en interaksie met verskillende teorieë en beginsels wat betrekking het op korporatiewe bestuur, leierskap en bestuur op die gebied van Staatsdiens en Administrasie, en die vermoë om sodanige kennis en begrip toe te pas ten einde globale en plaaslike studies binne hierdie konteks krities te kan ontleed en evalueer.

ii)  Die vermoë om meervoudige kennisbronne, veral gepubliseerde tydskrifartikels oor studies op die gebied van Staatsdiensbestuur en -administrasie, te raadpleeg, en om die navorsingsmetodes sowel as die resultate en aanbevelings wat deur sodanige navorsing opgelewer word krities te kan ondersoek en evalueer.

iii)  Die vermoë om ŉ reeks verskillende maar toepaslike bestuursvaardighede en wetenskaplike ondersoekmetodes te selekteer, te evalueer en toe te pas ten einde komplekse of abstrakte probleme te ondersoek, daaroor te besin, en werk te maak daarvan om só tot positiewe verandering binne die praktyk van staatsdiens by te dra wat uiteindelik tot voordeel van die hele samelewing is.

iv)  Die vermoë om om te gaan met etiese kwessies met betrekking tot die akademiese omgewing, Openbare Bestuurspraktyke en die samelewing, om sodoende aanpassings te maak waar nodig.

v)  Die vermoë om ŉ akkurate, samehangende, toepaslike en kreatiewe voorlegging van innoverende en nuwe professionele idees, metodes en navorsingsbevindinge te kan maak aan beleidmakers, praktisyns, ander rolspelers en akademici op die gebied van Openbare Bestuur, met begrip en respek vir intellektuele eiendom-konvensies, kopiereg en reëls oor plagiaat.

vi)  Die vermoë om effektief in spanverband te werk om dissiplineverwante probleme op te los en om verantwoordelikheid te neem vir taakspesifieke uitkomstes en toepaslike gebruik van relevante hulpbronne.

vii)  Die vermoë om toepaslike leerstrategieë selfkrities toe te pas om professionele en lewenslange leer-behoeftes doeltreffend aan te spreek en terselfdertyd aanspreeklikheid vir die gebruik van hulpbronne te ontwikkel.

**Slaagvereistes**

Die slaagvereistes van die program en vereiste modules daarvan is gestipuleer in afdeling L.7 van die Akademiese Jaarboek, met inbegrip van die verhouding waarin die assesseringsmetodes van toepassing op ŉ spesifieke module gekombineer word om te bepaal of dit suksesvol voltooi is.

**Aantal assesseringsgeleenthede**

As ŉ student ŉ summatiewe assessering ondergaan en een of meer modules van die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur druip, kan die dekaan (in oorleg met die skooldirekteur) ŉ tweede summatiewe assesseringsgeleentheid in die betrokke module(s) aan die student toestaan.

ŉ Student mag binne die maksimum toegelate studietydperk ŉ maksimum van 33% van die modules van die betrokke kurrikulum herhaal.

As ’n student alle standaardassesseringsgeleenthede benut het en almal behalwe een van die vereiste modules vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur geslaag het, mag die student aansoek doen om ’n finale assesseringsgeleentheid vir die ontbrekende module; betaling van ’n voorgeskrewe bedrag (maar nie registrasie nie) kan vir sodanige assessering vereis word.

**Verlenging van studietydperk**

Die bepalings van Akademiese Reël 2.4.6 geld vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur.

**Onbevredigende akademiese prestasie**

Die bepalings van Akademiese Reël 2.4.7 en 2.4.8 geld vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur.

**Kwalifikasie met onderskeiding**

Die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur word met onderskeiding toegeken waar die student die kwalifikasie binne die minimum tydperk voltooi en ’n geweegde gemiddeld van 75% in al die modules behaal.

## L.8 REËLS VIR DIE NAGRAADSE DIPLOMA IN OPENBARE BESTUUR

***Die onderrigtaal vir hierdie kwalifikasie is Engels en die oordragmetode vir die kwalifikasie is "beperkte kontak".***

## L.8.1 DUUR VAN DIE STUDIE

Die **minimumduur** is **een jaar** en die **maksimumduur** is **drie jaar,** bereken vanaf datum van eerste registrasie.

## L.8.2 PROGRAM: OPENBARE BESTUUR (1BC D01)

### L.8.2.1 Kurrikulum L534P: Openbare Bestuur

#### L.8.2.2 Programrasionaal

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) stel in die vooruitsig 'n Openbare Diens wat professioneel, toerekenbaar en ontwikkelingsgerig is. Die 2030 Nasionale Ontwikkelingsprogram (NOP) identifiseer spesifieke stappe wat gedoen moet word om die waardes en beginsels van openbare administrasie te bevorder soos in die Grondwet vervat, en 'n doeltreffende, effektiewe en ontwikkelingsgeoriënteerde openbare diens uit te bou as deel van 'n bekwame ontwikkelingstaat. Die NOP beklemtoon die behoefte aan gekoördineerde staatsinstellings wat goed bedryf en doeltreffend is waarin bedrewe staatsamptenare dien wat verbind is tot dit wat die publiek ten goede kom en wat bevoeg is om konsekwent dienste van 'n hoë gehalte te lewer, terwyl hulle die nasie se ontwikkelingsdoelwitte prioritiseer. In reaksie hierop het die Departement van Staatsdiens en Administrasie (DSDA) die Senior Bestuursdiens (SBD) Geskiktheidsraamwerk ingestel as die sleutel wat sal verseker dat die Openbare Diens sy mikpunt bereik, naamlik om die Openbare Diens op 'n professionele grondslag te plaas en bedryf, veral op die senior bestuursvlak. Ter ontwikkeling van die SBD Geskiktheidsraamwerk is die fokus geplaas op kritieke generiese geskikthede van senior bestuurders in die Openbare Dienste sektor waaroor senior bestuurders in the Owerheidsdienstesektor na verwagting sal beskik. Dit spesifiseer ook dat 'n akademiese kwalifikasie op NKR Vlak 8 'n vereiste is vir die intreevlak van Senior Bestuurders in die Openbaredienste- sektor. Die NWU-Nagraadse Diploma (PGDip) in Openbare Bestuur is spesifiek ontwikkel met die NOP fokus en die vereistes van die SMS Geskiktheidsraamwerk in gedagte en om in ons land se

behoefte aan beter geskoolde en meer professionele openbare diensbestuurders te voorsien.

### L.8.2.2.1 Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes vir alle formele akademiese kwalifikasies wat deur die Universiteit aangebied word, word in die NWU-Toelatingsbeleid uiteengesit soos deur die Senaat en Raad goedgekeur.

Vir hierdie PGDip, is die minimumtoelatingsvereistes soos volg:

v. 'n Toepaslike Baccalaureusgraad of Gevorderde Diploma op NKR-vlak 7 of sy ekwivalent soos deur die NWU-Senaat goedgekeur.

vi. 'n Minimum van twee jaar toepaslike werkervaring in die openbare sektor (provinsiale, nasionale of plaaslike regering).

Daar moet op gelet word dat die getal kandidate wat elke jaar vir die program aanvaar word, onderworpe is aan die Skool se kapasiteit ten einde dienslewering van gehalte vir alle kandidate te verseker.

### L.8.2.2.2 Doel van die program

In die lig van die rasionaal vir die ontwikkeling van die PGDip in Openbare Bestuur, is die primêre doel van hierdie kwalifikasie om in openbare diensbestuurders 'n verbintenis te ontwikkel om dinge vir die publiek ten goede te laat meewerk, en om hulle toe te rus met die toepaslike en nodige bestuurs- en leierskapsvaardighede om die konsekwente lewering van dienste van 'n hoë gehalte aan die mense van ons land te verseker, waardeur 'n bydrae gelewer word tot die ontwikkeling van Suid-Afrika as 'n dinamiese, demokratiese, ontwikkelingstaat. Nie alleen wil studente essensiële kennis bemeester in verskillende fokusareas van die Openbare Dienste sektor nie, maar wil hulle ook effektiewe bestuurs-, leierskaps- en probleemoplossingsvaardighede ontwikkel, en leer om beleidsdirektiewe te ontleed en implementeer. Sodanige vaardighede is nodig om die land se transformasie te fasiliteer deur stabiliteit te bevorder op die politiek-administratiewe-vlak terwyl 'n simpatieke, responsiewe gesindheid onder staatsamptenare en verantwoordbaarheid teenoor burgers verhoog word. Boonop is die PGDip daarop gemik om die vermoë te ontwikkel om basiese navorsing binne die sektor te doen, effektief in spanne saam te werk, spanne in taakvoltooiing te lei, en om verantwoordelikheid te aanvaar vir persoonlike en spandoelwitte terwyl die belangrikheid van etiese professionele gedrag in Openbare Diens gerealiseer word.

Openbare Bestuur word as 'n belangrike bydrae tot die totstandkoming van Suid-Afrika as ontwikkelingstaat gesien. Die kwalifikasie sal verskaffers help om toepaslike kurrikula in Openbare Bestuursverwante gebiede in hoër opvoeding te vestig. Gedurende die ontwerp van die kurrikulum is beweging geskenk aan spesialisasie en loopbaangeleenthede op die gebied met spesifieke verwysing na die Senior Bestuursdiensgeskiktheidsraamwerk. Suksesvolle voltooiing van die kwalifikasie sal studente uit die Suid-Afrikaanse Owerheidsdiens verder voorberei op studie op Meestersvlak.

#### L.8.2.2.3 Artikulasie

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| PGDP515 | Strategiese Beplanning en Bestuur | 20 |
| PGDP516 | Leierskap vir Goeie Regeringsbestuur | 20 |
| PGDP517 | Program- en Projekbestuur | 20 |
| PGDP526 | Strategiese en Mensehulpbronnebestuur | 20 |
| PGDP527 | Finansiëlebestuur en die Begrotings-proses | 20 |
| PGDP528 | Beleidsformulering en -Implementering | 20 |
| **Totale krediete** | | **120** |

By suksesvolle voltooiing van die PGDip in Openbare Bestuur, kan studente tot die Meestersgraad in Openbare Bestuur (MOB (MPA)) toegelaat word.

Daar moet op gelet word dat net in gevalle waar studente 'n voorgraadse kwalifikasie in Openbare Bestuur (NKR-7) voltooi het, asook hierdie PGDip (NKR- 8), hulle tot 'n verskillende Meestersgraad op die gebied van Openbare Bestuur as die MPA toegelaat kan word.

#### L.8.2.2.4 Samestelling van program:

#### L.8.2.2.5 Akademiese Reëls wat vir hierdie program geld

Struktuur van program: Die PGDip in Openbare Bestuur bestaan uit ses verpligte kernmodules

– 120 krediete altesame, waarvan almal voltooi moet word om die kwalifikasie te verwerf.

Registrasie: Let op dat al die reëls wat vir registrasie vir 'n kwalifikasie geld in die Algemene

Akademiese Reëls van die NWU verduidelik word, veral A Reël 2.3.

**Erkenning vir Voorafgaande Geleerdheid (EVG):**

Die Noordwes-Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgebaseerde, brongebaseerde en 'n lewenslange leerproses, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n belangrike rol speel, en huldig die mening dat die erkenning van voorafgaande geleerdheid (hetsy by wyse van formele opvoedingskurrikula by hierdie of 'n ander instelling, of informeel by wyse van ervaring verkry) 'n onmisbare element is wanneer daar oor toelating tot en die toekenning van krediete in 'n eksplisiet geselekteerde onderrig-leerprogram van die Universiteit besluit word. Geregtigheid op EVG by die NWU word in sy Erkenning vir Voorafgaande Geleerdheid-Beleid uiteengesit.

Die volgende bepalings ingevolge die EVG-beleid betreffende wenslikheid is spesifiek van toepassing op hierdie kwalifikasie:

a) Kandidate wat op 'n tydstip in hul opvoedingsloopbane van formele opvoeding wegbeweeg het, maar sedertdien ervaring opgedoen het by wyse van kort kursusse, kan vrystelling vir sommige modules of vlakke of status probeer verkry vir 'n hele kwalifikasie wat hulle in staat sal stel om hulle studies voort te sit.
b) Kandidate wat vordering deur 'n leerprogram wil bespoedig by wyse van vrystelling vir modules of vlakke as teenprestasie vir informele of nie-formele geleerdheid wat verwerf is.

Die assesseringsprosesse wat by EVG betrokke is, is dieselfde as dié wat gevolg word vir die toekenning van krediete in 'n formele opset. 'n EVG-kandidaat wat krediete wil verkry vir vooraf verkreë vaardighede en kennis, moet steeds aan al die vereistes soos gestel in leermodules en leerprogramme en kwalifikasies voldoen. Die verskil is die roete na die assessering. EVG-assessering neem 'n holistiese standpunt in aangaande die assesseringsproses, waar die konteks van die geleerdheid asook die konteks van die persoon wat geassesseer word, in ag geneem word.

Net 10% van registrasies kan langs die EVG-roete toegelaat word.

**Erkenning en vrystelling van modules.**

a 'n Student wat by 'n ander erkende hoër opvoedingsinstelling gestudeer het en wat aansoek doen om vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur te registreer, kan skriftelik by die betrokke dekaan aansoek doen vir erkenning of vrystelling van modules wat vir die kwalifikasieprogram vereis word, mits die dekaan erkenning of vrystelling verleen vir nie meer nie as helfte van die krediete.

b. 'n Student wat 'n kwalifikasie van die Universiteit of enige ander erkende hoër onderwysinstelling verkry het en wat om registrasie vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur aansoek doen, kan skriftelik by die betrokke dekaan aansoek doen vir erkenning of vrystelling van modules wat vir die kwalifikasieprogram vereis word, mits die dekaan erkenning of vrystelling verleen vir nie meer nie as helfte van die krediete.

**Assessering**

Assesseringspraktyke is oop, deursigtig, billik, geldig, en betroubaar en verseker dat geen student op enige manier wat ook al benadeel word nie, sodat 'n geïntegreerde benadering tot assessering in die kwalifikasie geïnkorporeer is. Boonop is die leerproses, onderrig en assessering onlosmaaklik verweef. Waar ook al moontlik, sal die assessering van kennis, vaardighede, ingesteldhede en waardes wat in die kwalifikasie getoon word, geïntegreer word.

Geleenthede vir beide deurlopende formatiewe en summatiewe assesserings is in die onderrigontwerp van hierdie kwalifikasie ingebed in die vorm van beperkte kontakonderrigsessies en aanlyn gefasiliteerde steun vir die skriftelike praktykverwante formatiewe en summatiewe take. Studente word op die toepassing van aangeleerde vaardighede geassesseer ten einde te verseker dat teorie in effektiewe praktyk ontwikkel. Uitkomste word op 'n geïntegreerde wyse geassesseer deur middel van groepwerkprojekte, asook skriftelike take, waarin nie net die student se bewyslewering van die bemeestering van dissipline-spesifieke kennis en vaardighede geassesseer word nie, maar ook skriftelike en kommunikasievaardighede, rekenaargeletterdheid en die vermoë om werkplekverwante probleme krities te analiseer en effektief te evalueer.

Die volgende geskikthede soos in die Seniorbestuursdiens Geskiktheidsraamwerk uiteengesit, word vir die module-uitkomste van hierdie PGDip in Openbare Bestuur verskaf:

i) Geïntegreerde kennis en 'n kritiese begrip van, asook betrokkenheid by, verskillende teorieë en beginsels wat betrekking het op Openbare Bestuur, leierskap en bestuur binne die veld van Openbare Dienste en Administrasie, asook die vermoë om sodanige kennis en begrip toe te pas met die oog daarop om wêreldwye en plaaslike studies binne hierdie konteks krities te analiseer en evalueer.

ii) 'n Vermoë om veelvuldige kennisbronne aan kritiese vraagstelling te onderwerp, veral gepubliseerde joernaalartikels oor studies binne die veld van Openbare Dienstebestuur en Administrasie, en om krities navorsingsmetodes te beoordeel en evalueer, asook die resultate en aanbevelings wat deur sodanige navorsing voortgebring word.

iii) 'n Vermoë om 'n verskeidenheid verskillende maar toepaslike bestuursvaardigheide en wetenskaplike ondersoekmetodes te selekteer en toe te pas, daaroor na te dink en dan komplekse en abstrakte probleme aan te spreek, waardeur 'n bydrae gelewer word tot positiewe verandering binne die praktyk van openbare diens en ten voordele van alle lede van die gemeenskap.

iv) 'n Vermoë om betrokke te raak by etiese kwessies met betrekking tot die akademiese omgewing, Openbare Bestuurspraktyke en die gemeenskap en dit aan te spreek, ten einde waar nodig verandering in gedrag en aanpassing teweeg te bring.

v) Die vermoë om 'n akkurate, samehangende, toepaslike en kreatiewe aanbieding en kommunikasie van innoverende en nuwe professionele idees, metodes en navorsingsbevindings te lewer aan beleidmakers, praktisyns, ander rolspelers en akademici binne die veld van Openbare Bestuur, met inbegrip van en respek vir intellektuele eiendomskonvensies, kopiereg en reëls oor plagiaat.

vi) Die vermoë om effektief te werk as deel van 'n span om die dissiplineverwante probleme op te los en verantwoordelikheid te neem vir taak-spesifieke uitkomste en die toekomstige gebruik van toepaslike hulpbronne.

vii) Die vermoë om op 'n selfkritiese wyse, toepaslike leerstrategieë toe te pas ten einde 'n professionele lewenslange leerproses aan te spreek terwyl toerekenbaarheid vir die benutting van hulpbronne ontwikkel word.

**Slaagvereistes**

Die slaagvereistes vir die program en vereiste modules daarvan, word in afdeling L.7 of the Akademiese Kalender as voorwaarde gestel, met insluiting van die verhouding waarin die assesseringsmetodes met betrekking tot die bepaalde formule gekombineer word, ten einde te bepaal of dit suksesvol voltooi was.

**Getal assesseringsgeleenthede**

Indien 'n student 'n summatiewe assessering ondergaan en een of twee modules van die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur druip, kan die dekaan (in oorleg met die skooldirekteur) aan die student 'n tweede summatiewe assesseringsgeleentheid in die betrokke module(s) toestaan.

'n Student mag, binne die maksimum toelaatbare studietydperk, 'n maksimum van 33% van die modules van die betrokke kurrikulum herhaal.

Indien 'n student alle assesseringsgeleenthede benut het, en alles geslaag het behalwe een van die modules wat vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur vereis word, kan die student om 'n finale assesseringsgeleentheid vir die uitstaande module aansoek doen; betaling van 'n voorgeskrewe bedrag, maar nié registrasie nie, kan vir so 'n assessering vereis word.

**Uitstel van studieperiode**

Die bepalings van Akademiese Reël 2.4.6 geld vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur.

**Onbevredigende akademiese prestasie**

Die bepalings van Akademiese Reël 2.4.7 en 2.4.8 geld vir die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur.

**Kwalifikasie met onderskeiding**

Die Nagraadse Diploma in Openbare Bestuur word toegeken wanneer 'n student die kwalifikasie binne die minimumtydperk voltooi en 'n geweegde gemiddelde van 75% in alle modules behaal.

## L.8.3 PROGRAM: OPENBARE BESTUUR (1BC D02)

## L.8.3.1 Kurrikulum L501P: Ramprisikostudies

### L.8.3.1.1 Spesifieke toelatingsvereistes van die kurrikulum

e) ʼn B-graad, Gevorderde Diploma, of ‘n gelykwaardige kwalifikasie en ‘n minimum van twee jaar toepaslike werkservaring.

f) Kandidate wat nie aan die minimum vereistes voldoen nie, kan by die Direkteur van die Afrika-sentrum vir Rampstudies aansoek doen om ‘n onderhoud deur ‘n paneel. Die paneel word saamgestel deur die Direkteur van die Afrika-sentrum vir Rampstudies en die paneel sal op grond van die onderhoud en ander oorwegings wat as relevant beskou word, toelating oorweeg.

g) ‘n Beperkte aantal kandidate sal jaarliks tot die program toegelaat word. Die getal kandidate wat toegelaat word, sal afhang van die beskikbare personeel by die Sentrum. Alle aansoek sal streng volgens akademiese meriete beoordeel word.

h) Alle kandidate wat toegelaat word, moet op ‘n datum wat deur die Direkteur van die Afrika-sentrum vir Rampstudies vasgestel word, ‘n inleidende en oriënterende byeenkoms op die Potchefstroomkampus bywoon.

### L.8.3.1.2 Kurrikulumuitkomste

In hierdie program sal die student die vak Ramprisikovermindering ervaar as ʼn dissipline wat die student toerus met voorpuntkennis en professionele bestuursvaardighede om betekenisvolle bydraes tot ʼn vinnig veranderende wêreld te kan lewer. Dit bied verder aan die student ontledings- en navorsingsvaardighede wat hom/haar in aanvraag maak binne die arbeidsmark of in ʼn posisie plaas om selfstandig te kan werk.

**L.8.3.1.3 Artikulasie**

Ná suksesvolle voltooiing van die kurrikulum kan studente toegelaat word tot die magistergraad (Msc) in Omgewingswetenskappe met Ramprisiko Wetenskap, Kwalifikasie kode: 2CT N07, Kurrikulum N801P.

**L.8.3.1.4 Samestelling van kurrikulum L501P:**

| Modulekode | Beskrywende naam | Krediete |
|---|---|---|
| PGDP514 | Strategiese beplanning en bestuur | 20 |
| PGDD511 | Ramprisiko en aanpassing tot klimaatsverandering | 20 |
| PGDD512 | Veerkragtigheid en kwesbaarheid | 20 |
| PGDD513 | Navorsingsmetodologie | 8 |
| PGDP524 | Leierskap vir goeie regering | 20 |
| PGDP525 | Program- en projekbestuur | 20 |
| PGDD521 | Navorsingsprojek | 12 |
| **Kredieттotaal vir kurrikulum** | | **120** |

**L.8.3.1.5 Samestelling van kurrikulum L501P:**

**L.8.3.1.6** Reëls vir samestelling van die kurrikulum:

Al die modules moet voltooi word.

## L.9 MODULE-UITKOMSTE: NAGRAADSE DIPLOMA IN BESTUUR

### L.9.1 OPENBARE EN NIE-WINSGEWENDE BESTUUR (L531P / L533P)

| **Modulekode: PGDP511 / PGDP515** | **Semester 1/2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|
| Titel: Strategiese Beplanning en Bestuur | | |
| Module-uitkomstes: Na suksesvolle voltooiing van hierdie module, sal die student in staat wees om<br>• toepaslike konsepte, benaderings tot en elemente van strategiese beplanning vir kwaliteitsdienslewering in openbare dienste krities te beoordeel en bespreek;<br>• strategiese beplanningsgeskikthede, in ooreenstemming met die SA Openbare Dienste Strategiese Beplanningsraamwerk toe te pas in die ontwerp van stelsels, beleidsrigtings en strategieë vir effektiewe Openbare Bestuur en die impak daarvan te moniteer;<br>• toepaslike stelselsdenke op besigheidswerksaamhede, asook gedrags-, bemarkings-, strategiese- en entrepreneursprosesse toe te pas met die oog daarop om verandering teweeg te bring en om die SA-ontwikkelingstaat verder te verbeter. | | |
| Oordragmetode: Beperkte Kontak | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Formatiewe assessering: — gewig: 40%**<br>**Summatiewe assessering: Omvattende individuele taak – gewig: 60%** | | |
| **Modulekode: PGDP512 / PGDP516** | **Semester 1/2** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Leierskap vir Goeie Openbare Bestuur | | |
| Module-uitkomste: Na suksesvolle voltooiing van hierdie module, sal die leerder in staat wees om<br>• die aard en dimensies van Openbare Bestuur te kan verken en krities beoordeel ten einde die algemene rolle en verantwoordelikhede van die onderskeie rolspelers in Openbare Bestuur en in die besonder in demokratiese Openbare Bestuur in die openbare diens ter uitbouing van 'n ontwikkelingstaat te kan bepaal;<br>• gevorderde kennis van effektiewe leierskap met praktyk in die openbaredienste-sektor te integreer;<br>• krities toepaslike modelle en teorieë van leierskap te kan toepas ten einde goeie regering te kan bewerkstellig binne die openbare sektor, met die oog daarop om komplekse en abstrakte probleme op te los waardeur verandering via verbeterde beleidsrigtings, prosedures en 'n effektiewe kommunikasieplan fasiliteer kan word; ?<br>• blyke van geskiktheid wat met effektiewe leierskap verband hou te kan gee: emosionele intelligensie, verbeeldingryke intelligensie, inisiatief (innoverende leierskap), kreatiewe probleemoplossing, effektiewe kommunikasie en interpersoonlike sensitiwiteit. | | |
| Oordragmetode: Beperkte Kontak | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Formatiewe assessering: — gewig: 40%**<br>**Summatiewe assessering: Omvattende individuele taak — gewig: 60%** | | |
| **Modulekode: PGDP513 / PGDP517** | **Semester 1/2** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Program- en Projekbestuur | | |
| Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module, sal die student in staat wees om<br>• bevoegdheid te demonstreer ten opsigte van die ontwikkeling van stelsels, strategieë en programme vir openbare beleidsimplementering met die oog daarop | | |

om projekte te inisieer, te lei en koördineer wat lei tot die bereiking van die langtermyn strategiese doelwitte van 'n regeringsdepartement;
- toepaslike projekbestuursgeskikthede te kan toepas in programontwikkeling en -lewering in die SA openbaredienste-sektor;
- effektiewe prosedures te kan identifiseer en implementeer met die oog daarop om risiko's in programme te bestuur;
- toepaslike prestasiebestuurstelsels te kan toepas in programmonitering en evaluering met die doel om departementele prestasielewering te verseker.

Oordragmetode: Beperkte Kontak

Assesseringsmetodes:
**Formatiewe assessering: — gewig: 40%**
**Summatiewe assessering: Omvattende individuele taak — gewig: 60%**

| Modulekode: PGDP521 / PGDP526 | Semester 2/1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Strategiese Mensehulpbronnebestuur

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module, sal die student in staat wees om

- blyke te gee van toegepaste bevoegdheid rakende mensebronnebestuursbeginsels en -strategieë met inbegrip van onder andere intellektuele kapitaalbestuur, die wetlikheid betreffende toegang tot inligting, behoud van werknemers en talentbestuur, mentorbystand, *coaching*, arbeidsbetrekkinge, gesondheid en MIV/Vigs; met die oog daarop om 'n geïntegreerde mensehulpbronplan te integreer, en die gesondheid en welstand van werknemers te verbeter;
- die skakel tussen Batho Pele, vir beter kommunikasie en verbeterde dienslewering binne die mensebronnebestuurskonteks, te identifiseer en fasiliteer;
- die uitwerking van kommunikasie in die werksplek te bepaal; en
- diversiteit te bestuur en regverdigheid te bevorder binne individuele kontekste in die openbare sektor ten einde 'n mededingende voordeel te behaal.

Oordragmetode: Beperkte Kontak

Assesseringsmetodes:
**Formatiewe assessering: — gewig: 40%**
**Summatiewe assessering: Omvattende individuele taak — gewig: 60%**

| Modulekode: PGDP522 / PGDP527 | Semester 2/1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Finansiële Bestuur en die Begrotingsproses

Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module, sal die student in staat wees om

- die teoretiese grondslae van SA finansiële bestuurstegnieke te evalueer;
- die onderskeie tipes finansiële bestuurstegnieke soos byvoorbeeld kostevoordele-ontleding, stelselsontleding, projekbestuur en prestasiebestuur in die SA openbare sektor toe te pas;
- kennis te toon by die toepassing van finansiële risikobestuur en interne beheermaatreëls in eie verantwoordelikheidsgebied;
- 'n oorsig te gee van die SA regering se fiskale en monetêre beleidsrigtings en 'n eie departementele begroting met dié van die SA te vergelyk ten einde nakoming te bepaal;
- die vereistes van die openbare finansierings- regulatiewe raamwerk vir finansiële bestuursprosesse te kan vertolk, ontleed en toepas.

Oordragmetode: Beperkte Kontak

Assesseringsmetodes:
**Formatiewe assessering: — gewig: 40%**
**Summatiewe assessering: Omvattende individuele taak — gewig: 60%**

| Modulekode: PGDP523 / PGDP528 | Semester 2/1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Beleidsformulering en -Implementering | | |
| Module-uitkomste: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module, sal die student in staat wees om<br>• sterk punte, swakhede en uitdagings in kontemporêre beleidsformulering krities te analiseer;<br>• beginsels van demokratiese toerekenbaarheid, sosiale regverdigheid, deursigtigheid en kulturele sensitiwiteit op beleidsformuleringspraktyk te kan toepas;<br>• teorie en praktyk van beleidsformulering, organisatoriese ontwerp en monitering asook evaluasiestelsels met kontemporêre Openbare Bestuurspraktyk te kan verbind;<br>• die hoofrolspelers en hulle individuele rolle in die openbare beleidmakingsproses te kan identifiseer en hulle impak op die proses te kan evalueer;<br>• die reëls vir effektiewe openbare beleidskrywing te kan identifiseer en te implementeer ten einde 'n effektiewe openbare beleid te kan ontwikkel; en<br>• die mees toepaslike benadering/metode te kan selekteer en gebruik ter ontwikkeling en implementering van 'n regeringsdepartementsbeleid en die effektiwiteit daarvan ter verbetering van dienslewering te kan assesseer. | | |
| Oordragmetode: Beperkte Kontak | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Formatiewe assessering: — gewig: 40%**<br>**Summatiewe assessering: Omvattende individuele taak — gewig: 60%** | | |

## L.9.2 OPENBARE EN NIE-WINSGEWENDE BESTUUR (RAMPRISIKOSTUDIES)(L532P)

| Modulekode: PGDP 514 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Strategiese beplanning en bestuur | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• Pas strategiesebeplanningsbevoegdhede toe in die ontwerp van stelsels, beleide en strategieë vir effektiewe ramprisikobestuur.<br>• Moniteer en kommunikeer op akkurate en gepaste wyse die aard van kwesbaarheid en blootstelling aan ramprisikoverminderingsberoepe, gemeenskapslede en kritiese rolspelers. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 50%<br>Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50% | | |
| **Module kode: PGDD511** | **Semester 1** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Ramprisiko en aanpassing tot klimaatsverandering | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• Definieer en verduidelik die interaksie tussen die basiese konsepte (d.w.s. risiko's, gevare, kwesbaarheid, veerkragtigheid) wat die basis van ramprisiko vorm; Beoordeel verskeie rampmites krities.<br>• Verduidelik die invloed van ramprisiko op arm gemeenskappe.<br>• Begryp die verskil tussen ramprisikobestuur, ramprisikovermindering en klimaatsveranderingsaanpassing. | | |

- Verduidelik die toepassing van ramprisikobestuur en klimaatsveranderingsaanpassing in die Suid-Afrikaanse konteks.
- Ontleed die skakel tussen die gevolge van klimaatsverandering en die Suider-Afrikaanse risikoprofiel.
- Toon ’n basiese begrip van huidige prosesse van klimaatsverandering en aanpassingspraktyke om gemeenskapsveerkragtigheid te verbeter.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50%

| **Module kode: PGDD 512** | **Semester 1** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Veerkragtigheid en kwesbaarheid

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- Oordeel die kwesbaarheid van ’n gemeenskap of groep krities deur verskillende modelle van kwesbaarheid, veerkragtigheid en blootstellingsontledings toe te pas.
- Gee ’n akkurate en toepaslike monitering en vertolking van die aard van kwesbaarheid en blootstelling aan ramprisikoverminderingsberoepe, gemeenskapslede en kritiese rolspelers.
- Begryp die ingewikkeldheid van ramprisiko, kwesbaarheid en veerkragtigheid waarvan die wortels in sosiale, ekonomiese, fisiese , omgewings- en politieke oorspronge is.
- Ondersoek die kenmerke wat gepaard gaan met veerkragtigheid en kwesbaarheid sodat die omvang van risiko- en kwesbaarheidsassesserings krities geëvalueer kan word.
- Begryp die kritiese dimensies van blootstelling, kwesbaarheid en veerkragtigheid, en die bydrae wat dit het tot, of die ondermyning van, die impak van ’n ramp.
- Verduidelik landelik-stedelike skakels vir die bou van veerkragtigheid.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50%

| **Module kode: PGDD 513** | **Semester 1** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Navorsingsmetodologie

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- Begryp die gedragskode, waardes en etiek van nagraadse studie.
- Beskik oor ’n basiese oriëntering oor die aard van wetenskaplike kennis en die epistemologie van die geesteswetenskappe.
- Bemeester en pas die spesifieke aspekte van navorsingsontwerp en -uitvoering toe wat die voordrag van ’n navorsingsvoorstel en die skryf van ’n navorsingsverslag tot gevolg kan hê.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50%

| Modulekode: PGDP 524 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Leierskap vir goeie regering | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• Beredeneer en pas die beginsels, teorieë en strategieë met betrekking tot effektiewer strategiese, versiende en transformasionele leierskap deur munisipaliteite in hul jurisdiksie, toe.<br>• Toon ’n gevorderde vlak van leierskaps- en bestuurskennis, -bevoegdhede, en -vaardighede, asook van effektiewe uitvoering van funksies deur ’n munisipaliteit met verwysing na die jurisdiksie of geografiese area.<br>• Identifiseer, dokumenteer, implementeer en evalueer wesenlike aspekte van veranderings- (transformasie)-bestuur in ’n munisipale omgewing. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 50%<br>Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50% | | |

| Modulekode: PGDP 525 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Program- en projekbestuur | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• Identifiseer en beskryf die teoretiese beginsels van projekte.<br>• Identifiseer, dokumenteer, implementeer en evalueer noodsaaklike aspekte van elke fase in die projeklewensiklus.<br>• Evalueer die onderskeie fases in die projekbestuursproses.<br>• Ontleed geskikte projekbestuursmetodologie vir toepassing deur munisipaliteite/rampbestuursentrums in hul area van verantwoordelikheid.<br>• Beplan ’n uitgebreide projek deur die toepassing van beplanningsmiddels soos Werkontledingstrukture, Lewensvatbaarheidstudies, Gantt-grafieke en Netwerkdiagramme.<br>• Ontwerp ’n kommunikasieplan vir ’n munisipale projek deur die gepaste beginsels van kommunikasieteorie en insethouerontleding.<br>• Stel ’n Risikomatriks vir ’n bepaalde munisipale projek saam en ontwerp gepaste gebeurlikheidsplanne en versagtingstrategieë.<br>• Evaluering en toepassing van projekgebaseerde organisatoriese strukture deur ’n munisipaliteit/rampbestuursentrum in hul jurisdiksie.<br>• Ontleed en evalueer die potensiële toepassingsvoordele van program- en projekbestuur in plaaslike regering.<br>• Ontwerp geskikte projekbeheermeganismes en fasiliteer politieke oorsig in rampverwante projekte. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 50%<br>Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50% | | |

| Module kode: PGDD 521 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Navorsingsprojek | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• Ontwerp 'n navorsings voorstel volgens die voorgeskrewe wetenskaplike metodes en tegnieke om werklike probleme op te los binne die student se spesialiserings gebied.<br>• Ontwerp 'n navorsings studie in die veld van ramp studies onder studieleiding, en volg die NWU se etiese en professionele riglyne.<br>• Skryf 'n navorsings verslag volgens die voorgeskrewe spesifikasies in die spesialiserings gebeid. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Navorsingsprojek — gewig: 100% | | |

## L.9.3 MODULE-UITKOMSTES: NAGRAADSE DIPLOMA IN OPENBARE BESTUUR

### OPENBARE BESTUUR (1BB D01)(1BC D01)(L534P)

| **Modulekode: PGDP 515** | **Semester 1/2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|
| Titel: Strategiese Beplanning en Bestuur | | |
| Module-uitkomstes: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student<br>• relevante konsepte, benaderings tot en elemente van strategiese beplanning vir hoëgehaltedienslewering in die staatsdiens kan beoordeel en bespreek;<br>• strategiese beplanningsbevoegdhede kan toepas in ooreenstemming met die SA Staatsdiens se Strategiese Beplanningsraamwerk, om beleide en strategieë vir doeltreffende openbare bestuur te ontwerp en die impak daarvan te moniteer;<br>• toepaslike sisteemdenke kan toepas op besigheidsoperasies asook op gedrags-, bemarkings-, strategiese en entrepreneuriese prosesse, om só verandering te bewerkstellig en die SA ontwikkelingstaat verder te help verbeter. | | |
| Metode van aflewering: Afstand | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Formatiewe assesserings: — gewig: 40%**<br>**Summatiewe assessering: Omvattende individuele werkstuk — gewig: 60%** | | |
| **Modulekode: PGDP 516** | **Semester 1/2** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Leierskap vir Goeie Korporatiewe Bestuur | | |
| Module-uitkomstes: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die leerder<br>• die aard en dimensies van korporatiewe bestuur kan verken en krities beoordeel om die algemene rolle en verantwoordelikhede te bepaal van die onderskeie rolspelers in korporatiewe bestuur, en in die besonder in demokratiese korporatiewe bestuur in die staatsdiens;<br>• gevorderde kennis van doeltreffende leierskap met die praktyk in die staatsdienssektor kan integreer;<br>• toepaslike modelle en teorieë oor leierskap krities kan toepas om goeie korporatiewe bestuur binne die openbare sektor te bewerkstellig en te help om komplekse en abstrakte probleme op te los, en só verandering te bevorder deur verbeterde beleide, prosedures en ŉ doeltreffende kommunikasieplan;<br>• bevoegdhede wat met effektiewe leierskap verband hou kan demonstreer: emosionele intelligensie, verbeeldingryke intelligensie, inisiatief (innoverende leierskap), kreatiewe probleemoplossing, doeltreffende kommunikasie en interpersoonlike sensitiwiteit. | | |
| Metode van aflewering: Afstand | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Formatiewe assesserings: — gewig: 40%**<br>**Summatiewe assessering: Omvattende individuele werkstuk — gewig: 60%** | | |

| Modulekode: PGDP 517 | Semester 1/2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Program- en Projekbestuur

Module-uitkomstes: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student

- bevoegdhede kan demonstreer in die ontwerp van stelsels, strategieë en programme vir die implementering van openbare beleid, om só projekte te inisieer, te lei en te koördineer wat tot die bereiking van die langtermyn strategiese doelwitte van ŉ regeringsdepartement lei;
- toepaslike projekbestuursbevoegdhede in programontwikkeling en -lewering binne die SA Staatsdienssektor kan toepas;
- effektiewe prosedures kan identifiseer en implementeer om risiko's in programme te bestuur;
- relevante prestasiebestuurstelsels in programmonitering en -evaluering kan toepas om te verseker dat daar aan departementele uitsette voldoen word.

Metode van aflewering: Afstand

Assesseringsmetodes:
**Formatiewe assesserings: — gewig: 40%**
**Summatiewe assessering: Omvattende individuele werkstuk — gewig: 60%**

| Modulekode: PGDP 526 | Semester 2/1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Strategiese Mensehulpbronbestuur

Module-uitkomstes: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student

- toegepaste bevoegdheid kan toon oor beginsels en strategieë van mensehulpbronbestuur, met inbegrip van bestuur van intellektuele kapitaal, die wetlike aspekte rondom toegang tot inligting, retensie van werknemers en talentbestuur, mentorskap, leidinggewing, arbeidsverhoudings, gesondheid en MIV/Vigs; met die oog daarop om ŉ geïntegreerde mensehulpbronplan te ontwerp en die gesondheid en welstand van werknemers te verbeter;
- die skakels tussen Batho Pele, verbeterde kommunikasie en verbeterde dienslewering binne die konteks van mensehulpbronbestuur kan identifiseer en fasiliteer;
- die uitwerking van kommunikasie binne die werkplek kan vasstel; en
- diversiteit kan bestuur en gelykheid kan bevorder binne individuele kontekste in die staatsdiens om ŉ mededingende voordeel te behaal.

Metode van aflewering: Afstand

Assesseringsmetodes:
**Formatiewe assesserings: — gewig: 40%**
**Summatiewe assessering: Omvattende individuele werkstuk — gewig: 60%**

| Modulekode: PGDP 527 | Semester 2/1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Finansiële Bestuur en Begroting | | |
| Module-uitkomstes: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student<br>• die teoretiese grondslae van SA finansiële bestuurstegnieke kan evalueer;<br>• die verskillende tipes finansiële bestuurstegnieke soos kostevoordeelontleding, stelselontleding, projekbestuur en prestasiebestuur in die SA openbare sektor;<br>• kennis demonstreer oor die toepassing van finansiële risikobestuur en interne beheermaatreëls binne ŉ eie verantwoordelikheidsfeer;<br>• die SA regering se fiskale en monetêre beleide kan beoordeel en die eie departementele begroting kan vergelyk met dié van SA om nakoming te bepaal;<br>• die vereistes vir die openbare finansiële regulatoriese raamwerk kan interpreteer, ontleed en op die finansiële bestuursprosesse kan toepas. | | |
| Metode van aflewering: Afstand | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Formatiewe assesserings: — gewig: 40%**<br>**Summatiewe assessering: Omvattende individuele werkstuk — gewig: 60%** | | |

| Modulekode: PGDP 528 | Semester 2/1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Beleidformulering en Implementering | | |
| Module-uitkomstes: Na die suksesvolle voltooiing van hierdie module sal die student<br>• die sterkpunte, swakpunte en uitdagings binne eietydse beleidformulering krities kan ontleed;<br>• die beginsels van demokratiese aanspreeklikheid, maatskaplike gelykheid, deursigtigheid en kulturele sensitiwiteit op die praktyk van beleidformulering kan toepas;<br>• die teorie en praktyk van beleidformulering, organisasieontwerp asook monitering- en evalueringstelsels met eietydse openbare korporatiewebestuurspraktyk kan verbind;<br>• die hoofrolspelers en hul individuele rolle in die openbare beleidmakingsproses kan identifiseer, en hulle impak op die proses kan evalueer;<br>• die reëls vir effektiewe beleidskrywing kan identifiseer en implementeer om ŉ doeltreffende openbare beleid te ontwikkel; en<br>• die mees toepaslike benadering/metode kan kies en inspan om ŉ regeringsdepartement se beleid te ontwikkel en implementeer en te ontleed hoe doeltreffend die beleid is om dienslewering te verbeter. | | |
| Metode van aflewering: Afstand | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Formatiewe assesserings: — gewig: 40%**<br>**Summatiewe assessering: Omvattende individuele werkstuk — gewig: 60%** | | |

## L.9.4 RAMPRISIKOSTUDIES (1BC D02)(L501P)

| Modulekode: PGDP 514 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Strategiese beplanning en bestuur | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om<br>• Pas strategiesebeplanningsbevoegdhede toe in die ontwerp van stelsels, beleide en strategieë vir effektiewe ramprisikobestuur.<br>• Moniteer en kommunikeer op akkurate en gepaste wyse die aard van kwesbaarheid en blootstelling aan ramprisikoverminderingsberoepe, gemeenskapslede en kritiese rolspelers. | | |

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50%

| Module kode: PGDD511 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Ramprisiko en aanpassing tot klimaatsverandering

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- Definieer en verduidelik die interaksie tussen die basiese konsepte (d.w.s. risiko's, gevare, kwesbaarheid, veerkragtigheid) wat die basis van ramprisiko vorm; Beoordeel verskeie rampmites krities.
- Verduidelik die invloed van ramprisiko op arm gemeenskappe.
- Begryp die verskil tussen ramprisikobestuur, ramprisikovermindering en klimaatsveranderingsaanpassing.
- Verduidelik die toepassing van ramprisikobestuur en klimaatsveranderingsaanpassing in die Suid-Afrikaanse konteks.
- Ontleed die skakel tussen die gevolge van klimaatsverandering en die Suider-Afrikaanse risikoprofiel.
- Toon 'n basiese begrip van huidige prosesse van klimaatsverandering en aanpassingspraktyke om gemeenskapsveerkragtigheid te verbeter.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 50%

| Module kode: PGDD 512 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Veerkragtigheid en kwesbaarheid

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om

- Oordeel die kwesbaarheid van 'n gemeenskap of groep krities deur verskillende modelle van kwesbaarheid, veerkragtigheid en blootstellingsontledings toe te pas.
- Gee 'n akkurate en toepaslike monitering en vertolking van die aard van kwesbaarheid en blootstelling aan ramprisikoverminderingsberoepe, gemeenskapslede en kritiese rolspelers.
- Begryp die ingewikkeldheid van ramprisiko, kwesbaarheid en veerkragtigheid waarvan die wortels in sosiale, ekonomiese, fisiese , omgewings- en politieke oorspronge is.
- onafhanklik inligting te versamel aangaande Openbare Bestuursteorieë, individueel of in 'n groepsverband;
- insig in die toepassing van Openbare Bestuursteorieë in 'n demokratiese ontwikkelings konteks te demonstreer.

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| Modulekode: PUMA613 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Openbare Beleidsanalise

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- ŉ omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te demonstreer van die aard van beleidsbepaling en -analise in die Suid-Afrikaanse konteks;
- ŉ samehangende en kritiese begrip te toon vir teorieë en beginsels van beleidsbepaling en -analise;
- onafhanklik inligting in te samel, te sintetiseer en te evalueer en daarna die resultate te kommunikeer met professionele insig, interpretasie en oplossing van die beleidsproblematiek;
- die openbare sektor te ontleed en die noodsaaklikheid van beleidsanalise vir verbeterde beleidsbesluite te evalueer.

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| Modulekode: PUMA621 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Openbare Finansiële Bestuur

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- 'n ontleding van finansiële beplanning en begroting soos dit in nasionale, provinsiale en plaaslike regeringsfere geopenbaar word;
- 'n begrip van die finansiële kwessies wat verband hou met die verkrygingsbestuur in die nasionale, provinsiale en plaaslike regering te demonstreer;
- 'n kritiese besinning oor kwessies wat verband hou met finansiële beheer, aanspreeklikheid en goeie regering vir die nasionale, provinsiale en plaaslike regering te verskaf;
- die kernverantwoordelikhede soos die opstel van 'n begroting, finansiële verantwoordelikhede, asook die doeltreffende toepassing van toepaslike wetlike vereistes te hanteer;
- die basiese aspekte met betrekking tot effektiewe, doeltreffende en ekonomiese toevoervoorraad, batebestuur en finansiële bestuurstelsels asook die verbetering daarvan toe te pas, moniteer en te evalueer.

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| Modulekode: PUMA622 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|

Titel: Openbare Menslike-hulpbronbestuur

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- ‘n omvattende en sistematiese begrip van bestaande teorieë, beginsels en van die beste/mees geskikte menslike hulpbronpraktyke vir nasionale, provinsiale en plaaslike regering te demonstreer;
- krities en onafhanklik die menslike hulpbronpraktyke te ontleed, evalueer en aanbevelings te maak vir die verbetering van die bestaande menslike hulpbronpraktyke;
- effektief inligting in te samel, individueel of in groepsverband, aangaande openbare menslike hulpbronne, en die inligting krities en binne 'n etiese raamwerk te kommunikeer.

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| **Modulekode: PUMA625** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Openbare Projekbestuur

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van projekbestuur in die Suid-Afrikaanse openbare sektor wat al drie vlakke van die regering naamlik, nasionale, provinsiale en plaaslike regering, insluit te demonstreer;
- 'n samehangende en kritiese begrip van die kernbeginsels, modelle en teorieë met betrekking tot projekbestuur vir 'n doeltreffende, effektiewe en ekonomiese funksionering van openbare sektor instellings te demonstreer;
- komplekse projekbestuursuitdagings in die openbare sektor te identifiseer en analiseer en oplossings vir die uitdagings deur die insiggewende toepassing van projekbestuur se kennis areas te inisieer

Metode van aflewering: Deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| **Modulekode: PUMA671** | **Semester 1+2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Navorsingsprojek

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:

- verskeie bronne van kennis in die gekose veld van studie krities te bevraagteken, evalueer en die wyse waarop kennis geproduseer is te hersien;
- 'n verskeidenheid van verskillende, maar geskikte navorsingsvaardighede en wetenskaplike metodes van ondersoek te kies, evalueer en toe te pas ten einde komplekse of abstrakte probleme te reflekteer en by te dra tot positiewe verandering in die praktyk;
- die vermoë te demonstreer om onafhanklik relevante basiese of toegepaste navorsing uit te voer en in 'n wetenskaplik aanvaarbare formaat te kommunikeer.

Assesseringsmetodes:
Navorsingsprojek – gewig: 100%

## L.10.12 POLITIEKE STUDIE

| Modulekode: POLS611 | Jaarkursus | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Metodologie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ʼn omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te demonstreer van politieke navorsing;<br>• ʼn samehangende en kritiese begrip te toon vir die belangrikste beginsels, teorieë en epistemologie van politieke navorsing;<br>• om navorsing te beoordeel en gegronde teoretiese en metodologiese menings daaroor te lewer;<br>• onafhanklik inligting te versamel en te ontleed, te sintetiseer en te evalueer, en daardie resultate te kommunikeer met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| **Modulekode: POLS612** | **Semester 1** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Beleidstudies | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• oor ʼn uitgebreide en sistematiese kennis te beskik van nasionale en internasionale openbare beleid;<br>• goed ontwikkelde insamelingsvaardig- hede te gebruik om bekende en onbekende, en dikwels abstrakte, probleme oor openbare beleid te help oplos;<br>• hierdie oplossings individueel of in groepe eties en akademies te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| **Modulekode: POLS613** | **Semester 1** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Politieke Filosofie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ʼn uitgebreide en sistematiese kennis van politieke filosofie te toon;<br>• die onbekende en astrakte probleme weens die soeke na regverdiging van gesag, globale ekonomiese geregtigheid, vryheid, demokrasie en oorlog, te ontleed;<br>• die oplossings op ʼn etiese en akademiese manier individueel of in groepverband deur rekenaartegnologie te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| **Modulekode: POLS673** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Navorsingsprojek | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ʼn omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te demonstreer van ʼn spesifieke politieke onderwerp; | | |

- ŉ samehangende en kritiese begrip te toon vir die belangrikste beginsels, teorieë en die epistemologie van ŉ spesifieke politieke onderwerp;
- met gevorderde ondersoekvaardighede, getuienisgedrewe oplossings asook teoriegedrewe oplossings en argumente vir ingewikkelde probleme aan te bied vir ŉ spesifieke politieke onderwerp;
- onafhanklik inligting rakende ŉ spesifieke politieke onderwerp te versamel, ontleed, sintetiseer, evalueer en die resultate met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme te kommunikeer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Navorsingsprojek — gewig: 100%

| **Modulekode: POLS621** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Vergelykende Politiek

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis en begrip te toon van die metodes en toepassing van politieke vergelykings;
- onafhanklik inligting te versamel en te ontleed en oplossings vir onbekende en dikwels abstrakte probleme in vergelykende politiek individueel of in groepe volgens akademiese konvensies voor te stel.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| **Modulekode: POLS622** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Vraagstukke in die wêreldpolitiek

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis en begrip te toon van vraagstukke en probleme in die wêreldpolitiek asook die betrokkenheid en gedrag van ŉ verskeidenheid akteurs in wêreldvraagstukke;
- onafhanklik inligting te versamel en te ontleed, en dan, individueel of in groepe, volgens akademiese konvensies oplossings voor te stel vir onbekende en dikwels abstrakte probleme rakende vraagstukke in die wêreldpolitiek.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| **Modulekode: POLS623** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Politieke dinamika

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis en begrip te toon van politieke dinamika asook die verskynsels, instellings en rolspelers wat hiermee verband hou;
- onafhanklik inligting te versamel en te ontleed en, individueel of in groepe volgens akademiese konvensies oplossings voor te stel vir onbekende dikwels abstrakte probleme rakende politieke dinamika en verskynsels, instellings en rolspelers wat hiermee verband hou.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| Modulekode: POLS624 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Politiek in die ontwikkelende wêreld | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• oor 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te beskik van die politiek van die ontwikkelende wêreld;<br>• 'n samehangende en kritiese begrip te toon vir belangrikste beginsels, teorieë asook die epistemologie van die politiek van die ontwikkelende wêreld;<br>• met gevorderde ondersoekvaar- dighede, getuienisgedrewe oplossings asook teoriegedrewe oplossings en argumente vir komplekse probleme rakende die politiek van die ontwikkelende wêreld aan te bied;<br>• onafhanklik inligting rakende die politiek van die ontwikkelende wêreld te versamel, ontleed, sintetiseer, evalueer en die resultate met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 60%<br>Tuiseksamen 1x48 uur – gewig:40% | | |
| **Modulekode: POLS625** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Afrika-politiek | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• 'n omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van politiek in Afrika te demonstreer;<br>• 'n samehangende en kritiese begrip te toon vir die belangrikste beginsels, teorieë en epistemologie van die politiek in Afrika;<br>• met gevorderde ondersoekvaardig- hede, getuienisgedrewe oplossings asook teorie-gedrewe oplossings en argumente vir ingewikkelde probleme rakende politiek in Afrika aan te bied;<br>• onafhanklik inligting rakende politiek in Afrika te versamel, ontleed, sintetiseer, evalueer en die resultate met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| **Modulekode: POLS626** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Regeerkunde en politieke transformasie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• 'n uitgebreide en sistematiese kennis van politieke transformasie te toon;<br>• die onbekende en astrakte probleme te ontleed wat teweeggebring word deur die wringkragte van verandering binne die konteks van regeringsbestuur;<br>• die mootlike oplossings aan die hand van teorieë, krities vanuit verskeie bronne te beredeneer en die resultate, akademies, eties en deur rekenaartegnologie individueel en in groepverband te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |

| Modulekode: POLS627 | Semester 2 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Politieke Ekonomie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ŉ omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis van Politieke Ekonomie kan demonstreer;<br>• ŉ samehangende en kritiese begrip te toon vir die belangrikste beginsels, teorieë en epistemologie van die Politiek Ekonomie;<br>• met gevorderde ondersoekvaardig- hede, getuienisgedrewe oplossings asook teoriegedrewe oplossings en argumente vir ingewikkelde probleme rakende Politieke Ekonomie aan te bied;<br>• oor die vermoë beskik om onafhanklik inligting rakende Politieke Ekonomie te versamel, ontleed, sintetiseer, evalueer en die resultate met professionele insig, interpretasies en oplossings vir probleme te kommunikeer. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |

## L.10.13 SETSWANA

| Modulekode: TSNG671 | Jaarkursus | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Setswana-taalkunde: navorsingsmetodologie en skripsie | | |
| Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die student in staat wees om<br>• omvattende en sistematiese kennis en begrip oor navorsingsmetodologie te toon;<br>• inligting t.o.v. ŉ vasgestelde tema van die Setswanataalkunde te identifiseer, te selekteer en wetenskaplik in ŉ skripsie aan te bied;<br>In hierdie module skryf die student ook ŉ skripsie wat voldoen aan die volgende vereistes:<br>• die omvang van die skripsie word bepaal in verhouding tot die onderwerp sodat ŉ aanvaarbare hoeveelheid navorsing daarin vervat kan word;<br>• die skripsie moet die vereiste wetenskaplike formaat vertoon, d.w.s. dit moet ŉ probleemstelling bevat wat op probleemvrae uitloop, daar moet duidelik doelstellings geformuleer word, asook ŉ sentrale teoretiese argument en die struktuur van die skripsie moet aangetoon word;<br>• in die skripsie moet ŉ samehangende en relevante argument ontwikkel word en daar moet tot gepaste gevolgtrekkings gekom word;<br>• die skripsie moet stilisties van goeie gehalte wees en alle verwysings en die bibliografie moet wetenskaplik korrek gedoen word;<br>• die standaard van die skripsie moet aanvaarbaar wees volgens die kriteria vir die honneursvlak. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Asesseringsmetodes:<br>Navorsingsmetodologie: opdragte en eksamen 1x3 uur – gewig: 30%<br>Skripsie – gewig: 70% | | |

| Modulekode: TSNG672 | Jaarkursus | NKR- vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Setswana: Taalteorie | | |
| Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die student in staat wees om<br>• omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die taalgeografie asook die geskiedenis en ontwikkeling van die Afrikatale in die algemeen te toon;<br>• ŉ ingeligte en kritiese begrip oor verskillende benaderingswyses tot die Setswanataalkunde te toon;<br>• komplekse probleme en vraagstukke oor die linguistiek in die algemeen en oor die begrippe van die algemene taalwetenskap te identifiseer en te analiseer | | |

- omvattende en sistematiese kennis en begrip oor verskillende velde in die linguistiek te toon;
- omvattende en sistematiese kennis en begrip oor ŉ taalkundige raamwerk vir Setswana te toon.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40%

| **Modulekode: TSNG673** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Setswana: Morfologie en fonologie

Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die leerder in staat wees om
- omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die morfologie en fonologie as taalwetenskaplike dissiplines te toon;
- ŉ ingeligte en kritiese begrip oor die verskillende benaderingswyses t.o.v. die morfologie en fonologie te toon;
- komplekse probleme en vraagstukke oor die woordanalise van Setswanawoorde in die linguistiek en taaltegnologie te identifiseer en te analiseer;
- omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die oorsaak van klankveranderinge, die omstandighede waarin dit voorkom en die raamwerk waarbinne dit plaasvind te toon;
- ŉ ingeligte en kritiese begrip oor die fonetiese prosesse wat voorkom by die vokale en die konsonante van Setswana te toon.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40%

| **Modulekode: TSNG674** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Setswana: Sintaksis

Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die leerder in staat wees om
- omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die sintaksis as taalwetenskaplike dissipline te toon;
- die vermoë om komplekse probleme en vraagstukke oor die struktuur van die enkelvoudige en saamgestelde sinne van Setswana te identifiseer en te analiseer;
- ŉ ingeligte en kritiese begrip oor die verskillende benaderingswyses t.o.v. die sintaksis te toon;
- komplekse probleme en vraagstukke oor die sintaktiese analise van Setswanasinne in die linguistiek en taaltegnologie te identifiseer en te analiseer.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 60%
Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40%

| **Modulekode: TSNG675** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Setswana: Semantiek

Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die leerder in staat wees om
- omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die semantiek as ŉ taalwetenskaplike dissipline en semantiese terminologie te toon;
- ŉ ingeligte en kritiese begrip oor die benaderingswyses t.o.v. die semantiek te toon;
- inligting oor die aspekte van die woord, woordgroep en die sin van Setswana te identifiseer, krities te analiseer te integreer en te evalueer;
- vaardig te wees in die vertaling van tekste na en van Afrikaans.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

| | | |
|---|---|---|
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 60%<br>Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40% | | |
| **Modulekode: TSNL671** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Setswana-letterkunde: navorsingsmetodologie en skripsie | | |
| Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die student in staat wees om<br>• omvattende en sistematiese kennis en begrip oor navorsingsmetodologie te toon;<br>• ŉ vasgestelde tema van die Setswana-letterkunde krities te analiseer in ŉ skripsie.<br>In hierdie module skryf die student ook ŉ skripsie wat voldoen aan die volgende vereistes:<br>• die omvang van die skripsie word bepaal in verhouding tot die onderwerp sodat ŉ aanvaarbare hoeveelheid navorsing daarin vervat kan word;<br>• die skripsie moet die vereiste wetenskaplike formaat vertoon, d.w.s. dit moet ŉ probleemstelling bevat wat op probleemvrae uitloop, daar moet duidelik doelstellings geformuleer word, asook ŉ sentrale teoretiese argument en die struktuur van die skripsie moet aangetoon word;<br>• in die skripsie moet ŉ samehangende en relevante argument ontwikkel word en daar moet tot gepaste gevolgtrekkings gekom word;<br>• die skripsie moet stilisties van goeie gehalte wees en alle verwysings en die bibliografie moet wetenskaplik korrek gedoen word;<br>• die standaard van die skripsie moet aanvaarbaar wees volgens die kriteria vir die honneursvlak. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Navorsingsmetodologie: opdragte en eksamen 1x3 uur – gewig: 30%<br>Skripsie – gewig: 70% | | |
| **Modulekode: TSNL672** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Setswana: Literêre teorie | | |
| Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die student in staat wees om<br>• ŉ ingeligte en kritiese begrip van kontemporêre benaderings tot die letterkunde te toon;<br>• omvattende en sistematiese kennis en begrip oor geselekteerde benaderings tot die letterkunde en die toepassing daarvan op Setswana-literêre tekste te toon. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 60%<br>Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40% | | |
| **Modulekode: TSNL673** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Setswana: Prosa | | |
| Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die student in staat wees om<br>• ŉ ingeligte en kritiese begrip van verskillende teoretiese aspekte van die prosa te toon;<br>• omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die toepassing van teoretiese aspekte op geselekteerde sub-genres van Setswana-prosatekste te toon. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 60%<br>Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40% | | |
| **Modulekode: TSNL674** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Setswana: Poësie | | |
| Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die student in staat wees om<br>• ŉ ingeligte en kritiese begrip van poëtiese konsepte te toon; | | |

| | | |
|---|---|---|
| • omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die toepassing van poëtiese konsepte op Setswana-poësie te toon. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 60%<br>Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40% | | |
| **Modulekode: TSNL675** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Setswana: Drama | | |
| Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die student in staat wees om<br>• ŉ ingeligte en kritiese begrip van teoretiese aspekte van dramatekste te toon;<br>• omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die toepassing van teoretiese aspekte op Setswana-dramatekste te toon. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 60%<br>Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40% | | |
| **Modulekode: TSNL676** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Setswana: Kinderliteratuur | | |
| Module-uitkomste: By voltooiing van die module moet die student in staat wees om:<br>• ŉ ingeligte en kritiese begrip van die teoretiese aspekte van kinderliteratuur te toon;<br>• omvattende en sistematiese kennis en begrip oor die toepassing van teoretiese aspekte op geselekteerde Setswana-kinderletterkundetekste te toon. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 60%<br>Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40% | | |

## L.10.14 TAALTEGNOLOGIE

| **Modulekode: TTEG672** | **Jaarkursus** | **NKR-Vlak: 8** |
|---|---|---|
| Titel: Navorsingsmetodologie en skripsie | | |
| Na afloop van hierdie module moet studente kan demonstreer dat hulle bekwame navorsers is, wat beteken dat hulle<br>• verskillende sienings van navorsing moet kan beskryf en kan toepas;<br>• die navorsingsproses moet kan beskryf en in hulle eie navorsing moet kan toepas;<br>• 'n eie projek moet kan ontwerp en 'n navorsingsvoorstel daarvoor moet kan skryf;<br>• die projek volgens goeie navorsingspraktyk moet kan uitvoer om betroubare resultate te kan bereik;<br>• 'n behoorlike essay (of navorsingsverslag van die projek) moet kan skryf.<br><br>In hierdie module skryf die student ook 'n **skripsie/artikel** wat voldoen aan die volgende vereistes:<br>• die omvang van die skripsie word bepaal in verhouding tot die onderwerp sodat 'n aanvaarbare hoeveelheid navorsing daarin vervat kan word;<br>• die skripsie moet die vereiste wetenskaplike formaat vertoon, d.w.s. dit moet 'n probleemstelling bevat wat op probleemvrae uitloop, daar moet duidelik doelstellings geformuleer word, asook 'n sentrale teoretiese argument en die struktuur van die skripsie moet aangetoon word;<br>• in die skripsie moet 'n samehangende en relevante argument ontwikkel word en daar moet tot gepaste gevolgtrekkings gekom word;<br>• die skripsie moet stilisties van goeie gehalte wees en alle verwysings en die bibliografie moet wetenskaplik korrek gedoen word; | | |

| | | |
|---|---|---|
| • die standaard van die skripsie moet aanvaarbaar wees volgens die kriteria vir die honneursvlak.<br>Die skripsie het die volgende verdere vereistes:<br>▪ ʼn taaltegnologiese toepassing te kan ontwikkel en uitvoer;<br>▪ gepaste metrieke vir die evaluering van toepassings te kan ontwikkel en toepas;<br>▪ ʼn projek selfstandig te bestuur;<br>• ʼn tegniese verslag oor ʼn projek te kan skryf. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Navorsingsmetodologie: werkstukke en eksamen (1x3 uur) — gewig 30%**<br>**Skripsie – gewig 70%** | | |
| **Modulekode: TTEG673** | **Semester 1** | **NKR-Vlak:8** |
| Titel: TAALTEGNOLOGIE: INTERNSKAP I | | |
| Module-uitkomste:<br>Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om<br>▪ in spanverband te kan werk aan die ontwikkeling van taaltegnologiese toepassings; | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Toetse en werkstukke — gewig: 100%**<br>**Eindeksamen 1X0 uur — gewig: 0%** | | |
| **Modulekode: TTEG674** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 8** |
| Titel: TAALTEGNOLOGIE: INTERNSKAP II | | |
| Module-uitkomste:<br>Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om<br>▪ taaltegnologiese probleme te identifiseer en oplossings ontwerp. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Toetse en werkstukke — gewig: 100%**<br>**Semestereksamen 1X0 uur — gewig: 0%** | | |
| **Modulekode: TTEG675** | **Semester 2** | **NKR-Vlak: 8** |
| Titel: NATUURLIKETAALPROSESSERING: GEVORDERD | | |
| Module-uitkomste:<br>Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om<br>▪ gevorderde beginsels van Natuurliketaalprosessering te kan toepas;<br>▪ gevorderde woord- en sinsontleding met behulp van die rekenaar te kan doen;<br>▪ ʼn verskeidenheid van grammatikas te kan skryf en gebruik;<br>▪ insig te hê in inligtingsonttrekking en tekskategorisering. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>**Toetse en werkstukke — gewig: 60%**<br>**Semestereksamen 1X6 uur — gewig: 40%** | | |

## L.10.15 SKRYFKUNS

| **Modulekode: SKRK671** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|
| Titel: Genreteorie en Afrikaanse Literatuurgeskiedenis vir Skeppende Skrywers | | |
| Module-uitkomste: By suksesvolle voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om die volgende te demonstreer: | | |

| |
|---|
| • uitgebreide en verdiepte kennis en begrip van die historiese ontwikkelinge in gekose literêre genres sedert die begin van die twintigste eeu tot die hede;<br>• kritiese analise van relevante literêre tekste in terme van toepaslike teoretiese raamwerke;<br>• integrasie en kontekstualisering van teorie en teksanalises op beplande, metodologiese en verantwoorde wyses;<br>• die vermoë om verskyningsvorme van estetiese werkswyses in die gekose literêre genres aan te toon en krities te bespreek;<br>• begrip van verskillende beskouings oor waardes en etiek met verwysing na die verhouding tekste, werklikheid en waardesisteme, om sodoende op verantwoorde wyse eie beskouings in hierdie verband te vorm;<br>• die vorming van eie oordele oor geanaliseerde tekste in ooreenstemming met norme wat eties en professioneel geag word in die literatuurstudieveld. |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 60%<br>Eindeksamen 1X3 uur — gewig: 40% |

## L.10.16 SOSIALE ANTROPOLOGIE

| Modulekode: SANL671 | Jaarkursus | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Navorsingsprojek | | |
| Module-uitkoms: Die suksesvolle voltooiing van die module impliseer die beplanning, uitvoer en rapportering van ŉ etnografiese navorsingsprojek aan die hand van Sosiale Antropologiese teorie en metodologie onder die toesig van ŉ studieleier. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Navorsingsvoorstel – gewig: 30%<br>Navorsingsprojek – gewig: 70% | | |

## L.10.17 SOSIOLOGIE

| Modulekode: SOCL611 | Semester 1 | NKR-vlak: 8 |
|---|---|---|
| Titel: Sosiale teorieë | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ŉ omvattende en sistematiese kennis van geselekteerde sosiale teorieë te demonstreer;<br>• in staat te wees om die teorieë onafhanklik en krities te kan vergelyk,<br>• die teorieë op komplekse kontekste toe te pas en die betoog volgens akademiese konvensies te kommunikeer. | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| **Modulekode: SOCL612** | **Semester 1** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Navorsingsmetodologie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• omvattende en geïntegreerde kennis te demonstreer van begrippe, temas en metodes wat verband hou met sosiale navorsingsmetodologie; | | |

- navorsingsmetodes eties aanneemlik en in abstrakte individuele en groepprojekte toe te pas.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| **Modulekode: SOCL621** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Sosiologie van Ontwikkeling

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om

- ŉ samehangende en kritiese begrip van die belangrikste teorieë van ontwikkeling te demonstreer;
- bewys te lewer van ŉ omvattende, afgeronde, geïntegreerde en sistematiese kennis van die verhouding tussen die industrie en ontwikkeling, van die belangrikheid van inligting en kommunikasie vir ontwikkeling asook van die moontlikhede en beperkings van inisiatiewe vir deelnemende ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse omgewing;
- die vermoë te toon om onbekende probleme binne die raamwerk van volhoubaarheid, omgewingsbewustheid, menslike-hulpbron ontwikkeling asook globalisering op te los deur die toepas van vaardighede om inligting te versamel, te ontleed en te interpreteer;
- hierdie inligting deur goed gestruktureerde argumente aan ŉ akademiese gehoor kan verduidelik en dit verdedig.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| **Module code: SOCL 625** | **Jaarkursus** | **NQF vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Bedryfsosiologie

Die student sal bewys dat hy/sy die uitkomste van hierdie module bereik het wanneer hy / sy:

- ‘n Omvattende, stelselmatige en geïntegreerde kennis kan demonstreer oor die wyse waarop Bedryfsosiologie in organisatoriese opsette gebruik word;
- Krities kan teoretiseer oor tegnieke vir die toepassing van Sosiologie in eie professionele aktiwiteite, asook die wyses kan toepas en ontwikkel waarop Bedryfsosiologie toegepas kan word met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks; en
- Oplossings op probleme en beskouings oor debatte wat om Bedryfsosiologie sentreer op ‘n eties aanvaarbare wyse deur middel van individuele en/of groepbesprekings kan kommunikeer.

Metode van aflewering: Voltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke – gewig: 50%
Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50%

| **Modulekode: SOCL 671** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

Titel: Navorsingsprojek

Module-uitkoms: Die suksesvolle voltooiing van die module impliseer die beplanning en uitvoer van ŉ navorsingsprojek aan die hand van die behandelde navorsingsmetodologiese beginsels en tegnieke in SOCL612.

Assesseringsmetodes:
Navorsingsvoorstel – gewig: 30%
Navorsingsprojek – gewig: 70%

**Modulekode: SOCL 621**

| Titel: Groepsdinamika | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
|---|---|---|

| | | |
|---|---|---|
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ŉ uitgebreide, sistematiese en geïntegreerde kennis oor die wyse waarop Groepsdinamika figureer binne verskillende institusionele kontekste;<br>• tegnieke te ontwikkel vir die toepassing van sosiologie in 'n mens se professionele werksaamhede en dit krities te beredeneer, sowel as die maniere waarop Groepsdinamika met spesiale verwysing na die Suid-Afrikaanse konteks toegepas kan word;<br>• oplossings van probleme en standpunte oor debatte wat gesentreer is op Groepsdinamika in 'n eties-aanvaarbare wyse deur middel van individuele en / of groepbesprekings oor te dra. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| **Modulekode: SOCL627** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Vrouestudie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ŉ uitgebreide en sistematiese kennis te toon van die geskiedenis en ontwikkeling van Vrouestudie, teoretiese debatte en temas binne die veld;<br>• ŉ vermoë te toon om individueel en/of in groepverband inligting te versamel, ontleed, te sintetiseer en evalueer, deur onbekende en abstrakte probleme op ŉ eties aanvaarbare manier te help oplos. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| **Modulekode: SOCL628** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Lesbiese, Gay, Biseksuele en Transgenderstudie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om<br>• ŉ omvattende, sistematiese en geïntegreerde kennis te demonstreer van debatte, teorieë en akademiese werke wat fokus op lesbiese, gay, biseksuele, transgender en ander seksuele minderhede binne die raamwerk van moderne en post-moderne teorieë;<br>• ŉ vermoë te toon om individueel en/of in groepverband inligting te versamel, ontleed, te sintetiseer en evalueer, deur onbekende en abstrakte probleme op ŉ eties aanvaarbare manier te help oplos. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% | | |
| **Modulekode: SOCL629** | **Semester 2** | **NKR-vlak: 8** |
| Titel: Sosiologie van Suid-Afrika | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om | | |

| |
|---|
| • ’n afgeronde en sistematiese kennis te toon van verskeie temas in Sosiologie binne die Suid-Afrikaanse konteks;<br>• die vermoë te demonstreer om ingewikkelde Suid-Afrikaanse sosiale kwessies te ontleed en met teorie-gedrewe argumente te beredeneer;<br>• ’n vermoë te toon om individueel en/of in groepverband inligting te versamel, ontleed, te sintetiseer en evalueer, deur onbekende en abstrakte probleme op ’n eties aanvaarbare manier te help oplos. |
| Metode van aflewering: Voltyds |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Semestereksamen 1x3 uur – gewig: 50% |

## L.11 MODULE-UITKOMSTE: MAGISTERGRADE

### L.11.1 ALGEMENE TAAL- EN LITERATUURWETENSKAP

<table>
<tr><th>Modulekode: ATLW874</th><th>Jaarkursus</th><th>NKR-vlak: 9</th></tr>
<tr><td colspan="3">Titel: Algemene Taal- en Literatuurwetenskap: Gevorderde inleiding</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste: Die student moet die vermoë demonstreer om<br>• die aard en inhoud van Algemene Taal- of Algemene Literatuurwetenskap te begryp;<br>• kennis onafhanklik te kan verwerf, te beheers, toe te pas, te ontleed, te integreer en gefundeerd te kan evalueer;<br>• toepaslike literêre of linguistiese teorieë te kan beheers;<br>• toepaslike metodologieë vir die studie te kan identifiseer en te kan toepas;<br>• op grond van inhoudelike en teoretiese kennis ŉ ingeligte eie standpunt te kan formuleer.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Eindeksamen: 1X3 uur – gewig: 50%</td></tr>
<tr><th>Modulekode: ATLW875</th><th>Jaarkursus</th><th>NKR-vlak: 9</th></tr>
<tr><td colspan="3">Titel: Algemene Taal- en Literatuurwetenskap: Temas en tendense</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste: Na voltooiing van hierdie module moet die student -<br>• die aard en omvang van die taal- of literatuurwetenskap kan beskryf;<br>• nuwe tendense in die taal- of literatuurwetenskap kan beskryf, kan toepas en kan evalueer binne breër raamwerke van die dissipline;<br>• relevante temas binne die dissipline kan beskryf en in verband kan bring met nasionale en internasionale literêre of linguistiese probleme</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke – gewig: 50%<br>Eindeksamen: 1X3 uur – gewig: 50%</td></tr>
</table>

### L.11.2 FILOSOFIE

<table>
<tr><th>Modulekode: FILM878</th><th>Jaarkursus</th><th>NKR-vlak: 9</th></tr>
<tr><td colspan="3">Titel: Moderne en kontemporêre Filosofie</td></tr>
<tr><td colspan="3">Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student<br>• beskik oor ŉ omvattende en sistematiese kennis van belangrike<br>  ▪ moderne en/of kontemporêre filosowe;<br>  ▪ moderne en/of kontemporêre filosofiese tekste;<br>  ▪ moderne en/of kontemporêre filosofiese strominge.<br>• tekste van en oor die moderne filosofie met behulp van basiese metodes van analise en interpretasie kan bestudeer, ten einde dit<br>• te kan rekonstrueer en evalueer vanuit gevestigde strominge in die filosofie (waaronder die Reformatories-Christelike standpunt) en vanuit sy/haar eie standpunte oor die moderne en / of kontemporêre denke,<br>• en op tipies filosofiese wyse ŉ bewysgebaseerde verslag skryf of aanbieding doen oor bevindinge.</td></tr>
<tr><td colspan="3">Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds</td></tr>
<tr><td colspan="3">Assesseringsmetodes:<br>Werkstukke — gewig: 50%<br>Eksamen (huistoeneem-vraestel) 1X48 uur — gewig 50%</td></tr>
<tr><th>Modulekode: FILM879</th><th>Jaarkursus</th><th>NKR-vlak: 9</th></tr>
<tr><td colspan="3">Titel: Christelike Filosofie</td></tr>
</table>

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student

- beskik oor ŉ omvattende en sistematiese kennis van enkele prominente Christelike filosowe, ŉ aantal prominente Christelik-filosofiese tekste, asook
- ŉ ingeligte en kritiese begrip hê van Christelike idees oor onder andere die aard van die huidige tyd en denke (bv. modernisme, postmodernisme, rasionalisme, irrasionalisme ens.),
- die ontstaan, voortbestaan, gestruktureerdheid, asook eenheid en verskeidenheid van die werklikheid (ontologie),
- die verhouding tussen die werklikheid en menslike kennis (kenteorie),
- die tekste van Christelike filosowe met behulp van basiese metodes van analise en interpretasie kan bestudeer, ten einde dit
- te kan rekonstrueer en evalueer,
- en op tipies filosofiese wyse ŉ bewysgebaseerde verslag skryf of aanbieding doen oor bevindinge.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Eksamen (huistoeneem-vraestel) 1X48 uur — gewig 50%

| **Modulekode: FILM880** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 9** |
|---|---|---|

Titel: Sistematiek I

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student

- beskik oor ŉ omvattende en sistematiese kennis van enkele vraagstukke binne ŉ subdissipline van die filosofiese Sistematiek (bv. die Filosofiese Metodologie, Wetenskapsfilosofie, Ontologie, Epistemologie, Kosmologie of filosofiese Antropologie).
- tekste oor die problematiek van die subdissipline met behulp van basiese metodes van analise en interpretasie kan bestudeer, ten einde dit
- te kan rekonstrueer en evalueer vanuit heersende strominge in die filosofiese Sistematiek en vanuit sy/haar eie standpunte,
- en op tipies filosofiese wyse ŉ bewysgebaseerde verslag skryf oor bevindinge.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Eksamen (huistoeneem-vraestel) 1X48 uur — gewig 50%

| **Modulekode: FILM881** | **Jaarkursus** | **NKR-vlak: 9** |
|---|---|---|

Titel: Sistematiek II

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student

- beskik oor ŉ omvattende en sistematiese kennis van ŉ filosofiese deeldissipline binne die filosofiese Sistematiek (bv. die Kultuurfilosofie, Sosiale en Politieke Filosofie, Taalfilosofie, Godsdiensfilosofie, Estetika of Etiek),
- voorgeskrewe tekste met behulp van basiese metodes van analise en interpretasie kan bestudeer, ten einde dit
- te kan rekonstrueer en evalueer vanuit gevestigde denkstrominge en vanuit sy/haar eie standpunte oor die betrokke deel- of aanverwante dissipline,
- en ŉ bewysgebaseerde verslag skryf oor bevindinge.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Toetse en werkstukke — gewig: 50%
Eksamen (huistoeneem-vraestel) 1X48 uur — gewig 50%

## L.11.3 GESKIEDENIS

| Modulekode: HIST871 | Jaarkursus | NKR vlak: 9 |
|---|---|---|
| Titel: Geskiedenis | | |
| Module uitkomstes: Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde navorsing te onderneem in aspekte van die geskiedenis en daaroor verslag te lewer op ‘n wetenskaplike wyse. Die module sal die student voorberei om gevorderde studie te onderneem. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Verhandeling — gewig: **100%** | | |
| **Modulekode: HISP871** | **Jaarkursus** | **NKR vlak: 9** |
| Titel: Kultuurgeskiedenis | | |
| Module uitkomstes: Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde navorsing te onderneem in aspekte van kultuurgeskiedenis en daaroor verslag te lewer op ‘n wetenskaplike wyse. Die module sal die student voorberei om gevorderde studie te onderneem. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Verhandeling — gewig: **100%** | | |
| **Modulekode: EKTP871** | **Jaarkursus** | **NKR vlak: 9** |
| Titel: Erfenis en Kultuurtoerismebestuur | | |
| Module uitkomstes: Na voltooiing van die module sal die student in staat wees om gevorderde navorsing te onderneem in aspekte van erfenis en kultuurtoerismebestuur en daaroor verslag te lewer op ‘n wetenskaplike wyse. Die module sal die student voorberei om gevorderde studie te onderneem. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Verhandeling — gewig: **100%** | | |

## L.11.4 GRAFIESE ONTWERP

| Modulekode: GRFN811 | Semester 1 | NKR-vlak: 9 |
|---|---|---|
| Titel: Ontwerpteorie en navorsingsmetodologie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om<br>• ŉ uitgebreide en sistematiese kennis en koherente en kritiese begrip, beide mondeling en skriftelik te kan demonstreer van geselekteerde toepaslike vakfilosofiese temas binne n bepaalde spesialiseringsrigting in die grafiese ontwerpveld;<br>• ŉ gevorderde vermoë tot metodologiese oriëntering en paradigmas binne grafiese ontwerp ondersoekvelde te toon;<br>• gevorderde vakfilosofiese en teoretiese paradigmas wat die visuele kunste en ontwerp ten grondslag lê, te kan toepas in navorsing;<br>• bemeestering van die verloop van navorsing en navorsingsmetodes (waar onder kritiese bestudering en sintese van literatuur), -tegnieke en –tegnologieë toepaslik vir grafiese ontwerp te demonstreer in die identifisering van ŉ navorsingsprobleem (of analise van visuele of ontwerpartefakte) en ontwikkeling van ŉ navorsingsvoorstel onder begeleiding van ŉ studieleier. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Toetse en werkstukke — gewig: 100% | | |

| Modulekode: GRFN874 | Jaarkursus | NKR-vlak: 9 |
|---|---|---|
| Titel: Grafiese Ontwerp: Proses | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student<br>• bewys te kan lewer dat hy/sy die teorie kan assimileer en toepas op die praktiese proses en praktyk van Grafiese Ontwerp;<br>• oor die bogenoemde toepassing in die praktyk teoreties te kan reflekteer, en beide visuele en geskrewe verslag daaroor te kan doen deur gebruik te maak van praktykgebaseerde navorsingmetodes. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Werkstukke en Prosesverslag — gewig: 100% | | |

| Modulekode: GRFN875 | Jaarkursus | NKR-vlak: 9 |
|---|---|---|
| Titel: Grafiese Ontwerp: Praktiese portefeulje | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student<br>• gevorderde kennis van ontwerppraktykvaardighede te kan analiseer en korrek toe te pas ten opsigte van spesifieke ontwerpprobleme, soos byvoorbeeld reproduksietegnieke;<br>• selfstandig professionele praktykbeginsels sintetiseer en die gepaste dimensies daarvan deur middel van ontwerp laat geskied;<br>• selfstandig en doeltreffend met kliënte te kan skakel;<br>• selfstandig die verloop van die ontwerpproses en ontwerpprobleemoplossing vanaf die fase van konseptualisering tot die reproduksie daarvan suksesvol te kan afhandel. Dit impliseer die analise, sintese en evaluasie van die kreatiewe proses;<br>• die teoretiese aspekte rondom ontwerppraktykvaardighede te kan toepas en verbaal te kan kommunikeer;<br>• ŉ finale profesionele portefeulje saam te stel wat ŉ verskeidenheid ontwerpprodukte tentoonstel. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Werkstukke en portefeulje — gewig: 100% | | |

| Modulekode: GRFN874 | Jaarkursus | NKR-vlak: 9 |
|---|---|---|
| Titel: Skripsie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van hierdie module behoort die student<br>• ŉ navorsingsprojek onder begeleiding van die studieleier uit te voer en ŉ mini-skripsie te skryf, wat getuig van kritiese denke, akademiese insig en kommunikasievaardighede;<br>• die vermoë te demonstreer om die resultate van die navorsing op akademies-professionele wyse in ŉ mondelinge voorlegging aan leke en vakspesialiste, waartydens gebruik gemaak word van toepaslike media. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |
| Assesseringsmetodes:<br>Skripsie — gewig: 100% | | |

## L.11.5 KOMMUNIKASIESTUDIES

| Modulekode: KOMP811 | Semester 1 | NKR-vlak: 9 |
|---|---|---|
| Titel: Teorie | | |
| Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om<br>• gevorderde kennis en begrip te kan demonstreer van geselekteerde toepaslike teoretiese temas binne een van die volgende spesialiseringsrigtings: Grafiese Ontwerp of Videoproduksie. | | |
| Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds | | |

Assesseringsmetodes:
Werkstukke — gewig: 60%
Semestereksamen 1X3 uur — gewig: 40%

| Modulekode: KOMP872 & 873 | Jaarkursusse | NKR-vlak: 9 |
|---|---|---|

Titel: Spesialisering projek A & B

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- bewys te kan lewer dat hy/sy toepaslike teorie van toepassing kan maak op die praktyk van een van die volgende spesialiseringsrigtings: Grafiese Ontwerp of Videoproduksie;
- oor die bogenoemde toepassing in die praktyk teoreties te kan reflekteer en ŉ verslag daaroor te kan skryf.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Werkstukke en / of praktikum — gewig: 60%
Aanbieding van seminaar 1X2 uur — gewig: 30%

| Modulekode: KOMP874 | Jaarkursus | NKR-vlak: 9 |
|---|---|---|

Titel: Navorsingsprojek

Module-uitkomste: Ná suksesvolle voltooiing van die module sal die student in staat wees om

- bewys te lewer van navorsingsvaardighede en wetenskaplike verslagdoening in die skryf van ŉ kort skripsie.

Metode van aflewering: Voltyds en deeltyds

Assesseringsmetodes:
Skripsie — gewig: 100%

## L.11.6 MUSIEK

